

## 9 GEBED AS DIÉ OEFENING VAN DIE GELOOF

Gebed is die eenvoudige geloofsdaad waarin ons die weldade van God aanneem. Die daad waarin ons God se genade aanvaar en so God se wil doen. Die genade aanvaar beteken dat die mens homself as sondaar ken en God se genade aanneem. Eers in gebed ontdek die mens sy eie nood, maar ook God se genade. God bring ons tot hierdie besef en terselfdertyd is Hy ons tot hulp. Die gebed is die antwoord van die mens wat sy eie nood besef en weet dat daar vir hom hulp is.<sup>846</sup> Gebed is in die sin geen verdienste van die mens se kant nie; die mens staan geheel en al as ontvanger voor God. In die aanvaarding van dit wat God in Jesus gedoen het; het die mens die vryheid om te bid. Ontvanger wees mag die indruk skep dat die mens passief agteroor sit. Daarom word die mens opgeroep tot gebed. Hier kom die geheim van God se genadewerk in die mens na vore. Die mens werk, maar weet terselfdertyd dat dit God is wat ons werk verwerklik. Gebed is die gestalte van ons gehoorsaamheid wat ons in verbinding met God self bring; ons toelaat om met God saam te werk. So het die hervorming nie plaasgevind sonder die deelname van mense soos Luther en Calvyn en vele andere nie. God werk en laat mense toe om saam te werk. Veral deur hulle ootmoedige en vrymoedige gebede.<sup>847</sup>

### 9.1 Gebed as 'bede' en 'dank'

Ons sou die basiese struktuur van gebed, as daad van die mens, kon saamvat as 'bede' en 'dank'. Saam met die teologiese grondbegrippe van Calvyn, uitgedruk in terme van 'Godskennis' en 'selfkennis' is ook die inhoud van gebed duidelik. Die ellende van die mens dring hom tot gebed en God se goedheid dring hom tot 'dank' maar ook tot 'bede'. Daaruit blyk vir Calvyn die voorrang van gebed as 'bede' of 'versoek'. Juis in gebed as 'bede' kom sy godsbegrip na vore as 'God vir ons'. Veral in die 'bede' word God reg geëer as Vader; ook daarin geëer dat 'bede' nooit sonder 'dank' kan wees nie.<sup>848</sup> Dankbaarheid begin in gebed, tog strek 'dank' verder as gebed. In gebed as 'bede' kom beide die mens se ellende sowel as God se goedheid na vore; God wil hê dat die mens van Hom afhanklik moet wees; Hy stel homself bekend as Helper in nood.<sup>849</sup>

<sup>846</sup> Barth 1965:35.

<sup>847</sup> op cit 38 en 39.

<sup>848</sup> By Calvyn is alle gebede 'gebedsversoeke'; sy voorlesingsgebede begin met die woorde 'Da Omnipotens!' ook Barth stel 'bede' in die sentrum van gebed. KD III. 3 hfs 49.4. in navolging van die Geneefse Kategismus. 'Glaube heißt im Grunde Beten und Gehorchen heißt im Grunde auch Beten ... [U]nd gerade in unserem Zusammenhang, im Blick auf Gottes Vorsehung und Weltherrschaft und auf das christliche Verhalten ihr gegenüber, ist es darum nötig, in ganz Besonderen vom Gebet zu reden, ... Beten in erste Linie – und alles Andere beherrschend und in sich schließend - das heißt Bitten.' (Barth KD III/3 301 en 304)

<sup>849</sup> 'Dit is tewens sy wil – en tereg ook so – dat aan Hom gegee word wat Hom toekom, naamlik wanneer Hy as Gewer aanvaar word van alles wat die mens begeer en waarvan hulle voel dat hulle dit tot hulle voordeel vra en dit met hulle gebede bewys.' (*Inst.* III, 20, 3, 1079) Sien ook 1 Tim 2. 'That, above all, prayers be made. First, he speaks of public prayers, which he enjoins to be offered, not only for believers, but for all mankind.' (*Com.* 1 Tim 2:1) Ook in die Geneefse Kategismus word die gebed as daad van Godsverering beskryf, wat daarin bestaan dat ons

## 11 'N GEREFORMEERDE LEER VAN RAHNER EN CALVYN

'n Gereformeerde leer die volgende van Rahner: Gebed as algemeen menslike verskynsel vra die vraag na die logika van die geloof; 'n logika wat groter is as die verstand; 'n logika wat die hart van die mens raak. Rahner wys daarop dat in ons algemeen menslike ervaring 'n logika voorkom waarvolgens rasionaliteit en ervaring nie geskei is nie. Ook geloof en die ervaring van menswees is nie te skei is nie. Die ervaring van die Geheimenis, van God wat ons verstand te bowe gaan, staan nooit los van die ervaring van menswees nie. Rahner meen dat ervaring vandag die sterkste argument vir die geloof kan wees. Hierdie ervaring definieer hy op 'n positiewe wyse as die aanvaarding van eie menswees. Die logika van die geloof staan nie los van die aanvaarding van eie menswees in liefde en genade nie. Die mens kan hierdie waarheid selfondersoekend ontdek. Die vraag wat ons egter na aanleiding van Rahner se voorstel stel, is: Is 'n teologiese stelling alleen waar in soverre die mens dit ervaar of is 'n teologiese stelling waar omdat dit vir die geloof waar is? Is 'n teologiese stelling waar in soverre dit die mens tot selfaanvaarding bring? Dit lyk asof ons vanuit die gereformeerde tradisie met twee onversoerbare stellings te doen het: selfaanvaarding en geloof in God.

Die oogmerk van hierdie studie is juis om aan te toon dat hierdie twee aspekte nie vanuit die menslike subjek met mekaar versoen kan word nie. Vanuit die menslike subjek eindig enige poging tot versoening uiteindelik in die mistiek.

Rahner se voorstel wys ons reeds in die rigting waarin versoening moontlik is, naamlik gebed. Vir ware gebed is dit egter nodig dat ons die logika van die geloof leer anders eindig gebed as selfgesprek. Die logika van die geloof is vir die Reformatore ontsluit in die herontdekking van die duidelikheid van die Skrif. Eers in die ervaring van God se goedheid kom die mens waarlik tot aanvaarding van homself. Hierdie ervaring word moontlik gemaak deur die Woord en die Gees. Ons kan praat van 'n goddelike spanpoging. Hierdie ervaring staan nie los van die geloof nie. Hier is dus nie sprake van een of ander mistieke eenwording tussen God en mens nie.

Daar is dus 'n definitiewe onderskeid tussen Rahner en Calvin se voorstelle. Kolfhaus wys in sy werk *'Christus gemeinschaft bei Johannes Calvin'* op die feit dat uitdrukkings wat by die mistici voorkom nie vreemd is aan Calvin nie. Calvin beklemtoon ook die werk van die Gees. Hy beklemtoon egter die 'Heilige Gees' as Gees van Christus.<sup>1068</sup>

---

<sup>1068</sup> 'Vereinigung mit Christus, Eingepflanzt- oder Einverleibtsein in ihn, Sein in Christus, mit ihm zu einem Körper zusammenwachsen, unio mystica, Abtötung, Zunichte-gemachtwerden, Selbstverleugnung, Christusgenießen: alle Ausdrücke, die uns aus der Geschichte der Mystik aller Zeiten wohl bekannt sind, und manche andere begegnen uns auf Schritt und Tritt bei Calvin.' (Kolfhaus, 1939:125)

Die Heilige Gees openbaar nie nuwe waarhede nie. Die Heilige Gees onderskryf en bevestig die Leer van Christus. Dit wat as grondtrek by die mistiek na vore kom as ‘*eine Unmittelbarkeit zu Gott*’ is by Calvyn afwesig.<sup>1069</sup>

Geen ervaring van die genade staan los van Christus nie. Alleen om Christus ontwil is God ons genadig. Alleen deur gemeenskap met Christus leer ons God waarlik ken. Hierdie gemeenskap met Christus is geen mistieke eenwording of opheffing van die menslike persoon nie. Hierdie gemeenskap word tot stand gebring deur die Heilige Gees wat in vryheid deur die evangelie die geloof in ons werk.<sup>1070</sup>

Die kennis van die geheimenis van God is dus nie iets wat die mens vanuit homself, al is dit deur ‘n oorskryding van die grense van die logika, soos by Rahner, moeitewol kan bereik nie. Ons het verwys na die ontwikkelinge rondom die ‘misterie’ begrip in die vroeë kerk. Die misterie begrip kan nie vanuit ‘n algemene sinsleer verstaan word, losgemaak van sy Bybelse verbande, nie.

Die gemeenskap met Christus beteken nie die ervaring van allerlei geestelike genietinge nie, maar verbondenheid met Christus bewerk deur die Heilige Gees.

Die mistieke begrippe wat dus by Calvyn voorkom het ‘n heel ander inhoud en draagwydte. Dit staan nooit los van die gawe van die geloof en die werk van die Heilige Gees nie. Die ervaring waarvan Calvyn praat is van ‘n ander oorsprong: die hoor van die Woord van God. Die wysheid van die Woord versak al ons menslike wysheid.<sup>1071</sup>

Ons geloof wag nie op buitengewone ingewings van die ‘Gees’ nie; ons geloof kan niks anders doen as om Christus te aanskou nie. Ons geloof het genoeg aan die rykdom van die Woord van God waarin ons die wil van God duidelik vind. Ons probleem is nie ‘n gemis aan openbaringe nie, maar ons traagheid om te bid. Wat Calvyn skei van die mistiek is sy onvoorwaardelike onderwerping aan die Woord en ‘n lewe uit die Woord.

Waar die mistici God se geheimenis wil ervaar en so die afgrond tussen God en mens oorbrug, waarsku Calvyn hierteen. Calvyn wys ons op die genoegsaamheid van die Woord; die Woord wat die Reformasie herontdek in die duidelikheid van die Skrif; in sigself dooie letters, maar lewend gemaak deur die saak waarvan die letters getuig, Jesus Christus. As instrument van die Heilige Gees is die Skrif God se lewende Woord. Dit gaan dus nie om ‘n selfbematigende

---

<sup>1069</sup> Hy beskryf die grondtrekke van die mistiek as volg: ‘... das Bemühen des Menschen um unmittelbare Gemeinschaft mit Gott, um ein Versinken in die Gottheit mit seiner Lust und seinem Schmerz, um das “Entwerden” des Menschen durch Meditation, Askese, Gebet oder irgendein anderes Mittel, um das Aufgenommensein in Gott, um ein Genießen der Heilsfülle in Momenten tiefsten Eingehens in Gott, sei es in oder ohne Zusammenhang mit Ekstase oder Visionen oder mit sonst einer Form des Außersichseins.’ (op cit 126)

<sup>1070</sup> ‘... über dem ganzen Weg steht geschrieben: Alles dies wirkt der Heilige Geist, der in seiner Freiheit durch das Evangelium den Glauben in uns erweckt.’ (op cit 127)

<sup>1071</sup> ‘Wie sein Freund und Lehrer M. Butzer betonte Calvin im Gegensatz zu dem “inneren Wort” der Mystiker und Schwärmer die entscheidende Bedeutung der Heiligen Schrift für unser Glauben und Leben. Statt herabzusteigen in die eigenen Seelentiefen, “muss der Glaube seine Wurzeln tief in Gottes Wort hineingesenkt haben.”’ Verwys na C O. 48, 317 (op cit 128)

ervaring van God se heerlikheid nie, maar om ‘n gehoorsame luister na die Woord; om ‘n voortgaande erkenning van Jesus Christus wat ons deel gemaak het van sy liggaam en dag vir dag sy gawes in ons vermeerder.<sup>1072</sup> Christelike ervaring beteken niks as dit nie gegrond is in die kennis van die geloof in Jesus Christus nie.

Ook Calvyn kan van die ‘geniet’ van God praat. Hierdie ‘geniet’ is vir Calvyn anders as die ‘geniet’ van die mistiek, die ‘geniet’ van God in Christus. Dit beteken dat ons nie in direkte aanskouing voor God kan staan nie, maar alleen as gehoorsame kinders voor ‘n Vader. Ons maak nie van ons kant hierdie gemeenskap met God moontlik, buite Christus om as die Weg wat God self oopgemaak het, nie.<sup>1073</sup> Elke tree bly ons aangewese op Christus; op die belofte van die vergifnis van ons sondes.<sup>1074</sup>

Die gedagte van ‘ons gemeenskap met Christus’ stel grense aan ons sondige menswees. Hierdie grense vra juis dat ons ons heilsekerheid by Christus soek en nie verdwaal in ‘n labirint van eie ervarings nie.

Dit maak nie van Calvyn ‘n vryblywende toeskouer nie, hy bly ervaringsmatig betrokke in die geloof. Tog kan Calvyn nie God se Raad meet aan eie gedagtes en spekulasies nie.<sup>1075</sup> In die gemeenskap met Christus het die geloof nie ‘n behoefte aan verdere openbarings en ervarings nie; die geloof het alles wat nodig is vir tyd en ewigheid.

‘n Goeie voorbeeld van hoe Calvyn met mistieke begrippe omgaan is die begrip ‘selfverloëning’. Soos Bernard van Clairvaux leer Calvyn ook selfverloëning; tog kry selfverloëning ‘n ander wending wanneer Calvyn beklemtoon dat selfverloëning niks bereik sonder die geloof nie. Die gemeenskap met Christus deur die geloof is vir Calvyn die enigste en sekere weg tot die hart van God.<sup>1076</sup>

Die vroomheid van Bernard van Clairvaux het twee fokuspeunte: die kerk en die ervaring van vrome siele. Calvyn was dit met Bernard van Clairvaux eens oor die eerste punt, die tweede het hy vermy. In die middelpunt was nie die vrome met sy ervarings nie, maar Christus en die lewe wat die gelowiges van Hom ontvang.<sup>1077</sup>

---

<sup>1072</sup> ‘Der Schlüssel des Himmelreichs ist die gnädige Annahme Gottes, von der wir aus dem Wort wissen.’ C O. 45, 349. (op cit 130)

<sup>1073</sup> *Deus se nobis fruentum in Christo dedit.* C O. 45, 69.

<sup>1074</sup> ‘... nachdem der Geist Gottes uns dem Leib seines Sohnes eingepflanzt habe, müsste wir alles zum Heil Notwendige suchen in der Gnade unseres Herrn Jesus Christus.’ Calvyn se preek uit Gal. 2:15-16. (C O. 50, 425-570)

<sup>1075</sup> ‘Wir können Gott nur hören, wenn wir uns seinem Befehl unterwerfen.’ (C O. 31, 766)

<sup>1076</sup> ‘Der Herr ist nahe ... wenn die Stimme des Evangeliums ertönt.’ Jes 55:6. (C O. 37, 288)

<sup>1077</sup> Sien Calvyn se opmerking aan Sadoletto waarna ons reeds verwys het. Wat Calvyn van homself sê is niks anders as die belydenis op sy sterfbed 28 April 1546. ‘Alles, was ich getan, ist im Grunde nichts wert, und ich bin eine erbärmlichen Kreatur. Nur das darf ich von mir sagen, dass ich jederzeit das Gute wollte, dass meine Fehler mir immer mißfallen haben, dass die Wurzel der Gottesfurcht wahrhaftig in meinen Herzen war. In meiner Lehre war ich treu und sorgsam, auch bei meinen Schriften hat mir Gott Gnade gegeben, ernst und gewissenhaft zu Werke zu

Calvyn se heilservaring ken maar een grond: die gesproke en vleesgeworde Woord van God waardeur ons aan God verbonde is en waardeur ons steeds aangespoor word om God te seek.

Daaruit ontspring 'n Godsverhouding wat onafhanklik is van die stemminge van die ervaring.

Tog staan Calvyn nie vreemd aan die dieptes van menslike ervaring nie.<sup>1078</sup>

Dat Christus in ons woon beteken vir Calvyn dat ons aan sy Woord gebonde is, om nie buite sy Woord om ander openbarings te seek nie.

In ooreenstemming hiermee gebruik Calvyn ook die begrip 'ervaring'. Waar die mistici op hulle ervarings as iets besonders naas die Skrif wys, sien Calvyn die ervaring 'n troue wagter wat met opgehefte vinger wys op die werklikheidserns van die Woord. Die ervaring bevestig die betroubaarheid van die Woord. Die Woord staan nooit los van die geloof nie. Calvyn gebruik die beeld van die moeder om die verhouding tussen Woord en geloof uit te druk. Die Woord leer ons die logika van die geloof: die geloof onderskryf wat God sê; dit is vas oortuig dat sal gebeur wat God belowe. Dis die Woord waardeur God Homself aan ons verbind het wat in ons gedagtes moet bly. Calvyn lê ook soos die ander Reformatore klem op die gepredikte Woord. Geloofervaring staan nooit los van die aanvaarding van God se Woord soos verkondig deur mense nie. Calvyn verwys ook dikwels na die 'rus van die geloof'. Hiermee bedoel hy nie 'n mistieke toestand van vrede nie, maar 'rus' in die Woord van God. In elke lewenstryd hou die Woord ons staande. Die doel van die evangelie is juis die rustige stille geloof, gebou op die Woord en bevestig deur die tekens van die sakramente.

Die belangrikste verskilpunt tussen Calvyn en die mistiek is die gebrek aan 'n teologie van die kruis. In die plek van die objektiewe historiese gebeure van die kruis, tree by die mistiek die intensiteit van die ervaring as die kriterium vir die uniek Christelike.

Die soeke van die mistiek is na die volkome Godskennis wat nie gebonde is aan die Skrif nie. Dit beteken dat die *Deificatio* en christologiese uitsprake sonder meer in antropologiese uitsprake omgesit word. By Calvyn egter is die leer van die *Institio* nie antropologie of leer van die vrome mens nie, maar leer oor Christus en sy werk.

Die leer van die gemeenskap met Christus is tegelyk die leer van die kerk. Die mistiek staan skepties teenoor kerklike instellings en 'n duidelike geloofsleer; stel in die plek van die

---

gehen, so dass ich nicht eine einzige Stelle der Schrift mit Wissen verdrehte oder unrichtig auslegte.' (Kolfhaus 1939:134)

<sup>1078</sup> Kenmerkend van die beslissende plek van die Woord bo allerlei ervarings is Calvyn se preek oor Job 4:12-29. 'Wenn wir die Schrift haben, ist es sicher, dass uns nichts gebricht, da wir im Licht des Evangeliums die völlige Weisheit haben, wie der Apostel Paulus beweist. Wer also noch gereizt wird von der begier nach irgendwelchen Gesichte, zeigt damit, dass er von der Heiligen Schrift noch nichts verstanden hat. Gott hat sich uns geoffenbart in den Propheten und in seinem Sohn, hier ist die Grenze, und weil viele diese Grenze überschreiten wollen, ist es zu der schrecklichen Verwirrung des Papsttums gekommen.' (C O. 48, 523)

duidelikheid van die Skrif die individuele bewussyn as enigste maatstaf.<sup>1079</sup> Geen mistikus sou sê wat Calvin oor die kerk sê nie: *‘Keine Entschuldigung hat der, der mutwillig die äußere Gemeinschaft der Kirche verlässt, wo das Wort Gottes gepredigt wird und die Sakramente verwaltet werden.’*<sup>1080</sup> Vir Calvin is die ‘wat’ of inhoud van die godsdiens nie minder belangrik as die ‘hoe’ of die beleving nie. Vanuit die gemeenskap met Christus, kan die gelowige nie anders as om altyd beter te hoor wat die Woord sê. Vir die mistiek is die Skrif slegs ‘n heenwysing na ‘n saak en as die saak verkry is, verloor die Skrif sy funksie. Volgens Calvin kan die Christen geen tree gee sonder die Lig van die Skrif nie. Deur die Woord wat die Heilige Gees in die gelowige laat wortel skiet, oorwin hy in elke aanvegting, want die belofte verseker hom van die liefde van God.

Dat die ‘hoe’ van die ‘beleving’ ook vir Calvin belangrik is, spruit eweneens voort uit die Christusgemeenskap. Calvin meen waar die ‘hoe’ nie as belangrik geag word nie, ons te make kry met ‘n koue intellektualisme. Die ‘leer’ wil indring in die hart en wandel van die mens. Dis tog die ‘leer’ van Hom wat in ons woon. Calvin verwys dikwels na die ‘lewend word’ deur Christus.<sup>1081</sup> Die ware heilsekerheid moet diep in die gelowige se hart gebêre word. Die Christus gemeenskap verhinder dat ons naas die Woord van ons Hoof ‘n innerlike lig te soek; dit verhinder ook dat ons tevrede is met ‘n koue intellektualisme en moralisme.<sup>1082</sup>

Koue rasionalisme asook mistisisme word deur Calvin afgewys. Wie alleen historiese ervaringskennis het, ken nog nie die evangelie nie. So iemand moet kennis maak met die leer van die geloof wat die verlossingswerk van Christus toeganklik maak. Die ‘leer’ spruit nie voort uit een of ander logiese denkproses nie; die Heilige Gees skryf die Woord wat aan ons geskenk is in ons harte. So is dit nie genoeg om te lees en te hoor en te dink nie, God self moet die gelowige deur die verborge werking van sy Gees verlig. Die *cognitio Christi* is sodanig dat die gelowige deel kry aan die Christus se opstandingskrag soos blyk uit die uitleg van Filippense 3:10. Die Christelike geloof kan daarom nooit tevrede wees met ‘n rasonele instemming nie; die Christelike geloof is ‘n geloof wat die mens se hart raak. Hierdie geloof kom na vore in lewe, warmte en innigheid.

Die belofte van God moet ons ken, meer nog dit moet in ons hart verseël word. Hoe? Deur gebed; deur God aan te roep, die God wat doen wat Hy belowe. Daarom noem ons gebed die oefening van die geloof; die aanvaarding van God se goedheid.

---

<sup>1079</sup> Verwys na Calvin se optrede teen Castellio van Basel. (op cit 139) Castellio sien die kerk as ‘n Ryk van die Gees, gedra deur ‘n begeesterde gemeenskap van heiliges. Calvin sien die kerk as die liggaam van Christus, wat die Heilige Gees opbou en regeer deur die Woord van God.

<sup>1080</sup> Kolfhaus haal aan O. S. V., 23. (op cir 140)

<sup>1081</sup> verwys na 1 Th 5:10.

<sup>1082</sup> Calvin beskryf die geloof in die Geneefse kategismus van 1537 as: ‘festes und sicheres Vertrauen des Herzens, durch das wir uns allein an die Barmherzigkeit Gottes halten.’ (C O. 22, 47) (op cit 143)

Ons verwys na Calvyn se beskrywing in *Institusie* III, 20, 2:

*‘Deur die weldaad van gebed bereik ons dit dus om na daardie rykdomme deur te gaan wat by die hemelse Vader vir ons weggebêre is. Daar is tewens ‘n sekere verkeer van mense met God waardeur gelowiges wat tot die heiligdom van die hemel toegetree het, Hom persoonlik in verband met sy beloftes kan aanroep sodat, as die nood dit vereis, hulle self kan ervaar dat dit wat hulle geglo het, nie sonder grond was nie, hoewel Hy dit toe slegs in woorde aan hulle meegedeel het. Gevolglik kan ons sien dat geen belofte aan ons voorgehou word om van die Here te verwag sonder dat ons ook gebied word om dit in ons gebede van Hom te vra nie. Dit is daarom waar dat ons met ons gebede die skatte uitdelf wat die evangelie van die Here vir ons aangedui het en wat ons geloof al aanskou het. Met woorde kan ons nie genoegsaam verduidelik hoe noodsaaklik gebedsoefening is en op hoeveel maniere dit voordeel inhou nie. Die hemelse Vader verklaar inderdaad nie sonder rede dat die enigste hulpmiddel vir ons saligheid in die aanroeping van sy Naam geleë is nie. Daardeur roep ons die nabyheid in van sowel sy voorsienigheid, waardeur Hy oor die versorging van ons belange waak, asook van sy krag, waardeur Hy ons in ons swakheid onderhou wanneer ons amper beswyk, en ook van sy goedertierenheid, waardeur Hy mense wat jammerlik met sondes oorlaai is, in genade aanneem. Kortom: daardeur roep ons Hom self ten volle aan om Hom as ‘n nabye God aan ons te betoon. Hieruit ontstaan vir ons gewetens buitengewone gerusstelling en rustigheid. Want wanneer ons die nood wat ons druk, voor die Here gelê het, vind ons daarin oorvloedig gerusstelling, omdat niks van ons kwaad vir Hom verborge is nie en ons vas daarvan oortuig is dat Hy net die beste vir ons wil doen en dat Hy ons belange ten beste behartig.’<sup>1083</sup>*

As die belangrikste van ons diens aan God, is gebed eintlik God se diens aan ons. Daardeur kry die gelowige deel aan al die gawes wat God ons in Christus skenk.<sup>1084</sup>

Calvyn se gebede word nie alleen gekenmerk deur ‘n erns nie, maar ook deur sterk emosie. Hy kan sê: *‘Wir müssen beten mit wahrer Sehnsucht, die uns gleichsam über uns selbst hinausträgt.’*<sup>1085</sup> Ook hierdie verborge innerlike verkeer met God staan onder die leiding van die Woord wat die gebed bewerk en waarin die gebed verbonde bly: *‘Ich habe Mut zum gebet, wenn ich mich stütze auf das Wort.’*<sup>1086</sup> In die verborge omgang met God tree Christus na vore as Middelaar. Dit blyk uit die Woord gebondenheid van Calvyn se gebede. In Calvyn se gebede is daar geen oordrewenheid of opdringerigheid nie. Die hoofkenmerk van sy gebede is die

<sup>1083</sup> *Inst.* III, 20, 3, 1079; sien ook Calvyn se verklaring van Ps 22:2.

<sup>1084</sup> ‘In Predigten bestimmt er das Gebet etwa als *‘le principal article du service de Dieu.’* Aber auch da gilt es sofort zu erkennen, dass der Dienst Gottes der Dienst am Menschen ist.’ Sien ook Calvyn se kommentaar op Jes 63:16. Scholl verwys na sy preek oor Luk 1:5-10, C O. 46. 13 ev. (Scholl 1968: 25)

<sup>1085</sup> C O. 32, 512. (Kolfhaus 1939:144)

<sup>1086</sup> C O. 32, 520. Warum fehlt uns der Mut zu beten? (op cit 144)

verbondenheid aan die inhoud van die Skrif.<sup>1087</sup> Voor die oog van die bidder stel hy altyd die God wat naby is. ‘*Der Arme Gottes umschließen uns, wir sind mit ihnen bewaffnet, und zugleich der Gott, der in der Höhe wohnt, den wir nur in Demut anbeten können, vor dem wir nichts sind und der über allem ist.*’<sup>1088</sup> Alleen God kan die helende brug in die lewe van die mens wees; die mens wat as gebrokene en begenadigde tot God mag roep. Hierdie ingesteldheid gee aan Calvyn se gebede ‘n nugterheid en saaklikheid.

Gebed as oefening van die geloof is gemeenskap met Christus. Dit behels deelhê aan die liggaam van Christus en lewe vanuit die Hoof. Dit beteken tegelyk ‘n lewe gerig op die Hoof. Die fokus is nie op eie wonderlike geloofservaringe nie, maar op Christus, die onveranderlike Bron van die geloof. In die geloofsgerigtheid op Christus vind daar nie ‘n mistieke eenheid plaas tussen subjek en objek nie. Ook die gelowige in gemeenskap met Christus bly mens met ‘n leë hand, wat in geloof verlossing verwag. Die gemeenskap van die gelowige met Christus bly ‘n gemeenskap van geloof van begin tot einde. In gemeenskap met Christus kan die gelowige nie anders wees as hoorder van die Woord; as gehoorsame doener en bidder nie.

Gebed word so deelname aan die amp van Christus as Profeet, Koning en Priester. Die praktiese diens van gebede kan eers reg verstaan word vanuit die drievoudige amp van Jesus Christus. Van hieruit kry veral die voorbedding ‘n belangrike plek in Calvyn se gebede.

Hoe beslissend die Christologiese aspek van die diens van die gebede ook al is, gaan dit vir Calvyn om die spesiale diens van die Heilige Gees. Oral in Calvyn se geskryfte vind ons die begrip ‘getuienis van die Heilige Gees’. Die begrip *testimonium Spiritus Sancti* word dikwels in verband gebring met die ‘verligting van die verstand’. Sonder die getuienis van die Heilige Gees kan die leer van die evangelie nie verstaan word nie. Calvyn beklemtoon dan dat hierdie verstaan ‘n verstaan met die hart is; dit bring ook nie bloot sekere bewussynsinhoude tuis nie; dit verander die mens se lewe.<sup>1089</sup> Calvyn bring dit in verband met die heiliging; dit doen die Heilige Gees deur die waarheid van die Skrif in ons harte te verseël.

Eintlik gaan Calvyn se gebedsleer eers oop vanuit sy pneumatologie. Daarom behandel hy sy gebedsdeel ook in die derde deel van die *Institusie*. Vanuit sy eksegeese van Romeine 8 staan gebed en die werk van die Heilige Gees ten nouste saam. Die gebed word so voorgestel as die *Urtat* van die etiek; die eerste tree op die pad van dissipelskap.

Anders as wat Rahner sê oor die Christen van die toekoms wat ‘n mistikus sal wees, sal die Christendom alleen voortbestaan daar waar ‘n lewende gemeenskap met Christus beoefen word.

---

<sup>1087</sup> verwys na Dahm, W Johannes Calvin, Gebete. (op cit 145)

<sup>1088</sup> C O. 29, 198 ev. (ibid)

<sup>1089</sup> Kolfhaus 1939:145-146.



‘n Gereformeerde kan dus by Calvyn leer: Die logika van die geloof het alles te make met ‘n herwaardering van die eenvoudige, duidelike boodskap van die Skrif. Die logika van die geloof hoef ons nie deur ‘n moeisame weg van selfondersoek te ontdek nie; God openbaar Homself in sy Woord. Die hoorders hoort by die Woord. In die Woord ontdek die mens dat hy deur God aanvaar is, daarom mag hy met reg homself aanvaar. In God se aanvaarding word hy verlos van selfgerigtheid.

Ons moet die logika van die geloof aanleer in ‘n proses van luister na die Woord; luister binne ons eie konteks na mekaar as broers en susters in die gemeente; maar veral luister na God se stem; luister totdat ons die fluistering van die Gees hoor.

Gereformeerdes leer ‘n herwaardering van gebed. ‘n Gereformeerde Christen kan ook getuig van ‘n ervaring: die ervaring van God se goedheid; die ervaring van God se genade. Hoe kom ons tot hierdie ervaring? Nie langs die weg van een of ander mistieke ervaring nie, alleen deur ‘n eenvoudige gebed. Die vraag wat Calvyn aan gereformeerdes stel is watter plek neem gebed in ons teologie, ons kerk, ons lewens in?

Die slotsom waartoe gekom word is:

- dat ‘n teologiese stelling op grond van geloof alleenlik in God se openbaring in Jesus Christus volgens die Skrif, genoegsaam is; genoegsaam om die mens tot ware selfkennis te bring, tot ware selfaanvaarding en tot ware gebed. Die logika van die geloof kan nie afgelei word van menslike rasionaliteit en ervaring nie. Die logika van die geloof leer ons uit die Skrif onder leiding van die Outeur, die Heilige Gees.<sup>1090</sup>

- Gebed is wesenlik deel van die logika van die geloof.<sup>1091</sup> Om die ervaringskant van ‘n gereformeerde teologie na vore te bring moet gefokus word op gebed. Gebed is die ervaring van wie God regtig is. Gebed is die beoefening van die logika van die geloof. Anders gestel: Gebed is die beoefening van my nuwe identiteit in Christus.

Ek sluit af met die volgende aanhalings:

Ebeling:

*‘Was heißt hier aber Gehörtwerden? Doch wohl: Angenommen-Sein. Dann läßt sich das Gebet als Übergabe verstehen, in der sich der Beter mit dem ganzen Kontext seiner Umwelt – darum das Gewicht der Fürbitte! – Gott ausliefert. Er begibt sich mit seiner Situation in*

---

<sup>1090</sup> In sy brief aan Sadolet, neem Calvyn basies standpunt in na twee kante. ‘We are assailed by two sects, which seem to differ most widely from each other. For what similitude is there in appearance between the pope and the Anabaptists? And yet, that you may see that Satan never transforms himself so cunningly as not in some measure to betray himself, the principal weapon with which they assail us is the same. For when they boast extravagantly of the Spirit, they inevitably tend to sink and bury the Word of God, and to make room for their own falsehoods.’ (Calvin 1954: 230)

<sup>1091</sup> Calvyn se opmerking in sy brief aan Sadolet: ‘I have also no difficulty in conceding to you that there is nothing more perilous to our salvation than a distorted and perverse worship of God.’ (Calvin 1954:229)

*seine Grundsituation. Damit kommt er erst wahrhaft in seine Situation 'hinein' – das Beten entdeckt vielfach erst, wo und wie man sich eigentlich befindet.*<sup>1092</sup>

En Schäfer:

*'Das Gebet muß immer wieder, wenn es wahr sein soll, vom egoistischen Wunsch ausgehen. Aber es bleibt nicht dabei stehen. Im Ringen mit der das Erbetene verweigernden Übermacht öffnet sich eine Erfahrung, die Kierkegaard so beschreibt: Der Beter zieht aus in den Streit und siegt damit, daß Gott siegt. – Unserem Willen erscheint Gott als gegnerischer Wille. Und das Gebet ist der Ort, an dem sich unsere Kraft hinaufsteigert zur Ergebung. Ergebung ist zu unterscheiden von der alles fahren lassenden Resignation und von der gegen das schicksal stumpf gewordenen Unerschütterlichkeit. Ergebung ist die Kraft, dem zerstörisch erscheinenden übermächtigen Willen in die eigene Lebendigkeit aufzunehmen.'*<sup>1093</sup>

Calvyn se gebed na aanleiding van sy voorlesing uit Esegïel 20:40-44:

*'Omdat wij een gegronde hoop hebben, zijn wij reeds den voorhof onzer eeuwige erfenis binnengetreden. Wij weten, dat ons een plaats in den hemel bereid is, daar Christus, ons Hoofd, als Eersteling onzer verlossing, dáár is. Geef ons dan, o almachtige God, dat wij steeds weer ons benaarstigen op het pad van Uw heilige roeping, totdat wij eindelijk het doel bereiken in gindsche heerlijkheid, waarvan Gij ons het begin reeds hier op aarde te genieten geeft, door Christus, onzen Heer. Amen'*<sup>1094</sup>

---

<sup>1092</sup> Ebeling, G 1975, 426-7.

<sup>1093</sup> Schäfer 1968:127.

<sup>1094</sup> Calvijn, J 1940. *Gebeden van Calvijn*. vert A. G. Barkey Wolf. Den Haag: D. A. Daamen n.v.

Hierdie beklemtoning verhoed dat gebed vervlak tot blote meditasie of mistieke aanbidding. Die duidelike struktuur van gebed as ‘bede’ en ‘dank’ gaan saam met die duidelikheid van Calvyn se skrifteologie. Gebed as ‘bede’ is juis ‘n aanduiding dat God ‘n mens-vriendelike God is. Dit wat Hy ons uit sy vrye goedheid kan gee, wil Hy vir ons op grond van ons gebede gee.<sup>850</sup> Vandaar is gebed as voorbidding ook vir Calvyn belangrik.<sup>851</sup> Juis in die Geneefse kategismus word gebed beskryf as daad van Godsverering deurdat ons God in elke nood aanroep en by Hom redding soek. Dit word verder uitgewerk in die gebedsdeel van die Kategismus wat sy vertrekpunt neem vanuit gebed as ‘bede’. Gebed volg op die behandeling van die evangelie en die wet. Vanuit die evangelie en die wet, staan die mens voor God in gebed.<sup>852</sup> Daarom kan ons saam met Scholl sê: ‘*Man kann füglich sagen, dass das Bittgebet das Herz aller calvinischen Theologie ist. Diesen freundlichen Aspekt bekommen Calvin und seine Werk von der Gebetslehre her.*’<sup>853</sup> Gebed kan nie by ‘bede’ stilstaan nie. So sou God se goedheid misken word.<sup>854</sup> ‘Dank’ vervul ‘n kritiese funksie; dit stel grense aan die ‘bede’. ‘Bede’ sonder ‘dank’ sou vermetel wees en aantoon dat ware Godskennis en selfkennis ontbreek.

Gebed voer ons binne die ruimte van die wil van God, daarom gaan gebed ook gepaard met dank. Die woord ‘dank’ hou verband met die woord ‘gedenk’.<sup>855</sup> ‘Dank’ is ‘n daad van erkenning teenoor God. Gebed as ‘dank’ bring die teologiese kenproblematiek na vore. Dit onderstreep die sentrale gedagte dat eers hy wat God se genade leer ken, waarlik bid.<sup>856</sup> Die ‘gedagte’, die ‘bedink van’ God se wese, sy goedheid spoor aan tot gebed en ‘dank’.<sup>857</sup> Tog bly

God in elke nood aanroep en by Hom redding en alles wat goed is soek. ‘Ons het gesê dat dit gebed is wanneer ons in enige vorm van nood ons toevlug tot Hom neem. Reken jy dat Hy alleen aangeroep moet word? Ja, want Hy eis dit as ‘n besondere eerbiediging van sy goddelike mag.’ Wat dit beteken word dan in die gebedsdeel van die Kategismus verder behandel wat in sy geheel uitgaan van gebed as bede.

<sup>850</sup> *Inst.* III, 20, 3.

<sup>851</sup> ‘With the same view does he call God our Saviour; for whence do we obtain salvation but from the undeserved kindness of God? Now the same God who has already made us partakers of salvation may sometime extend his grace to them also. He who hath already drawn us to him may draw them along with us. The Apostle takes for granted that God will do so, because it had been thus foretold by the predictions of the prophets, concerning all ranks and all nations.’ (*Com.* 1 Tim 2:4)

<sup>852</sup> ‘Aangesien die tweede deel van ons godsdienst wat in onderdanigheid en gehoorsaamheid geleë is, genoegsaam bespreek is, moet ons nou die derde deel bespreek.’ Geneefse Kategismus vraag 234. (*Kat* : 41)

<sup>853</sup> Scholl 1968:40.

<sup>854</sup> Calvyn lig die sentrale plek van dank na aanleiding van Fil 4:6 uit. ‘With thanksgiving as many often pray to God amiss, full of complaints or of murmurings, as though they had just ground for accusing him, while others cannot brook delay, if he does not immediately gratify their desires, Paul on this account conjoins thanksgiving with prayers. It is as though he had said, that those things which are necessary for us ought to be desired by us from the Lord in such a way, that we, nevertheless, subject our affections to his good pleasure, and give thanks while presenting petitions. And, unquestionably, gratitude will have this effect upon us—that the will of God will be the grand sum of our desires.’ (*Com.* Fil 4:6)

<sup>855</sup> A de Quirvain, *Das Gebet*, van die min gebede van Calvyn waarin meer ‘dank’ (ook meer aanbidding) as bede voorkom is sy gebed na die nagmaal. Die Nagmaal wat juis handel oor ‘gedenk’.

<sup>856</sup> ‘unless God both gave him wisdom, and opened up for him a way where no way is. It becomes us, after his example, to do the same thing; so that distrusting ourselves when counsel fails us, and the malice and wickedness of our enemies prevail, we may betake ourselves speedily to God, in whose hands are the issues of death, as we shall see afterwards’ (*Com.* Ps 5:8)

<sup>857</sup> Sien Calvyn se preek n.a.v. 2 Sam. 7:19.

die subjek van hierdie erkenning in laaste instansie God wat die mens voorstel aan sy almag en goedheid.<sup>858</sup> ‘Dank’ word so die ruimte waarbinne die teologiese nadenke voltrek word.

Terwyl gebed as ‘bede’ beperk bly tot die gebedshoofstuk, vorm ‘dank’ die horison waarbinne die hele teologiese uiteensetting van die *Institusie* plaasvind. Volgens deel I van die *Institusie* is dit veral God se voorsienigheid wat aanleiding gee tot ‘dank’. Volgens *Institusie* I, 17, 7 bly ‘dank’ nie by woorde nie, maar moet dit aanleiding gee tot daad. Hierin is die opbou van die Heidelbergse Kategismus voorberei, waarin gebed verstaan word as die vernaamste deel van ons ‘dankbaarheid’. *Institusie* I, 17, 9 toon aan dat God mense gebruik as bedienaars en ook dit gee aanleiding tot ‘dank’. God hef in sy voorsienigheid nie menslike instrumente op nie. Dat ‘dank’ aanleiding gee tot die etiek blyk duidelik uit *Institusie* deel III. Die vraag na ware ‘dankbaarheid’ blyk die tweede element in Calvyn se etiek te wees, naas die vraag van ‘selfverloëning’ en ‘selfoorwinning’. Ook in die Godsleer, waar die gedagte van die voorsienigheid na vore kom wat in *Institusie* III, 19 en 21 en die volgende gedeeltes verdiep word as gevra word na Christelike vryheid en uitverkiesing, kom die gedagte van dankbaarheid sterk na vore. Ook die uiterlike middele van ons redding, gee aanleiding tot ‘dank’. Dit kom uitdruklik na vore in *Institusie* IV, 18, 16. waar die Christelike kerk in sy wese en funksie as ‘dankoffer’ beskryf word. ‘*Dit hang tegelyk van ‘n groter offer af waardeur ons na siel en liggaam as ‘n heilige tempel vir die Here heilig word.*’<sup>859</sup> Gebed as dankbaarheid strek veel verder, dit raak ook die samelewing en die regering wat God daar gestel het; dit raak die hele werklikheid. Scholl vat die verhouding tussen ‘bede’ en ‘dank’ as volg saam: ‘*Der ‘Dank’, so könnte man sagen, ist der Leib des Gebetes, die Bitte sein Herz.*’<sup>860</sup>

Tog is dit deel van die bedorwe natuur van die mens dat hierdie omvattende ‘dank’ nie altyd plaasvind nie. Calvyn wys dikwels in sy preke op hierdie swakheid van die mens; hy sien dit as deel van sy geestelike roeping om mense hierop te wys.<sup>861</sup>

In ‘n kerngedeelte van Calvyn se gebedsleer, *Institusie* III, 20, 28, beklemtoon hy die betekenis van ‘bede’ en ‘dank’ in gebed. Hierdie gedeelte vorm die afsluiting van sy formele gebedsleer voor die behandeling van die ‘Ons Vader’. Hierdie gedeelte eindig met ‘n kort verwysing na 1 Tessalonisense 5:17-18. Calvyn lê Paulus se gedagtes uit. Die gebed as ‘bede’ en ‘dank’ geskied sonder ophou. Eers word verwys na 1 Timoteus 2:1 waarvolgens gebed bestaan uit ‘bede’ en ‘dank’ met voorbeding as ‘n belangrike deel van gebed. Die ‘bede’ aspek bevat twee belangrike

---

<sup>858</sup> Die opbou van die Geneefse kategismus van 1542 onderstreep hierdie punt. Dank laat die bidder uitkom by die wyer ruimte van God en sy genade en stoot uiteindelik in die 4de deel deur in die ruimte van godsdiens. Dank in gebed moet oorloop in die lewe van ‘n Christen. Die uitbreiding van die dankgebed geskied uiteindelik in die ganse teologiese ruimte van die 4 dele van die *Institusie*.

<sup>859</sup> *Inst*, IV, 18. 16. 1772.

<sup>860</sup> Scholl 1968:43.

<sup>861</sup> Calvyn spreek hierdie onvermoë baie sterk in sy preke aan. Veral in sy prediking oor Ps 148:1-14. (op cit 44)

aspekte: God se saak en die mens se saak. *‘Deur versoeke en smeking stort ons ons verlangens voor God uit en ons vra sowel die dinge wat tot die uitbreiding van sy heerlikheid en tot verheerliking van sy Naam dien as die weldade wat tot ons voordeel bydra. ... Met danksegging roem ons sy weldade jeens ons met gepaste lof en dank Hom vir sy milddadigheid in al sy seënninge wat ons te beurt val.’*<sup>862</sup>

Daar volg ‘n verdieping ten opsigte van beide aspekte. Die voortdurende gebed word begrond in ons selfkennis, bestaande uit ons ongeluk, skuld, en aanvegting. Die voortdurende lof word begrond in die voortdurende weldade van God, Godskennis gee aanleiding tot ‘dank’. Verdere verduideliking is egter nodig: Calvyn sê, ook ons voorspoed moet aanleiding gee tot gebed. God voorsien in voorspoed en teëspoed; sonder God se seën sou menslike bestaan nie sinvol wees nie. Dit bring ons gebed by die groot saak van God se wil; ons bid dat ons lewens inpas by God se wil. Gebed as ‘bede’ word so begrond in God se voorsienigheid en seën, met ‘dank’ wat hieruit voortvloei. ‘Dank’ spruit voort uit die verhoring van die gebed om God se seën. Ons gebede moet altyd met ‘dank’ en lof eindig. Soos Dawid sê in Psalm 40:4, dit sou eintlik boos van die mens wees as hy sou swyg terwyl hy die goedheid van die Here ervaar; dankgebed is ‘n uitdrukking van ‘n lewende verhouding met God. So word gebed, paradoksaal, God se daad sonder om op te hou om menslike daad te wees.<sup>863</sup> Dankbaarheid eindig nie met gebed nie, dit raak die hele lewe. Lof en dank is nie die resultaat van menslike begeesting nie, maar is slegs moontlik onder leiding van die Heilige Gees. Gebed, menslike daad van ‘bede’ en ‘dank’, staan nie los van die werk van God drie-enig nie.<sup>864</sup>

In ‘n verdere verdieping verbind Calvyn ‘bede’ en ‘dank’ met heiliging. Hierin kry gebed vir Calvyn juis sy dienskarakter. God se liefde maak ware gebed moontlik. Ons word aan 1 Korintiërs 13 herinner en aan dit wat gebed as ‘bede’ en ‘dank’ werklik Gods-diens maak. Weereens kom die stryd met die Rooms-Katolieke kerk na vore in die vraag na ware liefde.<sup>865</sup> Ook gebed as daad van liefde het nie die laaste sê nie. Die liefde van 1 Korintiërs 13 wys Calvyn terug na Christus. Christus tree in, in die plek van die liefde.<sup>866</sup> So word Hy die ware

---

<sup>862</sup> *Inst.* III, 20, 28, 1121 en 2.

<sup>863</sup> ‘Let us now see what is the sanctification of all good things, which belong to the sustenance of the present life. Paul testifies that it consists of "the word of God and prayer." But it ought to be observed, that this *word* must be embraced by faith, in order that it may be advantageous; for, although God himself sanctifies all things by the Spirit of his mouth, yet we do not obtain that benefit but by faith. To this is added "prayer;" for, on the one hand, we ask from God our daily bread, according to the commandment of Christ, (Mt 6:11); and, on the other hand we offer thanksgiving to Him for His goodness.’ (*Com* 1 Tim 4:5)

<sup>864</sup> Schöll 1968:47.

<sup>865</sup> Fil. 4:6, ‘Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.’ (NAB)

<sup>866</sup> ‘Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ‘n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.’ (Hebr. 13:15. NAB)

interpretasie van die liefde. Gebed as ‘bede’ en ‘dank’ word eintlik deelname aan Christus se gebed.

## **9.2 Geloof en heiliging in gebed**

Die ware sin van gebed lê nie in gebed self nie, maar in Jesus Christus en in die werk van die Heilige Gees. Anders gestel: gebed is ‘n geloofsdaad, dié geloofsdaad.<sup>867</sup> Geloof moet in reformatoriese sin verstaan word as die geloof wat in Jesus Christus tot ware self- en Godskennis kom. Dis met ander woorde ‘n geloof met ‘n spesifieke inhoud wat onder leiding van die Heilige Gees aanleiding gee tot gebed. In *Institusie* III, 2-5 waar Calvyn standpunt inneem teenoor Rooms-Katolieke besware dat die reformatoriese geloofsleer die etiek ophef, beklemtoon Calvyn die etiese karakter van die geloof. Dit word duidelik uit die samehang van geloof en gebed. In gebed voltrek juis die heiliging van die mens. Hier is geen skeiding tussen gebed en heiliging soos dit na vore kom in die Rooms-Katolieke gebedsprakryke met sy lange meditasies en voorbereidings tot gebed nie. Vir Calvyn is daar ‘n nie-problematiese eenheid tussen geloof, gebed en heiliging. Hier geld: wie bid glo en wie glo bid.<sup>868</sup> Ook die omgekeerde geld: waar ‘n mens God werklik aanroep, daar is geloof reeds werksaam.<sup>869</sup> In sy kommentaar op Daniël 6 beskryf hy hierdie eenheid tussen lewe en gebed. ‘*We know the principal sacrifice which God requires, is to call upon his name. For we hereby testify him to be the author of all good things; next we show forth a specimen of our faith; then we fly to him, and cast all our cares into his bosom, and offer him our prayers.*’<sup>870</sup> Gebed is ‘n vanselfsprekende uiting van die geloof, geloof gegrond in die werk van die Heilige Gees.

In gebed as uiting van geloof voltrek die heiliging. Daarom is die gebed om sondevergifnis sentraal in Calvyn se gebede.<sup>871</sup> Ware gebed begin volgens Calvyn in ‘n houding van

---

<sup>867</sup> ‘Das Gebet ist *der* Akt, *die* Funktion des Glaubens.’ (Scholl 1968:117)

<sup>868</sup> ‘for it is extremely puerile to say, that there is fire, when there is neither flame nor heat.’ (Com. Rom. 10:10)

<sup>869</sup> ‘Paul intends here to connect prayer with faith, as they are indeed things most closely connected, for he who calls on God betakes himself, as it were, to the only true haven of salvation, and to a most secure refuge; he acts like the son, who commits himself into the bosom of the best and the most loving of fathers, that he may be protected by his care, cherished by his kindness and love, relieved by his bounty, and supported by his power. This is what no man can do who has not previously entertained in his mind such a persuasion of God’s paternal kindness towards him, that he dares to expect everything from him.’ (Com. Rom. 10:14)

<sup>870</sup> Com. Dan. 6:10. In Ps 6:10 plaas Dawid nie sy vertroue op die uiterlike teken van die hisop nie; dieselfde geld ook die wassing in die OT. Dis as uiterlike hulpmiddels gegee, nie as fundamente van gebed nie. Dit wys heen na die eintlike gebedshulp Jesus Christus. ‘It is no doubt to the blood of Christ alone that we must look for the atonement of our sins; but we are creatures of sense, who must see with our eyes, and handle with our hands; and it is only by improving the outward symbols of propitiation that we can arrive at a full and assured persuasion of it... [I] need not say that it is the peculiar work of the Holy Spirit to sprinkle our consciences inwardly with the blood of Christ, and, by removing the sense of guilt, to secure our access into the presence of God.’ (Com. Ps 51:7)

<sup>871</sup> ‘It is indeed true, in general, that men pray in a wrong way, and in vain, unless they begin by seeking the forgiveness of their sins.’ (Com. Ps. 25:7)

verootmoediging.<sup>872</sup> Dit sluit aan by die gedagte van geloof as geloof met 'n spesifieke inhoud: ware selfkennis in die aangesig van Jesus Christus; vandaar is gebed 'n daad van verootmoediging.<sup>873</sup> So vorm gebed, geloof en verootmoediging 'n eenheid. Ware gebed sluit altyd verootmoediging en geloof in.<sup>874</sup> In gebed spreek die mens sy ellende uit en tegelyk sy geloof in God se genade. Gebed verwoord so hierdie radikale antropologie van die hervormers.<sup>875</sup>

Dat gebed in die eerste plek 'n daad van verootmoediging is, spruit voort uit die geloof. Weer loop Calvyn die smal weg tussen menslike verantwoordelikheid en goddelike genade. Verootmoediging onderstreep die menslike etiese kant, die heiliging en verantwoordelikheid van die mens, tog is dit ook 'n geskenk van God.<sup>876</sup> Ware gebed gaan altyd saam met opregte verootmoediging. In hierdie sin is gebed die voorloper van die etiek, vorm dit die *Urtat* van die Christelike lewe; is gebed 'n eerste daad van selfverloëning. Daarom is dit belangrik dat gebed bly by wat God self voorgeskryf het.<sup>877</sup> Wanneer die gebedsleer in verband met die etiek gebring word, blyk duidelik dat gebed as daad van verootmoediging nie vereng word tot 'n eie prestasie of verdienste nie. Ook as 'n daad van verootmoediging of selfverloëning bly gebed verbonde aan Christus; ook as 'boete' bly gebed 'n daad van geloof en erkenning van Jesus Christus se verlossingswerk. Alhoewel Calvyn in sy Christologiese begroning van gebed, sou kon wys op die gehoorsame gebed van Christus in Getsemané, begrond hy gebed veral in die versoeningswerk van Jesus Christus deur sy dood heen.<sup>878</sup> In sy etiek beklemtoon Calvyn die daad van 'oorgawe' van die mens; in sy gebedsleer beklemtoon hy God se groot daad van 'oorgawe' deur sy Seun.<sup>879</sup>

---

<sup>872</sup> 'Die tweede reël is die volgende: In ons gebed moet ons ons hulpeloosheid altyd waarlik voel en ernstig daaroor dink dat ons alles wat ons vra, nodig het, en met die gebed moet ons ook die ernstige, ja, die brandende begeerte verbind om te verkry wat ons verlang.' (*Inst* III, 20, 6, 1084.)

<sup>873</sup> In sy kommentaar op Daniël 9:2 beklemtoon Calvyn dat ware gebed Skrifgetrou is: 'And we cannot possibly exercise true confidence in prayer, except by resting firmly on God's word. An example of this kind is here presented to us in Daniel's case.' (*Com* Dan 9:2)

<sup>874</sup> 'Daniel, therefore, shows us two things openly and distinctly, since he prayed with faith and repentance. By the word confession he implies his repentance, and by saying he prayed to God, he expresses faith,' (*Com*. Dan 9:2) 'Daniel here betakes himself to God's mercy as to a sacred asylum; for it is not sufficient to acknowledge and confess our sins, unless we are supported by a confidence of our obtaining pardon from God's mercy.' (*Com*. Dan. 9:9)

<sup>875</sup> Teenoor die argumente van die Sofiste ten gunste van die wilsvryheid, wys Calvyn op die werklikheid van gebed. 'But it seems better to adopt the more extensive meaning, and to suppose that David, under a painful consciousness of the bondage to which he had been reduced by a sense of guilt, prays for a free and cheerful spirit. This invaluable attainment, he was sensible, could only be recovered through divine grace.' (*Com*.Ps 51: 12)

<sup>876</sup> 'This invaluable attainment, he was sensible, could only be recovered through divine grace.' (*ibid*)

<sup>877</sup> In *Instituasie* III, 6-11, beskryf Calvyn as grond van sy etiek die *abnegatio sui*. Dit sou misverstaan kon word in die sin van 'n mistiek van selfverloëning; 'n proses van selfheiliging.

<sup>878</sup> Calvyn se voorlesingsgebede sluit dikwels af met '*Sanguine unigeniti filii*', 'durch das Blut deines eingeborenes Sohnes,' Verwys na die voorlesingsgebed n.a.v. Hos. 7:1-6. (Scholl 1968:288)

<sup>879</sup> Niesel beoordeel die gedagte van selfverloëning in Calvyn se etiek positief omdat dit in gemeenskap met Christus plaasvind. (Niesel 1957: 143)

Daarom is gebed en geloof 'n daad van 'hoop'. Dat die gebed 'n daad van geloof is beklemtoon juis die feit dat gebed nie gegrond is in die bidder nie, maar in Jesus Christus en in die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees verbind die bidder aan Christus. Dit beteken gebed is nie afhanklik van die vrome subjektiwiteit van die bidder nie, maar is 'n objektiewe grootheid. Dis egter 'n geheimenisvolle grootheid, wat ruimte maak vir menslike betrokkenheid. Hierdie geloofsbeweging wat in gebed voltrek word, is die beweging van die hoop; juis omdat gebed gebou is op God se beloftes.<sup>880</sup> Die sekerheid van gebed is die sekerheid van 'n *extra nos* en daarom is die hoop 'n *conditio sine qua non* vir gebed.<sup>881</sup> Hieruit blyk ook duidelik dat die eskatologie by Calvyn nie 'n soort addendum by die dogmatiek is nie, maar voortspruit uit die geloof. Hoop vorm 'n wesenlike deel van Calvyn se geloofsbegrip.<sup>882</sup> Gebed as daad van 'hoop' is daarom 'n bevestiging en toe-eiening van ons kindskap; kindskap en hoop gaan saam. Kindskap kan nie vanuit 'n natuurlik teologiese hoek verstaan word nie; Calvyn verstaan kindskap teen die agtergrond van die gelykenis van die verlore seun.

As daad van 'hoop' kan gebed ook beskryf word as *Urakt* van die etiek. Eerstens gaan hoop gepaard met 'n 'n brandende verwagting, want ware gebed sien met groot verwagting uit na die vervulling van God se beloftes; tweedens bewerk hoop 'geduld'.<sup>883</sup> So vorm gebed as daad van hoop die eerste tree op die Christelike lewenspad. So betoon Calvyn as teoloog van die 'voorsienigheid' en 'uitverkiesingsleer' in *Institusie* III, 20 'n gees van openheid en vryheid in die geloof. Geloof en gebed staan nooit los van mekaar nie, maar kan alleen in onderlinge wisselwerking beskryf word. Die geloof wat geheel en al buite sigself op God gerig is, open die vryheid om te bid. Hierdie geloof is identies met die hoop, en hierdie vryheid ontvlam op sy

---

<sup>880</sup> 'Want soos ons tevore geleer het dat boetvaardigheid en geloof bondgenote is wat met 'n onskeibare band aan mekaar verbonde is, hoewel die een ons verstrik en die ander ons verbly, so moet hulle mekaar ook in ons gebede ontmoet...dat God slegs deur diegene aan wie sy sagmoedigheid en vriendelikheid deur die verkondiging van die evangelie bekend geword het, ja, diegene aan wie dit vertroulik bekendgestel is, opreg aangeroep kan word.' (*Inst.* III, 20, 11: 1091-3)

<sup>881</sup> This passages therefore, teaches us the uselessness of those prayers to which there is not added that hope which may be said to elevate the minds of the petitioners into a watch-tower.' (*Com. Ps 5:3*) 'Die vierde reël is dan dat, wanneer ons so platgeslaan en deur ware ootmoed onderwerp is, ons nogtans deur die vaste hoop op verhoring bedoel word om te bid.' (*Inst.* III, 20, 11: 1091)

<sup>882</sup> 'Allmächtiger Gott! Da wir jetzt diesen sterblichen Körper umhertragen, ja sogar tausend Tode in uns nähren wegen der Sünde, bitten wir dich, gib, dass wir immer unsere Augen ausschauen, welche zuletzt offenbar werden muss in Jesus Christus unserem Herrn. Lass uns auch mitten im Tode hoffen, du seist unser Erlöser und lass uns die Erlösung erlangen, die er selbst erfüllte, als er von den Toten ertsund. Gib, dass wir nicht zweifeln, dass jene Frucht, die er jetzt durch seine Geist darbringt, bis zu uns dringt, wenn Christus zur Gericht der Welt kommen wird, und dass wir also in der Frucht deines Namens wandeln, dass wir wirklich zu seinen Gliedern gezählt werden und er uns aufnehme in die Teilhabe jener Herrlichkeit, die er uns durch seinen Tod eröffnet hat. Amen. Scholl 1968:306) Sien die twee voorlesingsgebede by Hos. 14, ten opsigte van die hoop dimensie in die gebed. Sien veral ook *Institusie* III 2, 42/43 en die eksegeese van Rom. 8 i.v.m. die fundamentele plek van die hoop in sy teologie.

<sup>883</sup> Calvyn se kommentaar oor Ps 5:3. 'By the word, *watch*, he conveys the idea of hope and patience as well as of anxiety...This passages therefore, teaches us the uselessness of those prayers to which there is not added that hope which may be said to elevate the minds of the petitioners into a watch-tower.' (*Com Ps 5:3*)



beurt weer die gebed en bring die bidder met die ware skatte van die geloof in aanraking.<sup>884</sup> So omskryf die sirkel van geloof en gebed, gebed en geloof die geheim van gebed na sy daadkant as die werk van die Heilige Gees.<sup>885</sup> Calvyn verlaat nooit in sy gebedsleer die geloofsbasis van die gemeenskap met Christus nie.

### **9.3 Gebed as deelname aan die amp van Jesus Christus**

Navorsing oor Calvyn ten opsigte van die vraag na die heiliging en etiek het gewys op die wesenlike betekenis van die ‘vereniging’ met Christus.<sup>886</sup> Dit beteken dat daar n wegbeweeg is van ‘n wettiese verstaan van Calvyn se teologie, veral sy etiek. Die opskrif van *Institusie* boek III wys reeds in hierdie rigting. Die ‘vereniging’ met Christus behels dat wat van Christus gesê word, deur die werking van die Heilige Gees, die gelowige ten goede kom.<sup>887</sup> Ons meen te min is gemaak van die feit dat die amp van Christus ook deur die werking van die Heilige Gees ook die amp van die gelowige is.<sup>888</sup> Ofskoon gebed die belangrikste uitdrukking van ons dankbaarheid is, geskied gebed nooit sonder Christus nie. Die gebed in die Naam van Jesus Christus is nie leë woorde nie, maar deelname in sy amp as ons Voorspraak. As broers en susters van Jesus Christus en deur Hom kinders van God, staan ons saam voor God. So leer Calvyn die gemeente dink oor die gebed en so bid hy self.<sup>889</sup> Die oord van gebed is nie die kerk of die enkeling in sy strewe na heiliging nie, maar deelname aan die liggaam van Christus. Deur die werking van die Heilige Gees, is elke gelowige ‘n lid van die liggaam van Christus, aan Hom verbonde, en deelnemend aan sy amp. Daarom sê Calvyn: met sy mond bid ons.<sup>890</sup>

<sup>884</sup> Sien III, 20, 2; Preek oor 2 Sam 15:30-32.

<sup>885</sup> ‘Alles wat in verband met Christus gesê is, strek tot ons voordeel deur die verborge werking van die Gees.’ (Die opskrif van *Inst.* III, 1: 699)

<sup>886</sup> ‘*Unio cum Christo* bedeutet, dass er in uns wohnt und wir in ihm sind, verbunden untereinander durch ein Unzerreißbares band ... [ Das Geheimnis, wie das möglich ist, ist für uns unergründlich, aber der Glaube hält sich daran, ...’ (Kolffhaus 1939:32) ‘Dadurch, daß Calvin den Glauben als Erkenntnis und nicht einfach als Vertrauen definiert, verwehrt er ein Verständnis des Glaubens als einer bloßen “gläubigen Haltung”. Es ist für den Glauben wesentlich, ein Gegenüber zu haben. Dieses Gegenüber, auf das er gerichtet ist, ist das Evangelium von Jesus Christus und seiner für uns geschehenen Heilstat. Der Gegenstand des Glaubens ist also nicht eine Lehre auch nicht einfach eine Botschaft, sondern in dieser Botschaft eine Person und ihre Werk. Darum tritt der Glaubende nicht nur in eine Erkenntnisbeziehung zu dem Zeugnis, sondern zugleich in eine personale Beziehung zu dem Bezeugten. In der Erkenntnis des Glaubens verwirklicht sich die Gemeinschaft mit dem Erkannten.’ (Krusche 1957: 265)

<sup>887</sup> Ons verwys na die opskrif van *Institusie* III, 1. ‘Alles wat in verband met Christus gesê is, strek tot ons voordeel deur die verborge werking van die Gees’ (*Institusie* III, 1, 699)

<sup>888</sup> ‘... nachdem Christus uns durch das innerliche Wirken des Geistes mit sich verbunden und in seinen Leib aufgenommen hat, macht er noch eine zweite Wirkung des Geistes offenbar, indem er uns reich macht an Geistesgaben ... dass das Streben nach Gerechtigkeit und Frömmigkeit kräftig in uns lebt, dass wir eifrig sind zum Gebet, dass der Gedanke ans ewige Leben uns aufwärts zieht, dass fließt, sage ich, aus dieser zweiten Gemeinschaft, indem Christus, um nicht müßig in uns zu wohnen. Die Kraft seines Geistes in deutlichen Gaben zeigt.’ An Pietro Martire Vermigli in Straßburg, 8. August 1555. (Calvin 1961/1962:794)

<sup>889</sup> Preke oor Luk. 1:5-10, C O, 46, 24.

<sup>890</sup> ‘Es ist nicht einfach die Kirche, auch nicht der Einzelne in seinem heiligungstreben. Der Ort des rechten Dienstes des Gebetes ist die Gliedschaft am Leibe Christi. Das Glied Jesu Christi ist durch den Heiligen Geist mit ihm verbunden, in ihm eingepflanzt und nimmt so teil nicht nur an der Gabe, sondern eben auch am Amt Jesu Christi. Mit *seinem* Munde beten wir.’ (Scholl, 1968:224)

profetiese amp van Christus gaan dit om die bemiddeling van die ware goedheid van God en die ware selfkennis van die mens. Hierdie kennis word eksistensiële ervaring in gebed.<sup>896</sup>

Kenmerkend is die uitdruklike verootmoedigingsmoment van Calvyn se gebede. Die *articulus stantis et cadentis ecclesiae* maak van die reformasie ‘n profetiese beweging. In deelname aan die profetiese amp van Christus, vind die afsterf van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens plaas. Ook die eskatologiese dimensie van Calvyn se gebede is tekenend van die profetiese moment, so eindig die voorlesingsgebede telkens in die verwagting van die voleinding.<sup>897</sup>

Die profetiese diens van die gebed, vanuit die regverdiging, staan nie los van die profetiese Woord van die Skrif nie.<sup>898</sup> Die deelname aan die profetiese amp bestaan dus nie as ‘n sogenaamde ‘vrye’ gebed, ‘gelei deur die Gees’ soos by die Charismatici nie, maar bly verbonde aan die Woord van die Skrif; belangrik vir Calvyn is dat nie gebonde is aan die letters nie, maar aan die Gees van die Woord.<sup>899</sup> Daarom vloei gebed voort uit die prediking en bestaan die een nie sonder die ander nie. Beide vorm deelname en beoefening van die profetiese amp en wys heen na die Gees van God wat die gebed in beweging bring; nie as enige gees nie, maar as Gees van Jesus Christus. Daarom is gebed ook tydgebonde in die sin dat dit gerig is op ‘n spesifieke historiese konteks, dit kom veral na vore in Calvyn se gebede en ook in sy briewe. Calvyn se gebede kan nie los van die tyd en omstandighede waarin hy geleef het, verstaan word nie.<sup>900</sup> Die profetiese Woord lei tot ware dialogiese gebed, wat die nood raak sien maar ook die Helper. Die belangrikste antwoord op die profetiese Woord, is die diens van die gebed.

### **9.3.2 Deelname aan die koninklike amp van Christus**

In die Christologiese grondlegging van die gebed is reeds verwys na die koninklike amp van Jesus Christus. Verder word ons ook verwys na die uitleg van die 2de ‘bede’ van die ‘Ons Vader’. Twee sake staan uit. In die eerste plek is Jesus Christus die Oorwinnaar oor sy vyande,

---

<sup>896</sup> In die gebede na die preek kom dit na vore in ‘n vermaning tot diepere sondebeseft in antwoord op die prediking. Dit beteken ‘n aanneem van die genade toesegging in die prediking. In die voorlesingsgebede keer die volgorde om. Eers ‘n nadenke oor die goedheid van God wat lei tot diepere selfkennis. (Scholl 1968:231)

<sup>897</sup> ‘... damit, wie du in uns das Werk begonnen hast, du es auch vollenden mögest auf den Tag unseres Herrn. Amen.’ Verwys na slot van die gebed by Hos. 1:1 ev. (op cit 271)

<sup>898</sup> Woord – prediking – geloof – gebed is die ketting in Calvyn se diens van gebede. In aansluiting by Rom. 10:17. gesien. ‘But the doctrine of the gospel bestows upon its children perfect freedom as soon as they are born, and brings them up in a liberal manner.’ (Com. Gal. 4:24)

<sup>899</sup> ‘Auch nein, gerade dies Verborgene und Innerlichste des christlichen Lebens, der verkehr mit Gott, ist kein freies Sichergehen menschlicher Frömmigkeit, sondern steht unter der ständigen Kontrolle des Wortes Gottes, durch das das Gebet geweckt ist, auf das es sich gründet, an des es gebunden bleibt.’ (Kolfhaus 1939:144)

<sup>900</sup> ‘n Baie goeie voorbeeld is die voorlesingsgebed by Dan 1:4-8. Scholl, verwys na C O, 40, 537-545. Anders as by Rahner se gebede.

die sonde en die dood.<sup>901</sup> Tweedens beklemtoon Calvin die geestelike aard van Christus se heerskappy. Dit staan teenoor 'n aardse toekomshoop en enige magstrewes van die kerk.

Die koninklike amp van Christus stel die gelowige in staat om te bid en in gebed neem die gelowige deel aan hierdie amp. Soos God die gebed nie om sy ontwil, maar om ons ontwil gee, so oefen Christus sy koninklike heerskappy uit om ons ontwil.<sup>902</sup> In die deelname aan Christus se amp, is die Christen self oorwinnaar oor die bose en die duiwel. Vanuit dié gesigspunt is gebed vir Calvin deel van die etiese en vorm dit die grondstruktuur van die Christelike lewe. Dit staan in die teken van die stryd tussen Jesus Christus en die bose en gebed is 'n unieke uitdrukking van hierdie stryd. Hierdie voortdurende stryd word in gebed na binne en buite gevoer.<sup>903</sup> Na buite is dit 'n stryd teen die vyande van die kerk met die wapen van die gebed; na binne is dit 'n stryd om heiliging. In die gebed ontlai die spanning waarin die Christen daagliks stry teenoor die bose in die wêreld. Die gelowige word so betrek by die uitvoering van God se wil.<sup>904</sup> Die geloofstryd in Frankryk, die hele reformasie, selfs woelinge op politieke terrein, vorm deel van Calvin se gebedsdienste. Calvin se gebede skep die indruk van 'n stryd vir die waarheid, 'n stryd waarin gebed onontbeerlik is.<sup>905</sup>

Die stryd word ook na binne gestry. Daarom is Calvin se gebedstryd nie 'n geval van hoogmoed of Fariseïsme nie. Die gebed om heiliging, om oorwinning van God se saak in sy eie lewe, neem die grootste plek in.<sup>906</sup> Calvin se persoonlike embleem word daarom voorgestel deur 'n oorwonne hart.<sup>907</sup> Die bedoeling met voortdurende skuldbelydenis is oorwinning oor die sonde.<sup>908</sup> Skuldbelydenis staan nooit in Calvin se godsdiensbeoefening op sy eie nie, maar is altyd 'n konkretiserende gevolg op uitleg van die teks in die prediking. So is skuldbelydenis geen

---

<sup>901</sup> 'Daaruit volg dat dit onmoontlik kan gebeur dat die duiwel met die hele toerusting van die wêreld die kerk ooit kan vernietig, omdat dit op die ewige troon van Christus gegrondves is.' (*Inst II*, 15, 3: 652)

<sup>902</sup> Verwys na C O, 27, 462, preek oor Deut, 17:14-18.

<sup>903</sup> This passage reminds us that, so long as the Church continues her pilgrimage in the world, she lives amongst her foes, and would be exposed to their violence, if Christ were not always at hand to grant assistance. (*Com. Luk 1:71*)

<sup>904</sup> Sien veral Calvin se uitleg van die derde en sesde bedes van die 'Ons Vader'.

<sup>905</sup> 'n Voorbeeld is een van Calvin se laaste briewe (1555) aan Renata van Ferrara. In gebed neem Calvin deel aan die stryd. 'Call upon Him, trusting that He is sufficient to help our infirmities, and mediate on those noble promises which are to exalt us by the hope of glory in the heavens.' (Calvin 1980:167)

<sup>906</sup> Krusche wys op die samehang van die koninklike amp en die heiliging. Wys op 'n individualisering van die stryd tussen Christus se ryk en die ryk van die duiwel. 'Calvin definiert das Reich Christi bzw. das Reich Gottes oft einfach als das neue geistliche Leben, als die Wiedergeburt, die in den Glaubenden angefangen hat, und nennt als Ort dieser Herrschaftsausübung unser Herz.' (Krusche 1957:336)

<sup>907</sup> Scholl sê in plaas van 'n individualisering van gebed moet eerder van 'n konkretisering, 'n eksistensiële word van die koninklike amp in gebed praat. (Scholl 1965: 236) Die stryd tussen die Godsryk en die goddelose magte in die wêreld speel ook af binne elke Christen. Twyfel is hiervan 'n kenmerkende moment. Krygsdiens van Christus gaan gepaard met gebedstryd. 'David, accordingly, having been tossed with various tempests, at length recovers himself, and shouts triumphantly over the troubles with which he had been harassed, rejoicing that whenever God displays his mercy and favour, there is nothing to be feared. This is farther intimated by the accumulation of terms which he employs, when he calls God not only his light, but his salvation, and the rock or strength of his life. His object was, to put a threefold shield, as it were, against his various fears, as sufficient to ward them off.' (*Com Ps 27:1*)

<sup>908</sup> Dit is die bedoeling agter die gereelde oggend en aand gebede.

hol frase nie, maar deel van die konkrete realisering van die koninklike amp van Christus in eie lewe. Dit blyk baie duidelik uit die funksie van die voorlesingsgebede.<sup>909</sup>

Ook hier is dit belangrik dat gebed as deelname aan die koninklike amp verbonde bly aan die Skrif. Die koninklike amp word nooit gesien as een of ander ideaal van self- of wêreld verbetering los van die Skrif nie.<sup>910</sup> Die deelname is prakties en konkreet en tog nie eie werk, los van Christus en sy Gees, nie. Daarom gaan dit nie om een of ander *imitatio Christi* as opoffering van die mens se kant tot selfroem nie.<sup>911</sup> Van die mens se kant gesien is daar geen krag en moed om te bid nie, maar die Gees help ons in ons swakheid. Agter Calvyn se praktiese en kragtige diens van gebed staan die grondliggende gedagtes oor gebed wat hy in sy 1559 uitgawe van die *Institusie* en in sy kommentaar oor Romeine 8 uitwerk. Dit handel oor gebed vanuit die eskatologiese werklikheid van kindskap van God.<sup>912</sup>

### **9.3.3 Deelname aan die priesterlike amp van Jesus Christus**

Die behandeling van die priesterlike amp kom laaste aan die beurt. Hierdeur beklemtoon Calvyn die middelaarskap van Jesus Christus. Die unieke karakter wat dit aan die Christen se gebede verleen is die belangrike plek wat voorbidding inneem. In Calvyn se eie gebede neem dit in omvang die grootste plek in.<sup>913</sup> Hierdie feit getuig van 'n naasteliefde wat baie verder strek as enige medemenslikheid. '*Das Beten Calvins mündet aus in ein Meer der Fürbitte, in ein Ringen um das Heil des leibes und der Seele von vielen.*'<sup>914</sup> In die *Institusie* II, 16 werk Calvyn die nut van Christus se hemelvaart uit, asook sy ingaan in die heiligdom vir ons, en wys uitdruklik na die betekenis van sy hoëpriesterlike gebed.<sup>915</sup> Omdat Jesus Christus vir ons intree, daarom bestaan

---

<sup>909</sup> Die beste voorbeeld op die vlak van persoonlike heiliging word gevind in Calvyn se voorlesingsgebede. Scholl wys daarop dat nie 2 van die 526 voorlesingsgebede dieselfde is nie. Die hele terrein van die lewe en die Bybel kom daar na vore. (Scholl 1968:237)

<sup>910</sup> Scholl maak die opmerking dat in die ganse teologie daar nie 'n beter voorbeeld is van gebede wat gevorm is deur die Skrif as by Calvyn nie. Voorbeelde: Dan. 3:19-25, natuurlike Godskennis reik alleen so ver dat dit mens aantoon in sy eie blindheid; C O, 40, 634 ev.; Dan, 5:6-11 – wetenskap sonder goddelike verligting maak alles deurmekaar. Die gebed handel oor die ware leer van Jesus Christus. (op cit 238 en 239)

<sup>911</sup> Van die koninklike amp sê Calvyn: 'Omdat die Gees in besonder op die lewe in die hemel gerig is, is daar nie 'n druppeltjie krag in ons wat die Heilige Gees nie in ons indrup nie. Hy het sy setel in Christus gekies sodat die rykdomme van die hemel waaraan ons so arm is, uit die bron oorvloedig na ons kan afvloei.' (*Inst.* II, 15, 5: 654)

<sup>912</sup> Oor hierdie koninklike amp van die Christen skryf de Quervain. 'Der Ausdruck dafür, dass der Christ schon in diesem Leben an der Herrschaft Gottes teil hat, ist das Gebet durch den Heiligen Geist (Rm. 8), wie es im Gebet des Herrn kund wird. Für das Größte und das Kleinste ist der Geist verantwortlich; die Macht über alles ist ihm als dem Kinde Gottes geschenkt. Freilich nicht die Macht um durch das Gebet ein eigenes Regiment – das Regiment der Ersten und Guten – aufzurichten. Es geht ihm um die Verherrlichung des Namens Gottes, um das Kommen einer Herrschaft, um die Erfüllung eines Willens. So wird es deutlich, wie der rechte Gebrauch der Gabe des Gebetes unlösbar mit der Erkenntnis Jesu Christi, seines Kreuzes und seiner Auferstehung, mit der Erkenntnis dessen, was dem Menschen allein das Heil bringt, verbunden ist.' Quervain, de A 1946. *Die Heiligung*. Zurich: Evangelischer Verlag, 63.

<sup>913</sup> Kry ons hier 'n ander beeld van Calvyn? Calvyn as teoloog van die gemeente!

<sup>914</sup> Scholl 1968:240.

<sup>915</sup> 'Want soos ons gesê het, gaan die toegang tot God nie deur ons of ons gebede oop nie, tensy 'n priester ons van ons smette reinig, ons heilig maak en sy genade vir ons verkry waarvan die onreinheid van ons oortredinge en ons

gebed vir 'n Christen veral uit die bediening van voorbidding.<sup>916</sup> Calvyn beskryf nie net die priesterlike diens van die gebed nie, maar beoefen dit self.<sup>917</sup>

Die reikwydte van voorbidding wys op die reikwydte van ware godsdiens by Calvyn. Vanuit die Woordverkondiging en daaruit voortspruitende voorbidding as eerste antwoord, ook as aanloop tot die etiek, word 'n breë horison oopgesluit. By Calvyn en sy gemeente was voorbidding 'n ware bediening.<sup>918</sup> Calvyn het self ook voorbidding verlang. In wese gaan voorbidding om die uitdeel van die priesterlike seën van die lidmate van Christus onder mekaar. Daarom word die hele gemeente opgeroep tot voorbidding. Veral gebede vir vervolgte broers en susters dra vir Calvyn baie gewig. Calvyn sien hierdie gebed in 'n spesiale lig, want die vervolgdes is die oorwinnaars.<sup>919</sup> Calvyn troos en bemoedig voortdurend die moedeloses met kragtige Bybelse vertroostinge en herinner hulle aan hulle priesterlike diens.

Die omvang van Calvyn se voorbidding gee vir ons 'n kykie in die betekenis van die diens van gebed. Calvyn beoefen die geestelike versorging in gebed in die wydste sin van die woord. Alle node en probleme word opgedra in voorbidding. Geestelike versorging word nie gesien as psigologiese leiding nie, maar as versorging van die kudde in gebed; gebed en die bediening van die Woord neem 'n belangrike plek in. Calvyn se gebede sou aanleiding kon gee tot die uitwerk van 'n leer oor geestelike versorging. In gebed word die enkeling met sy vrae oorgegee aan die sorg van die eintlike Herder. Calvyn skroom nie om die kleinste sake in gebed voor God te bring nie.<sup>920</sup> Die gebed as priesterlike diens van voorbidding herinner ons telkens daaraan dat Christus werklik mens geword het, werklik die mens se nood op Hom neem; Christus wat nie alleen die Oorwinnaar is nie, maar ook die Offer.

sondes ons weerhou ... [H]ieruit volg dat Hy vir ewig ons Voorbidder is, deur wie se voorspraak ons God se guns verkry. Daaruit spruit nie alleen vertroue om te bid nie maar ook rustigheid vir die gewete van godvrugtiges wanneer hulle onbesorg op die vaderlike goedheid van God steun en vas en seker daarvan oortuig is dat alles wat deur die Middelaar geheilig is, Hom behaag.' (*Inst*, II, 15, 6: 656-7)

<sup>916</sup> Sien die verklaring by 1 Joh 5:16. 'And surely it is an iron hardness to be touched with no pity, when we see souls redeemed by Christ's blood going to ruin. But he shews that there is at hand a remedy, by which brethren can aid brethren. He who will pray for the perishing, will, he says, restore life to him;' (*Com*. 1 Joh 5:16)

<sup>917</sup> Hier kan verwys word na die vaste gebede in die Geneefse liturgie veral die voorbidding vir die Sondag godsdiens. Voorbidding word gedoen vir 1. diegene behorende tot die wêreld; 2. diegene behorende tot die geestelike; 3. alle mense; 4. mense in verskeie node; 5. die geloofsvervolgdes. (O S. II, 20 – 23) Daar is ook die korter voorbidding by die daaglikse godsdiens oefening. Beginnende met 1. die gebed vir alle volke en nasies; 2. die gebed vir die regeerders; 3. gebede vir volke en enkelinge in konflik en nood; 4. 'n langer bede vir die vervolgdes; dan gaan die voorbidding oor na die 'Ons Vader'. 'n Kort bede om volharding loop oor na die Geloofsbelydenis en die afsluiting van die godsdiens. Daarnaas is daar ook die langer voorbidding as deel van die byeenkoms in die middel van die week. Hierdie voorbidding is spesifiek en veral gemik op die huidige tyd. Persone vir wie voorbidding gedoen word, word by die naam genoem. Scholl verwys na *Opera selecta* II 1929. ed P Barth, G Niesel, D Scheuner. 29. München. Afk. O. S. (Scholl 1968: 242)

<sup>918</sup> Daar is ook Calvyn se persoonlike voorbidding wat duidelik uit korrespondensie na vore kom. Sedert 1536 is daar geen brief wat nie eindig met voorbidding vir die geadresseerdes nie. Calvyn se briedewisseling was deel van hierdie diens. (Calvijn 1961/1962:3)

<sup>919</sup> Scholl 1968:244.

<sup>920</sup> Talryke voorbeelde hiervan is te vind in sy briewe.

Calvyn doen ook voorbidding vir die vervolgedes, so kom die verband tussen enkelinge en die kerk sterk na vore.<sup>921</sup> Calvyn doen ook voorbidding vir die kerk en sy reformasie. Nie alleen bid hy vir die ‘soldate’ aan die voorste front nie, maar ook vir die saak van die Reformasie van die kerk in sy geheel. Hier lê die *scopus* van Calvyn se voorbidding. Die Reformasie kan veral gesien word as ‘n vrug van die priesterlike gebedsdiens van die gemeente. Die Reformasie is nie alleen van regs en links bedreig nie, ook van binne. Die diens van die gebede is dus veral gebed vir die *ecclesia reformata semper reformanda*. Ook vir die leiers van die kerk het Calvyn gereeld voorbidding gedoen.<sup>922</sup> Daar is ook gebid vir die wêreldse owerhede. Calvyn handhaaf die selfstandigheid van kerk en staat teenoor mekaar. Die selfstandigheid van die staat was vir hom belangrik. Calvyn sien die staat nie as ‘n neutrale gegewe nie, maar as deel van die orde van God daar gestel in sy voorsienigheid. Daarom het die staat ‘n opdrag van God. Die gelowige het hierin ‘n verantwoordelikheid om vir die staat te bid. Hierin kom die solidariteit van die kerk en wêreld na vore. Veral deur voorbidding neem die gemeente sy politieke verantwoordelikheid op.<sup>923</sup> By Calvyn lei voorbidding ook tot daadwerklike betrokkenheid by politieke probleme.<sup>924</sup> Vir Calvyn gaan dit in hierdie betrokkenheid bo alles om die saak van God se Koninkryk. Calvyn beseft die saak van die reformasie staan nie los van wêreldgebeure nie.

Calvyn beoefen die diens van gebede ook teenoor sy vyand. In aansluiting by sy verstaan van die Ou Testament, sien Calvyn God se vyand ook as sy eie vyand; in die lig van die Nuwe Testament gehoorsaam hy die gebod tot vyandsliefde. Dit vra van hom as Christen ‘n onderskeidingsvermoë. Die aanklag van onmenslikheid kan dus nie teen Calvyn ingebring word nie. Voorbidding vir die vyand kan egter ook omslaan in ‘n ywer teen die vyand.<sup>925</sup> Die enigste geval waar Calvyn voorbidding uitsluit is in die geval van die Pousdom, juis omdat hierdie instansie God se eer ontnem. Calvyn tref ‘n onderskeid tussen instelling en persone.

Calvyn gee ook aandag aan die probleem van onverhoorde gebede. Hy sluit sy gebedshoofstuk in sy *Institusie* van 1559 af, met ‘n oproep tot volharding in die gebed. Daarmee sien ons die groot rede agter Calvyn se gebed en geloof in aanvegting. Juis Calvyn se teologiese vertrekpunt van Godskennis en selfkennis, skep die moontlikheid vir aanvegtinge. Die verdorwenheid van die mens gee aanleiding tot aanvegting. Veral in sy preke oor die boek Job behandel Calvyn hierdie tema, nie as ‘n blote teoretiese saak nie, maar as ‘n werklike nood. Calvyn deel self die ervaring

---

<sup>921</sup> As voorbeeld Calvyn se gebede aan vervolgte studente. Die martelare onderstreep die priesterlike diens van die gebede deur hulle dood heen.

<sup>922</sup> Calvyn bid in sy daaglikse godsdiens eenvoudig om goeie leraars. Hy vra ook dikwels voorbidding vir homself. ‘n Uitdrukking van radikale reformatoriese insig in die wese van die mens, veral sy eie.

<sup>923</sup> ‘How different is it to say, that we ought to pray for kings, in order that justice and decency may prevail, and to say, that not only the name of kingly power, but all government, is opposed to religion! We have the Spirit of God for the Author of the former sentiment, and therefore the latter must be from the Devil.’ (*Com.* 1 Tim 2:2)

<sup>924</sup> Calvyn se voorbidding is in hierdie geval baie konkreet.

<sup>925</sup> Sien Calvyn se brief aan Renata van Ferrara in Jan. 1564 in aansluiting by sy uitleg van Ps. 18:48.

van onverhoorde gebede, wat 'n brandende kwessie is vir die tweede geslag van die Reformasie. Calvyn vind in die Skrif dat die verskynsel van onverhoorde gebede deel is van gelowiges se lewe.<sup>926</sup> In die Bybel word geloof geteken as 'n lewe van aanvegting.<sup>927</sup> Die gelowiges van alle tye ervaar dat gebede soms onverhoord bly. Dit kan feitlik nie anders as gebed deelname aan die amp van Jesus Christus is nie, die Een wat in sy lyding Psalm 22 gebid het.

Calvyn begin nie by die vraag of gebed verhoor word nie, Calvyn begin by die belofte dat God wel gebede verhoor. Hier dink Calvyn vanuit die voorsienigheid van God. In die eerste plek beteken dit dat God elke gelowige se gebed hoor.<sup>928</sup> Calvyn dink ook vanuit die eskatologie.

Vir die dissonansie van onverhoorde gebede, vind die gelowige 'n oplossing in die eskatologiese boodskap.<sup>929</sup> Dis belangrik om in te sien dat God elke gebed, in geloof uitgespreek, verhoor. Oor die 'hoe' kan God egter nie voorgeskryf word nie. Calvyn wys ook op die goddelike leerskool.<sup>930</sup>

Daarom eindig sy hele gebedsleer met die oproep tot volharding in gebed. So roep Calvyn telkens die gemeente op en sluit die gebedshoofstuk van die *Institusie* met die volgende: '...want as daar in gebed nie standvastigheid van volharding is nie, bereik ons niks deur te bid nie.'<sup>931</sup> Om tot gebed op te roep is vir Calvyn sy belangrikste pastorale taak.<sup>932</sup>

#### **9.4 Die gebedspraktyk by Calvyn**

'Die man wat oor homself swyg'; '*De me non libenter loquor*', gee ons 'n kyk in sy gebedslewe.<sup>933</sup> Calvyn se gebede kan ingedeel word in liturgiese gebede, voorlesingsgebede, en gebede in sy briewe. Belangrik is dat Calvyn se openbare en persoonlike gebede nie van mekaar geskei kan word nie. Veral in sy briewe kry ons 'n meer persoonlike blik. Alhoewel min bekend

<sup>926</sup> In die moeilike jaar 1559 skryf hy: 'Want in die psalms kan ons dikwels sien hoe Dawid en ander gelowiges wanneer hulle skynbaar amper moeg geword het om te bid en gate in die lug geslaan het omdat God vir hulle woorde doof gebly het, nogtans nie daarvan afsien om te bid nie. Want as geloof nie bo alle gebeure gestel word nie, word sy gesag nie vir God se Woord opgeëis nie.' (*Inst.* III, 20, 51, 1155)

<sup>927</sup> 'Here there is shown the constancy of faith, in that the long duration of calamities could neither overthrow it, nor interrupt its exercise. The true rule of praying is, therefore, this, that he who seems to have beaten the air to no purpose, or to have lost his labour in praying for a long time, should not, on that account, leave off, or desist from that duty.' (*Com. Ps. 22: 2*) Calvyn wys egter ook op 'n gedeelte soos 2 Kor. 12:8.

<sup>928</sup> 'maar terwyl Hy ons oënskynlik laat wag, toon Hy nogtans op 'n manier wat vir ons onbekend is, dat ons gebede nie tefergeefs was nie.' (*Inst.* III, 20, 59: 1156)

<sup>929</sup> 'Want al sou alles ons in die steek laat, God sal ons nooit verlaat nie omdat Hy die verwagting en lydsaamheid van die wat aan Hom behoort, nie tot niet kan laat gaan nie. Hy alleen sal alles vir ons wees omdat al die seëninge wat Hy eenmaal op die oordeelsdag aan ons sal openbaar waarop Hy sy koninkryk aan ons bekend sal stel, in Hom saamgevat word.' (*ibid*)

<sup>930</sup> 'Want die Here beproef die wat aan Hom behoort, nie met ligte beproewings nie en hy oefen hulle nie sagkens nie, maar Hy dryf hulle dikwels tot die uiterste toe en wanneer hulle daarheen gedryf is, laat Hy hulle lank in die slyk bly voordat Hy hulle enige smaak van sy soetheid bied.' (*ibid*)

<sup>931</sup> *ibid*.

<sup>932</sup> Verdere gebedshulp verwys Calvyn na die belang van vaste gebedstye. Calvyn neem egter nie hiermee ou gebedspraktyke oor nie. Dit gaan om hulp in ons swakheid. So neem ons deel aan die heiliging wat in Christus geskied het. Ons heilig ons tyd nie self nie. 'n Verdere hulp sien Calvyn ook in gemeenskaplike gebed; ook die liturgiese gebede is 'n hulp by die persoonlike gebed. So ook die sing van liedere.

<sup>933</sup> Calvyn se oordeel oor homself in sy antwoord aan Sadolet. 'I am unwilling to speak of myself.' (Calvin 1954:225)

is van Calvyn se bekering, kan met sekerheid gesê word dat sy bekering ook sy gebedslewe geraak het. Voor reformatories, was gebed nie eerstens gegrond in die Woord nie; gebed was die saak van 'n klein groep ingewydes, besig met hemelse en verborge filosofieë;<sup>934</sup> gebed is ingespan as deel van 'n proses van verdienstelike dade. Gebed het 'n werk geword wat van God skei, in plaas daarvan dat dit 'n vanselfsprekende vrug van die geloof is. Los van die Woord van Christus het gebedsverhoring onseker geraak. Langs dié weg kon die gewete nooit waarlik rus vind nie, dit wat vir Calvyn beslissend vir ware teologie is. Valse leer en valse gebed wat daarmee saamgaan was nie vir Calvyn 'n noodlot waaraan die mens niks kon doen nie, maar deel van die mens se eie skuld. Bekering tot die evangelie, bring 'n wending teweeg, weg van die gebede om die voorbidding van die heiliges en vir die afgestorwenes; wat die geloofsleer betref, 'n wending weg van die etiek van die wettiese verdienstelike, tot die liefde wat Jesus Christus self verwesenlik. In plaas van die monnik, besig in asketiese afsondering, maar ook ten diepste eintlik besig met die saak van eie redding, voer die reformatoriese keuse Calvyn terug na die gemeente. En in die gemeente word die gebed toeganklik vir elke gelowige as vanselfsprekende uiting van die geloof.

Tog moet Calvyn in 1536 standpunt inneem teen 'n individualistiese misverstaan van die geloof en duidelik maak dat die reformatie nie die einde van kerk en godsdiensbeoefening beteken nie, maar wel beoefening van ware godsdiens.<sup>935</sup>

Calvyn se eerste jare in Genève, vanaf 1536 – 1538, speel 'n belangrike rol. Belangrike sake waaraan Calvyn aandag gee is voorlesings oor die Romeine brief. Hy gee ook aandag aan die invoer van Psalm-sang in die godsdiens. 'n Belangrike beginsel vir Calvyn is dat dit altyd in die godsdiensbeoefening gaan om die eer aan God, want daarin lê die gelowige se enigste ware troos. 'n Voorveronderstelling vir gebed is 'n godsdiens wat waarlik troos bied. Gebed is vir Calvyn onontbeerlik in die opbou van die gemeente, daarom is dit belangrik dat elke lidmaat leer wat gebed behels. Calvyn se woorde in die eerste uitgawe van die *Institusie* is juis dat God gebed gegee het ter wille van die gelowige.

Wat uitstaan in Calvyn se tyd in Straatsburg, waar hy werk onder die klein vlugteling gemeente, is die geestelike versorging van die lidmate. Dit word veral ook duidelik uit sy briewe.<sup>936</sup> Hier kom die ekumeniese dimensie van sy gebed ook na vore.

In sy tweede verblyftyd in Genève, sit hy sy aanvanklike werk voort. Die diens van gebede raak toenemend belangrik. Letterlik alles wat Calvyn doen en sê vorm deel van die bediening van gebed en word daardeur gevorm. So vind gebedsvolharding uiteindelik neerslag in die groot

---

<sup>934</sup> Scholl 1968:187.

<sup>935</sup> Sien sy inleiding in die *Institusie* van 1536.

<sup>936</sup> Scholl 1968:194.



gebedshoofstuk van sy *Institusie* van 1559. Die geheim van Calvyn se gebedsleer, lê juis in die toeganklikheid van gebed. Wanneer Calvyn saam met sy gemeente in gebed antwoord op die Woord, word met die ‘mond van Jesus Christus’ gebid.

Die frase ‘*De me non libenter loquor*’ mag die indruk skep dat Calvyn nie maklik gebid het nie. Belangrik in ‘n beoordeling van Calvyn se gebedslewe, is dat daar by hom ‘n eenheid is tussen persoon en saak, sy briewe getuig hiervan. In Calvyn se gebede kom ook sy verhouding met familie, vriende, sy siekte en die dood ter sprake. Calvyn bedank sy vriend, Viret, vir ‘n troosbrief na die afsterwe van sy vrou. Hierin sien Calvyn iets meer as net persoonlike meegevoel, deur middel van voorbidding is mense vir mekaar tot seën, ‘n gedagte wat aansluit by die priesterlike seën.<sup>937</sup> Calvyn se eie siekbed, veral die jare 1558/9 is gedra deur gebed. Veral Calvyn se uitleg van Psalm 30 speel ‘n belangrike rol ten opsigte van sy gebedservaringe. Die groot nut van ons beproewinge is dat ons God opnuut om genade bid. Tot die laaste oomblikke van sy lewe bly Calvyn getroue bidder.

‘n Kort historiese blik oor Calvyn se lewe roep ‘n ander beeld van Calvyn na vore. Scholl praat van ‘*Calvinus orans*’. Kan ons praat van ‘n mensliker beeld van Calvyn?’<sup>938</sup>

Calvyn sien gebed as die vanselfsprekende uitdrukking van sy geloof; ‘n geloof wat hom as mens persoonlik raak. Wanneer mens Calvyn se gebede lees, sien mens dat sy bediening hom baie na aan die hart lê.<sup>939</sup> Juis word daar begin met vrye gebede in die openbare en private godsdiens. Calvyn is bekend onder sy tydgenote vir sy vrye gebede na sy voorlesinge; Calvyn bid van harte.<sup>940</sup>

Calvyn verstaan God as ‘n God van nabyheid, sonder hierdie nabyheid kan die omvang van Calvyn se gebede nie verstaan word nie. Calvyn leef in die besef van God se hand oor sy lewe.<sup>941</sup> By al die lig wat die ‘*Calvinus orans*’ op die Calvyn-beeld werp, is dit nodig om by te voeg dat Calvyn geen mediterende bidder, geïnteresseerd in eie vroomheid was nie.<sup>942</sup> Vir Calvyn was

<sup>937</sup> op cit 205.

<sup>938</sup> ‘Calvin “kann” beten.’ Oor die menslike sy van Calvyn sien Stauffer, R 1964. *Calvins Menschlichkeit*, Theol Studien Heft 79, Zürich. (Scholl 1968:207)

<sup>939</sup> ‘J. Calvin, der Jurist, ist, will man nüchterne Unerbittlichkeit zum Ma-Stab erheben, vielleicht der Frömmste.’ (Locher 1957:566)

<sup>940</sup> Scholl haal aan uit ‘Wie ein Symbol, so verbirgt sich hinter der theoretisch behelrenden und praktisch eingreifenden Arbeit des Genfer Reformators Dürers Blatt, das die zum Gebet zusammengelegten Hände zeigt.’ Smidt, U 1930. *Das Gebet bei Calvin*, RKZ, 80, 97. (Scholl 1968: 208)

<sup>941</sup> ‘*coram summo iudice angelos et vos omnes (sy landgenote) habeam testes.*’ Aangehaal uit sy voorwoord tot sy Daniël voorlesing wat handel oor die vraag na die Reformasie in Frankryk. ‘Dieser Gedanke, dass der Himmel auf ihn herabschaut, belebt für ihn die ganze Welt, und er scheint immer in diesem Bewusstsein gehandelt zu haben. Dieser Ausdruck ist um so überraschender, da er mit allen Reformatoren gegen die Anrufung der Engel und der Heiligen protestiert, daher die Engel überhaupt in unsere Kirche so seht vergessen worden sind.’ Henry, P 1835/1844. *Das Leben J. Calvins, des großen Reformators*. Bd, I, Hamburg. 483/4.

<sup>942</sup> Calvyn se woorde aan Sadolet, dat dit teologies nie reg is wanneer die mens te veel met homself besig raak nie. ‘it is not very sound theology to confine a man’s thoughts so much to himself, and not to set before him as the prime motive of his existence zeal to show forth the glory of God. For we are born first of all for God, and not for ourselves.’ (Calvin 1954: 228)

gebed 'n bediening.<sup>943</sup> Die profete van die Ou Testament was sy voorbeeld. Telkens laat die Christologiese trekke in Calvyn se gebede die klem val op God se goedheid en op gebed as bediening.

### **9.5 Die gemeente as ruimte vir die diens van gebed**

Die ruimte van die diens van die gebede is die kerk.<sup>944</sup> Calvyn sien die gebed in die gemeente as die 'geboorteplek' vir persoonlike gebed. Calvyn praat ook van die kerk as moeder van die gelowiges.<sup>945</sup> Tog verneem ons feitlik niks oor die gebed in boek IV van die *Institusie* wat handel oor die kerk nie. Wat wel oor die plek van gebed in die liturgie gesê word is te vind in die groot gebedsdeel van *Institusie* III, 20. Sonder om die gebed van die enkeling en die openbare gebed in die gemeente teen mekaar af te speel, wys Calvyn op die belang van die regte gesindheid. As Calvyn die liturgie aan die orde stel, beteken dit niks sonder dat die mens se 'hart' daarin is nie.<sup>946</sup> Daarmee beklemtoon hy die geestelike, versorgende, en dienende karakter van die liturgie. Die liturgie is nie 'n doel op sigself nie, maar het 'n dienende funksie. Die bedoeling is om die mens tot ware troos te bring. Die liturgie wat Calvyn voorstel is dus gestroop van die triomfantelike; die eenvoud daarvan spreek van 'n geestelik versorgende kerk.<sup>947</sup> Hierdie liturgiese verskynsel is 'n algemeen reformatoriese verskynsel.<sup>948</sup>

Daarmee saam bewaar en beklemtoon Calvyn die 'ekumeniese' karakter van gebed. Ons sien dit reeds in die verklaring van die 'Ons Vader' gebed. Die verinnerliking beteken nie 'n verenging nie, dit beteken wel gebed kom tuis in die ruimte van die kerk, in die ruimte van die Ryk van God. 'Ekumenies' sluit aan by die gedagte van die 'ons' van die 'Ons Vader' gebed. Die 'ons' van die 'Ons Vader' verplig wel tot voorbidding vir alle mense; tog begrens dit uit die mensdom die gemeente van alle tye en ruimtes wat God as Vader aanroep. In voorbidding word die gemeente gerig tot 'n ekumeniese betrokkenheid. Hier word Calvyn nie gelei deur eie ervaring

---

<sup>943</sup> 'Two kinds of prayer, therefore, exist; one which we ought to practice daily, in the morning, evening, and if possible, every moment; for we see how constancy in prayer is commended to us in Scripture. (Lu 18:1; Ro 12:12; 1Th 5:17). The second kind is used, when God denounces his wrath against us, or we have need of his special aid, or seek anything unusual from him.' (*Com. Dan.* 9:1-3)

<sup>944</sup> Niesel 1957:157.

<sup>945</sup> *Institusie*, IV, 1.

<sup>946</sup> 'Hy beloof dat God vir wie ons liggame tempels moet wees, naby die ontroering van ons hart sal wees... maar Hy toon aan dat 'n gebed iets heimlik is wat besonderlik in die hart geleë is,' (*Inst* III, 20, 29, 1126) 'Hierbenewens is dit meer as duidelik dat spraak of sang, as dit in die gebed voorkom, van geen belang is of 'n haarbreedte voordeel by God inhou as dit nie uit diepe ontroering van die hart kom nie.' oor sang: 'Maar ons moet nogtans versigtig waak dat ons ore nie meer op die melodie gesteld is as ons harte op die geestelike betekenis van die woorde nie.' oor openbare gebed: 'Nogtans moet ons ten volle daarvan bewus wees dat dit hoegenaamd nie moontlik is, nóg in openbare gebed nóg in persoonlike gebed, dat die tong sonder die hart God baie kan behaag nie.' (*Inst.* 20, 31 – 33, 1127-1131)

<sup>947</sup> Scholl 1968:213.

<sup>948</sup> Locher 1957:566.

nie, maar deur die Skrif.<sup>949</sup> Calvyn se ekumeniese visie strek verder as die eenheid van die kerk in sy eie tyd.<sup>950</sup> Die ekumene verbind geslagte in Jesus Christus.<sup>951</sup> Die biddende kerk is volgens Calvyn ‘n ekumeniese kerk van alle tye en plekke. Daarvolgens moet sy gebedsreëls ook verstaan word. Gebed is nie ‘n handeling wat oorgelaat word aan die individu, soos die ‘gees’ hom lei nie; hulp tot gebed is nodig. Daarom moet die gebed van die enkeling deel wees van die gemeenskaplike gebed van die kerk.<sup>952</sup> Dis gebed in lyn met die ‘Ons Vader’ wat selfs in die tyd van skeuring soek na eenheid. Uiteindelik gaan dit vir Calvyn nie om sy kerk of sy verstaan van Christus nie, maar om Jesus Christus wat regeer. Dit gaan om ‘n eenheid in Hom; Hy is die ware Leermeester van gebed.

---

<sup>949</sup> Dis veral die Skrif wat Calvyn tot ekumeniese denke voer. Sien sy preek 1 Tim 2: 8 waar hy die eenheid met die Lutherane in gebed beklemtoon. Calvyn se beroemde sin in die verband. ‘So much does this concern me, that, could I be of any service, I would not grudge to cross ten seas, if need were, on account of it.’ in sy brief aan Cranmer met die oog op ‘n evangeliese vergadering (April 1552) in Calvin, J 1980. *Letters of John Calvin: selected from the Bonnet Edition*. Pennsylvania: The Banner of Truth Trust, 133.

<sup>950</sup> reeds in die *Institusie* van 1543 luister Calvyn ook na die oudkerklike vaderstemme oor gebed. (Scholl 1968:215)

<sup>951</sup> Calvyn haal Augustinus dikwels aan, maar staan krities teenoor sekere gebedspraktyke; Calvyn vind meer aansluiting by oud oosterse kerklike ontwikkelinge soos die gebedsvermaning aan die einde van sy preke wat oorgaan in die gemeente gebed.

<sup>952</sup> Sluit die ekumeniese dimensie die Rooms-Katolieke kerk in? ‘n uitdruklike nee sou die eskatologiese dimensie van God se oordeel uitsluit. ‘n Ongekwalifiseerde ‘ja’ sou ok onmoontlik wees. Dit sou beteken dat Rome as kerk erken word. Hierdie nee gaan egter gepaard met die hoop tot ‘n gesprek. Vergelyk Calvyn se kommentaar by Joh 17:9.

### 9.3.1 Deelname aan die profetiese amp van Christus

In die belangrike werk van W. Kolffhaus, is die sentrale betekenis van die gemeenskap van die gelowiges met Christus in die denke van Calvyn uitgelig. Wat egter te kort skiet is die plek van gebed in samehang met die Christus gemeenskap en in samehang met die amp van Jesus Christus.<sup>891</sup> Vanuit die drievoudige amp van Christus word die praktiese diens van gebede reg verstaan.<sup>892</sup>

In die Christologiese deel van die *Institusie*, II, 15, 2, omskryf Calvyn die betekenis van die profetiese amp as volg: ‘Hier moet ons weer daarop let dat Hy die salwing nie alleen vir homself ontvang het om sy leerfunksie te verrig nie, maar ook vir sy hele liggaam, sodat die krag van die Gees met die voortdurende verkondiging van die evangelie ooreenstem.’<sup>893</sup> Deur die werking van die Heilige Gees is die profetiese amp van die Christen die bediening van die Woord, die verkondiging. Dit gee aan die gebed ‘n spesiale klem. Die gebed is onderskeie van die verkondiging en tog nie te skei nie. Die profetiese amp kan ook in ‘n sekere sin as die eintlike amp van Christus behandel word, waaruit die ander twee ampte as verdere konkretisering voortspuit.<sup>894</sup> Die profetiese amp wys die bidder op die lewende geheimenis van die gebed. In Calvyn se gebede na die prediking kom hierdie aspek duidelik na vore.<sup>895</sup> Hier vorm gebed deel van die verkondiging, maar tog is dit reeds bediening aan die gemeente as uitdrukking van *Institusie* II, 15, 2. Ook sy voorlesings, sluit Calvyn af met gebed as antwoord op die teks en toegepas op die konteks van die hoorders; die voorlesings toegespits op geloofsleer, bereik eers sy doel in die gebed. So word die leraar ook voorbeeldige bidder. Die voorlesinge verkry ‘n lewende profetiese klem deur middel van gebed en gebed word deelname aan die profetiese amp van Christus.

Ook uit die inhoud van Calvyn se gebede, blyk duidelik die belang van die profetiese amp; veral ten opsigte van die ‘bede’ om sondevergifnis en die herinnering aan God se goedheid. In die

---

<sup>891</sup> Ons verwys veral na Kolffhaus, *Christusgemeinschaft bei Johannes Calvin*.

<sup>892</sup> Verhelderend is Calvyn se uitleg van Ps 20: 1: ‘The inscription shows that the psalm was composed by David; but though he was its author, there is no absurdity in his speaking of himself in the person of others. The office of a prophet having been committed to him, he with great propriety prepared this as a form of prayer for the use of the faithful.’ (Com. Ps 20:1)

<sup>893</sup> *Institusie*, II, 15, 2: 650.

<sup>894</sup> Jansen wys dat die behandeling van die drievoudige amp alleen voorkom in die Geneefse Kategismus van 1542, en die *Institusie* van 1559. Calvyn verwys meer na die tweevoudige amp. Niesel wys egter ook op die klem op die profetiese amp in eksegetiese werke. (Niesel 1957:115) Die afleiding kan gemaak word dat die profetiese amp ‘n unieke plek inneem. Nader te koppel is aan die persoon van Christus. Bybels gesien bestaan daar nie ‘n openbaring as gnosis nie. Daar is geen neutrale kennis van God nie. (Jansen 1956: 102) Ook dat die persoon van Christus ‘n lewende Persoon is wat altyd werksaam is, ook vandag. Dit is wat Calvyn met die profetiese amp van Christus onderstreep.

<sup>895</sup> Verwys veral na die slot gebede by Calvyn se preke en voorlesings. Eintlik nie gebede nie, maar vermaning tot gebed. Nie net die gemeente word aangespreek nie, ook God. ‘hence we can conclude that Calvin is addressing the congregation as well as God. He does extend his invitation to confession of sins to the congregation, himself always included, and he does remind it of the promises of God. But at the same time he indirectly calls upon God beseeching Him to pardon all offences, to grant His grace according to His promises.’ (Maurer 1959:29)

## 10 DIE 'ONS VADER' GEBED LEER ONS DIE LOGIKA VAN DIE GELOOF

Calvyn se uitleg van die 'Ons Vader' sluit aan by sy teologiese grondtema van kennis van God en kennis van die mens. Dit kom na vore in die tweedeling van die 'Ons Vader' waarvolgens die eerste drie bedes handel om God se saak, sonder dat die mens onbetrokke toeskouer is, en die laaste drie bedes wat handel oor die mens se saak, sonder dat God daarby onbetrokke is.<sup>953</sup>

Dis nodig om die logika van die geloof aan te leer. Juis daarom is die Ons Vader as 'modelgebed' nodig. Die ware heil vir die mens is onlosmaaklik verbonde aan die kennis en aanbidding van die ware God van die Bybel.<sup>954</sup>

### Die aanroep - die Vadernaam

Alles wat tot dusver gesê is, roep ons op tot gebed. Ons word geleer om God aan te roep as 'ons Vader in die hemel.' Jesus Christus nooi ons uit om sy gebed na te bid; om sy navolgers te word. Die uitleg van die 'Ons Vader' speel 'n belangrike rol in die waardering van Calvyn se teologie.<sup>955</sup> Calvyn voeg 'n verduidelikende gedeelte III, 20, 40, by die 1559 uitgawe van sy *Institusie* en plaas daarmee die uitleg van die 'Ons Vader' gebed binne die groter geheel van boek III van die *Institusie*, wat handel oor die werk van die Heilige Gees. Hierdie byvoeging bied 'n verduideliking en samevatting van die betekenis van die aanroep van God as Vader. Duidelik blyk dat die Vadernaam nie alleen Christologies uitgelê moet word nie, maar ook Pneumatologies.

Die 'Vaderskap' asook ons 'kindschap' en daarmee saam die verhooringsekerheid van gebed het 'n dubbele basis.<sup>956</sup> In die aanroep van God as Vader weerklink die Christologie. Christus se

---

<sup>953</sup> Die hoogagting vir die 'Ons Vader' gebed kom ewe eens voor by die kerkvaders en Reformatore. Omtrent almal van hulle het hulleself vroeër of later besig gehou met die uitleg van die 'Ons Vader'. Daar is die name van Origenes, Gregorius van Nyssa, Maximus Confessor, Tertullianus, Cyprianus en Augustinus en feitlik al die Reformatore, van Hus, tot by Luther en Calvyn. Tertullianus druk nogal duidelik die teologiese betekenis van die 'Ons Vader' uit in die pregnante formulering, "*breviarium totius evangelii*", 'n samevatting van die hele evangelie. Dit is ook dan in die sin waarin ons die studie oor die 'Ons Vader' wil aanpak. Lochman, J M 1988. *Unser Vater, Auslegung des Vaterunsers*, Mohn: Gütersloher Verl.-Haus, 20.

<sup>954</sup> 'The smashing of idols is not a narrow religious agenda, but has to do with creating a free space for the practice of humanness.' Brueggemann se kommentaar op Psalm 97 in Brueggemann W 1984. *The Message of the Psalms: A Theological Commentary*. Mineapolis: Augsburg, 147. Sien ook Calvyn se uitleg by Ps 97:1 'Jehovah reigns. His inviting men to rejoice, is a proof that the reign of God is inseparably connected with the salvation and best happiness of mankind.' (*Comm. Ps 97:1*)

<sup>955</sup> 'Wie sollte uns nicht die Erklärung gerade dieses so wichtigen und intimen Textes, wenn nicht in die ganzen, so doch in den echsten, sozusagen in den innersten Calvin einigermaßen hineinschauen lassen.' Scholl haal aan K. Barth, Calvin, *Theol. Existenz heute*, 37, 1936, 6. (Scholl 1968:142)

<sup>956</sup> 'In venturing, he says, to call God your Father, you have the advice and direction of the Spirit of Christ; therefore it is certain that you are the sons of God. This agrees with what is elsewhere taught by him, that the Spirit is the earnest and pledge of our adoption, and gives to us a well-founded belief that God regards us with a father's love.' (*Com. Gal. 4:6.*)

verdienste gee ons die reg om God as ons Vader aan te roep.<sup>957</sup> Die gelykenis van die verlore seun speel 'n belangrike rol in Calvyn se verstaan van God as 'Vader'.<sup>958</sup> Van hieruit kry Calvyn se gebede die karakter van deemoed as die regte houding van 'n kind teenoor sy hemelse Vader.<sup>959</sup>

'Boete is vreugde'.<sup>960</sup> Deemoed en vreugde is twee kante van dieselfde saak.<sup>961</sup> Die selfkennis en Godskennis wat saamkom in die aanroep van die Vadernaam is nie 'n menslike daad van selfverloëning nie, maar vloei voort uit die kennis van kindskap in Jesus Christus. Christus bid met ons en vir ons. Hy is die grond en inhoud van ons deemoed en van ons vreugde. Hier sluit Calvyn aan by Romeine 8 en beklemtoon die Pneumatologiese sy om tot 'n regte verstaan van die Vadernaam te kom. In *Institusie* III, 20, 36 sluit Calvyn ook aan by die Johannese gedagte van die wedergeboorte. Elke gelowige gebed is die gebed van 'n wedergeborene, dit wil sê die gebed van die Heilige Gees in ons. Die Vader aanroep hoort by elke bede.<sup>962</sup>

Die gebed van 'n kind is seker van verhoring. Om dit te beklemtoon wys Calvyn op die gelykenis van die verlore seun en sluit aan by die vrymoedige 'Abba' van Romeine 8:5. Die basis van hierdie kindskap is geen ongebonde natuurlike vroomheid nie; volgens Calvyn is vaderlike liefde slegs 'n swakke beeld vir die liefde van God. Hy sê as 'n druppel van hierdie liefde van 'n aardse vader tot soveel goedheid aanleiding kan gee, hoeveel te meer kan ons dit nie van God verwag nie.<sup>963</sup> Hierdie verhoringsekerheid van God se kind word deur die Heilige Gees in ons harte gewerk. In die uitleg van die 'Ons Vader' roep Calvyn die beeld van Jesus Christus na vore; in Jesus Christus is die verhoring van gebed verseker.<sup>964</sup>

---

<sup>957</sup> 'Juis op die drumpel van die gebed kom ons ten eerste teë wat ek vroeër al vermeld het, (*Inst.* 3, 20 en 21) naamlik dat ons elke gebed nie anders as net in Christus se Naam nie aan God moet bring omdat geen gebed in iemand anders se naam aan Hom gerig kan word nie. Want na aanleiding daarvan dat ons God 'Ons Vader' noem, hou ons bepaald ook die Naam van Christus voor.' (*Inst.*, III, 20, 36, 113-4) 'Jesus Christus ist der Geber und der Bürge der göttlichen Vaterschaft und unserer Kindschaft; das ist der Grund, warum *diese* Vaterschaft und *diese* Kindschaft unvergleichlich höher sind als jede andere, als alles was wir zwischen uns Vater, Sohn und Kinder nennen.' (Barth 1965:44)

<sup>958</sup> Sien *Inst.*, III, 20, 37: 1135.

<sup>959</sup> 'n Voorbeeld is die voorlesingsgebed by Amos 3:8-14. vgl. Ook die gebedvermaning by die preek van Gal 4:4-7, C O, 28, 596. Boete is die houding van die persoon wat onverdiend begenadig is. Dis die houding waar ware self en ware Godskennis bymekaar kom.

<sup>960</sup> Scholl verwys na Schniewind, J 1956. *Die Freude der Busse*, reihe 32. Göttingen: Kleine Vandenhoeck. (Scholl 1968:145)

<sup>961</sup> *ibid.*

<sup>962</sup> 'Wer betet "unser Vater" der bedenkt bei jeder Bitte, dass Gott als der Vater ihn reden heißt und ihn hört.' Quervain, de A 1948. *Das Gebet: Ein Kapitel der Christlichen Lehre*. Zürich: Evangelischer Verlag, 103.

<sup>963</sup> 'But if the little drops produce such an amount of beneficence, what ought we to expect from the inexhaustible ocean? Would God, who thus opens the hearts of men, shut his own? Let us also remember that passage of Isaiah, "Though a mother forget her children," (Isa 49:15), yet the Lord will be like himself, and will always show himself to be a Father. (*Com.* Mat 7:9)

<sup>964</sup> 'Mag ons ook uit hierdie aanspreekvorm 'n argument daarvoor put om te bewys dat al ons gebede in die middelaarskap van Christus gefundeer is soos ons tevore reeds gesê het? Ja, en dit (is) ook 'n baie grondige bewys want God beskou ons nie as sy kinders nie behalwe in soverre as wat ons lede van Christus is.' Geneefse Kategismus vraag 263. (*Kat* : 47)

Die uitleg en verstaan van die Vadernaam vat in beginsel alles wat Calvyn oor gebed wil sê saam. Hy lê dit mooi uit in sy preek oor Galasiërs 4:4-7; Die aanroep van die Vadernaam beskryf die wonder van kindskap. Hy beklemtoon die gedagte dat hierdie kindskap nie volgens enige verdienste is nie; kindskap is 'n gawe. As onverdiende wonder kan hierdie Naam alleen in nederige houding van verootmoediging uitgespreek word. Hier is nie plek vir selfroem nie, maar ook nie twyfel nie.<sup>965</sup>

Uit die kennis van die vaderskap van God spruit die erkenning, dat ware gebed 'n gawe van God is. Die erkenning van die vaderskap van God in gebed beteken dat God as my Vader my persoonlik ken. Belangrik is dat Calvyn hierdie kennis nie oriënteer aan een of ander formele kennisleer nie, maar aan die Skrif. Hierdie Woord van God as Leermeester is Jesus Christus, die 'Hermeneut' van die Vadernaam. Die eksistensiële klem van hierdie aanroep word in sy preek oor Galasiërs 4 beklemtoon, waar Calvyn die woord 'Abba' uitlig teen die agtergrond van die gebruik van sy tyd van onverstaanbare Latynse gebede. Daarmee beklemtoon hy dat die duidelikheid van gebed korreleer met die duidelikheid van die skrifboodskap; die bedoeling van gebed is juis om ons tot hulp te wees. Hierdie duidelikheid gaan gepaard met die besef: voor ons God geken het, Hy ons as Vader geken!<sup>966</sup>

Nie almal het die reg om God as Vader aan te roep nie, daarom beklemtoon Calvyn God se vaderskap in Jesus Christus. God is die Vader van sy gemeente wat seker mag wees van die verhooring van gebed.<sup>967</sup>

### **'Ons' - die rol van voorbedding**

In die aanroep van die Vadernaam vind gebed reeds plaas; 'ons Vader' wys ons op die keersy hiervan: ons voorbedding vir mekaar. Ook voorbedding vorm in 'n sekere sin die hele gebed in die realisering van die kennis dat ons voor God saam bestaan.<sup>968</sup> Hier gaan dit vir Calvyn oor die vraag na die naaste.<sup>969</sup> Deur God aan te roep as 'Ons Vader,' antwoord die mens op die vraag deur God gestel heel aan die begin, in Genesis,: 'waar is jy?'. Op die vraag: 'waar is jou broer?,'

<sup>965</sup> Scholl verwys na Calvyn se preek oor Gal. 4:4-7. (Scholl 1968:147)

<sup>966</sup> *ibid.*

<sup>967</sup> 'We are the sons of God, because we have received the same Spirit as his only Son.' (*Com. Gal*, 4:6)

<sup>968</sup> 'As ons dus nou, soos dit ons betaam, die begeerte koester om mekaar die hand te reik en mekaar te onderskraag, is daar geen opsig waarin ons ons medebroeders kan bevoordeel as om hulle aan die voorsienige sorg van die allerbeste Vader op te dra nie...met ons gebede kan ons selfs die vreemdste en onbekendste mense help, hoe ver hulle ook van ons geskei is.' (*Inst III*, 20, 38-39: 1136-1137)

<sup>969</sup> 'In seinem Gebet flüchtet Calvin nicht als einsamer zu dem Einsamen, mit denen gemeinsam er den Vater aller sucht. Aus der Anrede im Gebet des Herrn folgert er: "der Christ soll seine Gebete nach der Regel richtet. Dass sie auf die Gemeinschaft bezogen sind und alle einschließen, die in Christus seine Brüder sind." (III, 20, 38-39) Wir können es geradezu die Summe seiner Ethik nennen, das wir nur zusammen mit dem Nächsten und vor allem mit der Brüdern vor Gott erscheinen dürfen. Das ist der unerhörte Pathos diese Gemeinschaftsgedankens, nicht im Sinn einer allgemeinen ethische Sozialidee, sonder allein beherrscht von der Tatsache: Gott ist der Vater unser aller.' (Kolfhaus 1949:476)

antwoord hy met voorbidding.<sup>970</sup> Calvin sien die mens in gelykheid, geskape na die beeld van God; daarmee saam kom die liefdesplig.<sup>971</sup> Deur middel van voorbidding kom die werklikheid van die Godsryk en kerk bymekaar, vorm dit die twee konsentriese sirkels waarbinne voorbidding staan. Die kring van die gemeente geniet voorrang.<sup>972</sup> Die gemeente word gesien as hulle wat strydend in die wêreld staan as biddende en voorbiddende gemeente.<sup>973</sup> Voorbidding belig Calvin se ekklesiologie waarvolgens die voorbiddende gemeente ‘n ereposisie voor God inneem. Hy verwys na die kerk as ‘*die volheid van sy eniggebore Seun.*’<sup>974</sup> In hulle voorbidding neem die gemeente hierdie ereposisie in en realiseer hierdie volheid van Christus.

Die voorbiddende gemeente is egter nie ‘n doel op sigself nie. Ook vir hulle wat nog nie deel van die gemeente is nie word ingetree. Voorbidding word deelname aan die intrede van Jesus Christus vir alle mense.<sup>975</sup> Daarom relativeer dit wat in III, 20, 38-39 geskryf is ‘n ekklesiologie wat uitsluitlik vanuit die uitverkiesingsleer beskou word. Voorbidding kan nooit los staan van die liefdesdaad teenoor die naaste nie; die sosiale daad relativeer nie die belang van voorbidding nie. Voorbidding sluit die werklikheid van die naaste vir die bidder oop.<sup>976</sup> Ons het reeds in ‘n vorige deel gesien hoe wyd die voorbidding strek.<sup>977</sup> Voorbidding is vir Calvin deel van sy alledaagse gebedsoefening.<sup>978</sup>

---

<sup>970</sup> ‘Kortom: al ons gebed moet so wees dat hulle daardie gemeenskap in die oog hou wat ons Here in sy koninkryk en in sy huis tot stand gebring het.’ (*Inst*, III, 20, 38: 1137)

<sup>971</sup> ‘Het voornaamste, waarin de kinderen Gods zich hebben te oefenen, is het bidden. Want het is ook een duidelijk blijk van het echtheid van ons geloof, als wij onze toevlucht tot God nemen en wij Zijn naam aanroepen, opdat ieder niet enkel aan zichzelf denkt en over zichzelf bezorgd is, maar dat wij daaronder in het algemeen allen begrijpen, die met ons verbonden zijn en met wie wij eenige gemeenschap hebben.’ Preek uit 1 Tim, 2:1-2 in: Calvin, J 1938/1941. *Het Gepredikte Woord: Preken van Johannes Calvijn*, 2de druk. vert Douma J. Franeker: T Wever, 189.

<sup>972</sup> ‘‘n Christen moet dus sy gebede aan hierdie gebedsreël meet dat dit gemeenskaplik moet wees en almal moet insluit wat in Christus ook sy broers is ...’ (*Inst*, III, 20, 38: 1136)

<sup>973</sup> Calvin sluit sy gedeelte oor die voorbidding af met ‘n verwysing na 1 Tim 2:8; ‘Ons kan Paulus se aansporing aan die gelowiges van sy tyd hierop betrek, naamlik dat hulle oral rein hande sonder twis moet ophef. Want wanneer hy leer dat tweedrag die deur vir gebede sluit, wil hy dat hulle eendragtig hulle genade saam moet opdra.’ (*Inst*, III, 20, 39: 1137)

<sup>974</sup> *Inst*, III, 20, 38: 1136, n.a.v. Ef. 1:23.

<sup>975</sup> Calvin voltooi die aanhaling wat ons hierbo gegee het: ‘‘n Christen moet dus sy gebede aan hierdie gebedsreël meet dat dit gemeenskaplik moet wees en almal moet insluit wat in Christus ook sy broers is – en nie slegs die mense wat hy teenswoordig as sodanig sien en erken nie, maar alle mense wat op die aarde lewe.’ (*Inst*, III, 20, 38, 1136)

<sup>976</sup> Dit word duidelik in *Institusie* III, 20, 39, waar Calvin voorbidding vergelyk met geldelike bystand. ‘met ons gebed kan ons selfs die vreemdste en onbekendste mense help, hoe ver hulle ook al van ons geskei is.’ (op cit 1137)

<sup>977</sup> ‘As ons dus nou, soos dit ons betaam, die begeerte koester om mekaar die hand te reik en mekaar te onderskraag, is daar geen opsig waarin ons ons medebroers meer kan bevoordeel as om hulle aan die voorsienige sorg van die allerbeste Vader op te dra nie.’ (op cit 1136)

<sup>978</sup> Ons het reeds voorbeelde genoem van die konkrete en spesifieke wyse waarop Calvin voorbidding gedoen het. Ook die gedagte van die tug (*Institusie* IV, 12, 9) word in die regte lig gestel vanuit die diens van voorbidding. Die voorbidding vir vervreemdes en vyande van die gemeente neem ‘n belangrike plek in. Ook die gedooptes (*Institusie* IV, 15, 9), is aan hulleself oorgelaat nie. Selfs die staat as selfstandige grootheid word ingesluit in die voorbidding, sien IV, 20, 23 en 28. Voorbidding is dus baie wyd en tog doelgerig. Verwys na die omvangryke en toegespitste voorbidding in die Geneefse liturgie en veral die voorbidding in die weeklikse samekoms. (Scholl 1968:151)



Die woord *ons* raak 'n 'senuwee' van Calvyn se kerkbegrip. Calvyn verwerp die Rooms-Katolieke beskouing van die voorbidding van die heiliges.<sup>979</sup> In die plek van die heiliges wat voor Christus intree, sien Calvyn die voorbiddende gemeente. Calvyn se beswaar teen die Rooms-Katolieke beskouing is dat Christus se eer, sowel as die gemeente se eer aangetas word. Die eer van die gemeente is daarin geleë om as deel van die liggaam van Christus in te tree vir die nood van die naaste en die wêreld. Die geheim van voorbidding lê juis daarin dat ons deelneem aan Christus se intrede vir die wêreld, eintlik ook aan die werk van die Heilige Gees in ons.<sup>980</sup>

### ... in die hemel

Tipies lê Calvyn die woorde 'in die hemel' uit.<sup>981</sup> Hierin sien hy nie alleen 'n verdere aanmoediging tot gebed nie, maar ook 'n afgrensing.<sup>982</sup> Ons vind hier 'n soberheid in Calvyn se Godsbegrip, want 'in die hemel' beklemtoon God se 'transendensie'; nie as 'n filosofiese 'transendensie' nie, maar as 'n teologiese 'transendensie', want sy 'transendensie' sluit sy 'kondensensie' in. Vir Calvyn is God se 'transendensie' en 'kondensensie' onlosmaaklik verbind; God se almag en liefde gaan saam.<sup>983</sup> Reeds in 1536 leer Calvyn in sy 'ons Vader' uitleg: hierdie woorde herinner ons daaraan dat wanneer dit oor God gaan, ons ons gedagtes altyd hoër moet ophef: '*... wanneer ons dit hoor, moet ons ons gedagtes hoër ophef wanneer God ter sprake is, sodat ons niks aards of vleesliks van Hom sal versin of Hom aan ons eie afmetinkies sal meet of sy wil teen ons eie begeertes sal opweeg nie.*'<sup>984</sup> Beide hierdie eienskappe maak gebed moontlik. God se almag dra vir Calvyn net so veel pastorale gewig.<sup>985</sup>

Hierdie twee fasette van die logika van die geloof, kom ook verder in die uitleg van die 'Ons Vader' na vore. Die 'Ons Vader' word as gebed in twee dele verdeel, parallel aan die twee tafels van die wet.<sup>986</sup> Bedes 1-3 handel stel God se eer voorop. In Jesus Christus het God Homself

<sup>979</sup> *Inst.*, III, 20, 26-27.

<sup>980</sup> In Calvyn se uitleg van die 'ons' kan nie op verbeter word nie; die kerk van vandag skiet op hierdie punt ver te kort; is dit nie waar gemeente vernuwing moet begin nie?

<sup>981</sup> 'n Nuwer uitleg sien in hierdie woorde 'n verdere heilstoeseegging aan alle mense. 'n Ont-historisering van die gebed; Scholl verwys na Lohmeier, *Das Unser-Vater*. (Scoll 1968:152)

<sup>982</sup> III, 20,37; 'Die inleiding 'Ons Vader' moet geen vrees by ons inboesem nie, maar groot vertroue.'

<sup>983</sup> 'Father is the appellation given to him; and under this title Christ supplies us with sufficiently copious materials for confidence. But as it is only the half of our reliance that is founded on the goodness of God, in the next clause, who art in heaven, he gives us a lofty idea of the power of God. When the Scripture says, that God is *in heaven*, the meaning is, that all things are subject to his dominions, —that the world, and everything in it, is held by his hand, — that his power is everywhere diffused, —that all things are arranged by his providence.' (*Com. Mat.* 6:9) 'Die ganze Philosophie dreht sich um den Himmel; das Evangelium allein spricht uns von dem, der in Himmel, ja jenseits des Himmel ist. Kein Spiritualist, Idealist oder Existenzialist kann uns zu der Wirklichkeit Gottes führen, zu *seiner* Transzendenz, die eine andere Sache ist als Geist und Unsichtbarkeit. Seine Transzendenz wird erwiesen, enthüllt, verwirklicht in Jesus Christus, in der Tiefe seines allmächtigen Erbarmens.' (Barth 1965:46)

<sup>984</sup> *Inst.*, III, 20, 40: 1138.

<sup>985</sup> 'Er ist im Himmel, auf seinem Throne, das ist seine höchste Existenz ... Da ist der Richter, der König, der über uns verfügt, der regiert, zuweilen *gegen* uns, in jedem fälle immer *über* uns.' (Barth 1965:46)

<sup>986</sup> op cit 47.

openbaar as God wat in volkome vryheid die mens kom opsoek het, as God met ons.<sup>987</sup> In bedes 4-6 staan die mens met sy behoeftes voor God.<sup>988</sup> Dis belangrik om die twee dele van die ‘Ons Vader’ steeds as ‘n eenheid te sien. Die bedoeling is: God nooi ons uit om deel te hê aan ‘sy saak’ omdat Hy in Christus reeds ‘ons saak’ op Hom geneem het. Jesus Christus nooi ons uit om sy gebed saam te bid. Sy gebed is reeds verhoor. Gebed is om tot die insig te kom dat God ons saak reeds op Hom geneem het.<sup>989</sup>

### **‘Laat U Naam geheilig word’**

Calvyn doen moeite met die uitleg van die ‘Ons Vader’. Daarvan getuig die veranderinge wat in elke uitgawe van die *Institusie* voorkom. Veral die eerste drie bedes kry die meeste aandag.<sup>990</sup> In die proses van uitleg, kom daar ‘n groter eenheid tussen die afsonderlike bedes.<sup>991</sup>

In die Ons Vader erken ons God se reg om Homself te openbaar; en die feit dat God Homself in Christus openbaar. Die daad van God se openbaring word vir ons ‘n werklikheid in gebed. In gebed ervaar ons wie God regtig is.<sup>992</sup> Die eerste bede sluit hierby aan as ‘n gebed om God se openbaring.<sup>993</sup> Die eerste bede word gebid deur diegene wat God reeds ken. Die Kategismus van 1542 vra: *‘Ja, maar kan daar iets by sy heerlijkheid bykom of daaruit weggeneem word? Sy heerlijkheid neem nie toe nie en dit neem ook nie af nie, maar ons bid dat dit onder mense geopenbaar mag word soos dit hoort sodat alles wat God doen en al sy werke net so heerlijk kan*

<sup>987</sup> ‘Es ist sehr wichtig, das zu verstehen. Gott *war* mit uns, er *ist* mit uns: Immanuel! ... [E]r lädt uns ein, an seinem Regiment über Kirche und Welt ... [V]on diesen drei ersten Bitten hängen die Freiheit, die Freude, die Munterkeit und die Gewissheit der anderen Gesuche ab.’ (op cit 48-49)

<sup>988</sup> ‘... er ist nicht nur eine Erlaubnis, sondern ein Auftrag, bei Gott unser ganzes Gepäck niederzulegen und ihm anzuvertrauen; ... [I]n Jesus Christus wird das menschliche Wesen offenbar. In ihm wird es das Geschöpf ... das nicht allein sein, Existieren und handeln kann.’ Es kann nicht leben ohne Gott: ... Dies ist kein philosophischer Gedanke. Ich weiß nicht, wie man diesen Satz: es gibt keinen Menschen ohne Gott, auf eine überzeugende Weise außerhalb des Glaubens an Jesus Christus erklären könnte.’ (op cit 50-51)

<sup>989</sup> ‘Und wir Menschen kommen, wir sind da vor ihm, bereitet dazu, in dem großen Zusammenspiel dieser beiden Sachen zu leben.’ (op cit 54)

<sup>990</sup> Die ‘Ons Vader’ is die Bybelteks wat Calvyn die meeste uitleg. Moontlike getuienis van die geheim van die ‘Ons Vader’, ‘n Geheim wat selfs Calvyn nie volledig begryp. Scholl verwys na die verskillende uitlegte sedert 1536 tot en met 1561. (Scholl 1968:154)

<sup>991</sup> Kom ook na vore in die parafrase van die ‘Ons Vader’ in die Geneefse liturgie van 1542 en die kommentaar van 1555. C O, 45, 196, oor Mat. 6:9. By die jonger Calvyn staan die uitleg van elke bede meer op sy eie; later word verbande gelê tussen die bedes. Die een lig van God waarom dit in drie bedes gaan word opgebreek in drie. Volgens Scholl (155) is dit nie uitgesluit dat Calvyn aansluit by die Triniteit nie. Calvyn haal die beroemde stelling van Gregorius van Nasianze aan: ‘Ek kan nie aan Één dink sonder om met die glans van al Drie omgewe te word nie; ek kan ook nie tussen die Drie onderskeid maak sonder om onmiddellik tot die een God teruggevoer te word nie.’ (*Inst*, I, 13,17: 236)

<sup>992</sup> ‘Die Welt als solche hat nicht das Vermögen, Gott zu offenbaren; und der Mensch als solcher ist nicht fähig, eine Offenbarung zu empfangen, weder mit seinen Augen noch mit seinen Ohren noch mit seinem Verstand. Gott ist’s, der recht von Gott spricht (Pascal) ... Diese Tat Gottes wird für uns wirklich im Gebet. (Barth 1965:56) In die vroeëre uitleg word hier gefokus op God se eienskappe. Dit word in 1563 opgeneem in die Heidelbergse Kategismus vraag 122.

<sup>993</sup> ‘Man betet nichts für etwas, das man nicht kennt. Das setzt voraus, dass der Name Gottes schon geheiligt ist (Luther).’ (op cit 56) ‘Es gibt viel Geheimnis, aber wir leben nicht in einem absoluten Geheimnis; wir sind nicht in das Nichts eingeschlossen. Die Lehre von Sartre und Heidegger ist nicht wahr, diese Lehre die wieder ins Heidentum zurücksinkt ... [J]esus Christus ist für uns gestorben und auferstanden, und nicht allein für uns, sondern für die ganze Welt.’ (op cit 59)

lyk as wat dit is, sodat Hy op elke moontlike wyse verheerlik kan word.<sup>994</sup> So word in hierdie bede die basis van gebed gelê: God in sy openbaring. In die uitleg van 1536 word ook gewys op die dank wat ons aan God verskuldig is. Ons staan voor God wat ons in Jesus Christus die reg gee om Hom as ons Vader aan te roep.<sup>995</sup> God as ons goeie God in sy neerdaling na die mens is die geheim van die gebed. Dit is in hoofsaak wat Calvin in sy vroeëre uitleg onderstreep.

Daarmee saam het hierdie bede 'n gerigtheid: God se goedheid moet bekend word.<sup>996</sup> Calvin se uitleg van die eerste bede gee 'n missionêre gerigtheid aan die gebed.<sup>997</sup>

Sy latere uitleg beweeg in 'n ietwat ander rigting. Eers merk Calvin op dat hierdie gebed tot ons eie oneer strek. Ons sowel as die skepping eer God nie en Calvin wys op sekere sake waardeur God se eer aangetas word.<sup>998</sup> Duidelik blyk dat Calvin se jare lange ervaringe in Genève sy uitleg beïnvloed. Die eerste bede kry 'n sterk pastorale klem en daarmee saam 'n missionêre gerigtheid. Die eerste bede word 'n bede om die herstel van God se eer en die gesag van die Bybel in die gemeentelike lewe.<sup>999</sup>

In die laaste uitleg van die bede in die kommentaar tot die Evangelie harmonie, kom ook 'n bevrydend-missionêre gerigtheid na vore. Dit word 'n bede om die uitbreiding van die Godskennis oor die ganse wêreld.<sup>1000</sup> Die mens se saak word die beste gedien deurdat God se Naam geheilig word, aldus die logika van die geloof.

### **'Laat U ryk kom'**

Kenmerkend van Calvin se uitleg van die tweede bede is die gebruik van stryd-terminologie. Na die bede om God se openbaring gaan dit hier om God se heerskappy. God se ryk word opgerig wanneer Hy sy vyande aan Hom onderwerp volgens die kommentaar van 1555.<sup>1001</sup> In die 1559 uitgawe van die Institusie bid Calvin dat God die harte en sinne van alle mense tot vrywillige

<sup>994</sup> Vraag en antwoord 268 van die Geneefse Kategismus van 1542. (*Kat* : 48)

<sup>995</sup> 'Darum ist in dieser Bitte auch Dank enthalten.' Die woorde van *Institusie* 1536. (Scholl 1968: 155 haal aan: O S, I, 108)

<sup>996</sup> In die kategismus van 1542 word verkondiging en sending terminologie gebruik. 'Onder die Naam van God verstaan die Skrif die kennis en aansien waarmee Hy onder mense verheerlik word. Ons bid dat sy heerlikheid oral en onder alle mense bevorder mag word.' (*Kat* : 48) In 1555 se uitleg: 'The substance of this petition is, that the glory of God may shine in the world, and may be duly acknowledged by men.' (*Com. Mat* 6:9)

<sup>997</sup> Scholl verwys ook na die afsluiting van baie van Calvin se preke. Calvin bedoel egter met sending meer as wat tipes onder sending verstaan is as 'heiden' sending. (Scholl 1968:156)

<sup>998</sup> *Inst*, III, 20, 41. Barth: 'Wir sind so wenig geeignet, um diese Sache zu stützen ... wie sehr ist es unbedingt nötig, dass Gott selbst eingreift, damit wir nicht unter jenen törichten Jungfrauen seien, die kein Öl mehr hatten!' (Barth 1965:61-2)

<sup>999</sup> '... möge es uns doch geschenkt werden, dieses unvergleichliche Angebot zu gebrauchen; möge es doch nicht vergeblich sein, dass Du uns in Deinem Sohne gesprochen hast; ... [L]uther hat ausführlich erklärt, dass diese Heiligung sich in der Verkündigung kundtun müsse.' (Barth 1965:59) Die missionêre terminologie van die uitleg van die eerste bede word oorgedra in die stryd terme in die uitleg van die 2de en 3de bedes.

<sup>1000</sup> 'In short, a part of the world profane his holiness to the utmost of their power. We need not then wonder, if we are commanded to ask, in the first place, that the reverence which is due to it may be given by the world. Besides, this is no small honour done to us, when God recommends to us the advancement of his glory.' (*Inst*, Mat 6:9)

<sup>1001</sup> Kommentaar by Mat 6:10.

oorgawe sal bring.<sup>1002</sup> In sy vroeëre uitleg van die bede verstaan Calvin onder die ‘Ryk van God,’ die leiding van die uitverkorenes deur die Heilige Gees en die oorwinning oor die verworpenes wat God se heerskappy nie erken nie.<sup>1003</sup> In sy latere uitleg gaan dit oor die ‘onderwerping’ van alle mense. ‘*God rig dus sy Koninkryk op deur die hele wêreld te verneder maar op verskillende maniere.*’<sup>1004</sup>

Calvin en die reformasie is dikwels daarvan beskuldig dat die Bybelse boodskap oor die Koninkryk van God vereng is tot die sigbare gestalte, waarvolgens die klem te veel op die ware kerk val. Tog sien Calvin die sigbare gestalte van die Koninkryk altyd in verband met die strydende Christus as die Koning wat sy vyand oorwin. Dit impliseer dat die vyand van die Koninkryk nie ‘n menslike vyand is nie, maar die Satan self en mense as werktuie van die Satan.. Die bede gaan oor die oorwinning van Christus in hierdie stryd. In die stryd hier en nou is die toekoms van die Ryk op die spel. Die Christen kan nie ‘n toeskouer wees in hierdie stryd nie. Calvin verwys na die woorde van Lukas 17:21, ‘*die Ryk van God is binne in julle*’ en verklaar dit in die sin van ‘n innerlike geestelike vernuwning. Die verklaring van die tweede bede draai om die gedagte van God wat in Christus ‘oorwin’.<sup>1005</sup>

Volgens Calvin se evangelie kommentaar vra die bidder dat die Koninkryk in die eerste plek in sy eie lewe gestalte sal vind.<sup>1006</sup>

Vir Calvin gaan dit nie oor ‘n aardse stryd met fisiese wapens nie, dit gaan oor ‘n geestelike stryd en in gebed neem die gelowige aktief deel aan hierdie geestelike stryd. Hierin neem die gelowige deel aan die koninklike amp van Jesus Christus. Die terminologie van die tweede bede sluit aan by die etiek van *Institusie III*, 6. Die deelname aan die stryd is geen menslike prestasie nie, maar is moontlik omdat Christus reeds die stryd beslis het. Christus wat oorwin het lê ons hierdie bede in die mond. Die tweede bede handel duidelik vir Calvin om die werk van Christus in aansluiting by die tweede artikel van die *Apostolicum*. Dis ‘n bede om die Woord en Gees want die Koninkryk van God kom deur die Woord en Gees.<sup>1007</sup> Woord en Gees, die prediking in

---

<sup>1002</sup> ‘Omdat God se Woord soos ‘n koning se septer is, word ons hier gebied om te bid dat Hy almal se verstand en harte in gewillige gehoorsaamheid daaraan moet onderwerp.’ (*Inst*, III, 20, 42: 1140)

<sup>1003</sup> ‘Wat verstaan jy in die tweede bede onder die koninkryk van God? Dit bestaan in besonder uit twee dele, naamlik dat Hy die uitverkorenes met sy Gees regeer en verwerptes wat weier om Hom te gehoorsaam, vernietig en aan die verderf uitlewer om daarmee duidelik te maak dat daar niks is wat sy krag kan weerstaan nie.’ *Kategismus van Genève* vraag 269 (*Kat* : 48)

<sup>1004</sup> *Inst*, III, 20,42: 1141.

<sup>1005</sup> ‘He is said to *reign* among men, when they voluntarily devote and submit themselves to be governed by him, placing their flesh under the yoke, and renouncing their desires. Such is the corruption of the nature, that all our affections are so many soldiers of Satan, who oppose the justice of God, and consequently obstruct or disturb his *reign*. By this prayer we ask, that he may remove all hindrances, and may bring all men under his dominion, and may lead them to meditate on the heavenly life.’ (*Com. Mat.* 6:10)

<sup>1006</sup> ‘Derhalwe hou slegs die mense hulle by die regmatige orde in hierdie bede wat by hulleself begin,...’ (*Inst*, III, 20, 42: 1140)

<sup>1007</sup> ‘This is done partly by the preaching of the word, and partly by the secret power of the Spirit. It is his will to govern men by his word: but as the bare voice, if the inward power of the Spirit be not added, does not pierce the

die wydste sin van die woord, is die wapens van die Ryk, die middele wat sy koms moontlik maak. Vir Calvyn gaan dit in die bede om die Koninkryk van God nie om die kroning van 'n bestaande Koninkryk nie, maar om die omverwerping van die sondige en vernuwing wat God se Koninkryk bring. By Calvyn vind 'n ontwikkeling plaas in sy uitleg van die tweede bede in die sin van 'n toenemende *'Entweltlichung'*. Daarmee beklemtoon Calvyn dat die Koninkryk en die vernuwing waaroor dit gaan, gans God se saak is. Dit druk hy uit in die volgende terme: *'mortificatio carnis, abnegatio sui, tolerantia crucis.'* Die Bybelse boodskap dat die ryk nie van hierdie wêreld is nie, word deur Calvyn beklemtoon.<sup>1008</sup> Die eskatologiese elemente in Calvyn se gebede kan dus nie summier afgemaak word as verenging van die Nuwe Testamentiese eskatologie nie. Calvyn stel grense aan die ryke van hierdie wêreld en beklemtoon die gedagte van 'n geestelike stryd. Tog staan die Ryk van God in verband met die kerk en die verkondiging van die Woord al is dit nie identies daarmee nie. Vanuit die tweede bede is daar ook 'n toekomsblik. Die werk van Jesus Christus gaan onverpoosd voort en bereik eers op die laaste dag voltooiing. Om hierdie einddoel word gebid.<sup>1009</sup> Vanuit die bede om die Koninkryk verkry die gelowige 'n ander perspektief op die swaarkry van hier en nou. Die Koninkryk het gekom; God se vernuwingsproses gaan onverpoosd voort.<sup>1010</sup>

Hier sluit Calvyn se uitleg van die tweede bede aan by die eerste bede. Waar Calvyn in sy vroeëre uitleg in 1536 sterk grense trek tussen kerk en wêreld, is dit anders in die uitleg van 1559. Hier gaan dit om die praktiese vraag: Hoe word die Koninkryk hier en nou 'n werklikheid? Hierdie praktiese vraag bring die eerste drie bedes bymekaar uit. Die tweede bede sluit aan by die eerste bede.<sup>1011</sup> God se saak is alleen eskatologies moontlik; daarom is 'n verdere bede nodig om die koms van Gods Koninkryk. Waar kerk en wêreld in sy vroeëre uitleg as statiese groothede teenoor mekaar staan, verskuif die grense al hoe meer. In sy latere uitleg, loop die grense deur sy eie hart. *'Derhalwe hou slegs die mense hulle by die regmatige orde in hierdie bede wat by hulleself begin, naamlik om hulle te reinig van al die bedorwenheid wat die rustige*

---

hearts of men, both must be joined together, in order that the *kingdom* of God may be established. We therefore pray that God would exert his power, both by the Word and by the Spirit, that the whole world may willingly submit to him.' (Com. Mat. 6:10)

<sup>1008</sup> 'But we know the reign of God and of Christ, although be of it, (Joh 18:36); the meaning of the two expressions is exactly the opposite. God, therefore, still exercises his heavenly reign in the world, because he dwells in the hearts of his people by his Spirit.' (Com. Dan 7:14) 'The angel now declares that, when it has been established in the person of Christ, it will not be liable to destruction, and, to prove this, employs the words of Daniel, (Da 7:14), of his kingdom existing in the world, not to there shall be no end.' (Com. Luk 1:33)

<sup>1009</sup> Calvyn gebruik sentraal eskatologiese Skrifgedeeltes in die uitleg van hierdie bede. Verwys na 1 Kor, 15; 2 Tes. en Dan 7. 'Die volheid daarvan word egter uitgestel tot die laaste koms van Christus wanneer, soos Paulus leer, God alles in almal sal wees.' (Inst, III, 20, 42: 1141)

<sup>1010</sup> 'totdat Hy uiteindelik die antichris deur die Gees van sy mond onderwerp en alle goddeloosheid deur die glans van sy koms vernietig,' (2 Tes. 2:8)' (ibid)

<sup>1011</sup> 'En alhoewel dit niks nuuts bevat nie,' (op cit 1140)

*staat van God se Koninkryk versteur en die reinheid daarvan besmet.*<sup>1012</sup> Die tweede bede spaar selfs nie die gemeente nie. In die lig hiervan is enige sektariese houding vanuit die ‘uitverkiesingsleer’ uitgesluit. Die heiliging van die mens is nie ‘n kwessie van selfheiliging nie, dit word alleen verwerklik deur die koms van Jesus Christus en sy Ryk.

Calvyn lê hierdie bede verder uit in sy eie gebede en sy eie gebed is ook deur hierdie bede beïnvloed. Dikwels gebruik Calvyn die woorde *donec tandem*, ‘met die doel voor oë’ in sy gebede. In die geloof moet enduit volhard word, totdat dit wat openbaar is, verwerklik is. Calvyn bid dikwels om deel te kry aan die rus van die erfenis. Tog is sy eskatologie nie gevorm deur die kwellinge van ‘n enkeling nie; sy eskatologie bly Christologies gevorm. Voorop staan die oorwinning wat Christus behaal het. Die verlange na die dood, ‘n gedagte wat dikwels in Calvyn se gebede na vore kom, het dus niks te doen met wêreldontvlugting nie, maar is ‘n verlange na die nuwe lewe wat God voorberei.<sup>1013</sup>

Barth is van mening dat die uitleg van die reformatore van die Koninkryk van God tog aangevul behoort te word.

*‘Es gibt eine neue Welt, einen neuen Äon, einen neuen Himmel und eine neue Erde, die neu sind, weil sie in den Frieden Gottes eingetreten und von ihm umschlossen sind ... [E]s ist klar, dass wir uns aufs neu einer Erfüllung gegenüber befinden, die unsere Möglichkeiten unendlich überschreitet, ... [D]as Kommen des Reiches kann nur der Gegenstand unseres Gebetes sein.’<sup>1014</sup>*

Tog ken ons wat die bede bid reeds die Ryk. Die Ryk as vervulling van God se doel met die wêreld het aangebreek. Dit is nie alleen ‘n gebeure waarop ons wag nie; dit het reeds ‘n werklikheid geword.<sup>1015</sup> Dit beteken dat hierdie groot gebeure ook deur ons aangegryp sal word. Ons bid dat die Here wat gekom het weer sal kom.<sup>1016</sup> ‘n Christen kan nie hierdie bede bid sonder hoop nie.<sup>1017</sup>

### **‘Laat U wil geskied’**

---

<sup>1012</sup> *ibid.*

<sup>1013</sup> ‘The Apostle solves this question, when he says, that believers do not desire death for the sake of losing any thing, but as having regard to a better life.’ (*Com.* 2 Kor. 5:4)

<sup>1014</sup> Barth 1965:64.

<sup>1015</sup> *‘Dein Reich komme!* Bedeutet soviel wie: Dein Reich ist schon gekommen, Du hast es schon aufgerichtet mitten unter uns.’ (Barth 1965:64)

<sup>1016</sup> ‘Wir bitten, dass diese Decke weggezogen werde, die jetzt alle Dinge bedeckt, wie die Decke, die einem Tisch zudeckt.’ (op cit 67)

<sup>1017</sup> ‘... es möge uns auch geschenkt werden, schon jetzt wenigstens die ersten Spuren dieser neuen Zeit dieses Sieges, der schon errungen ist, zu sehen ... [M]öge es uns gegeben sein, diese Hoffnung zu leben! Mann kann nicht sagen: “Dein Reich komme” ohne Hoffnung für unsere Zeit, für heute und für morgen. Die große Zukunft mit einem große Z, ist auch eine Zukunft mit einem kleinen z.’ (Barth 1965:68). Hier sluit ons dan verder aan by Calvyn se uitleg. Miskien laat die uitsig op die goter stryd ons ons eie stryd en aanvegtinge in ‘n nuwe lig sien. Barth verwys ook na ons persoonlike en psigologiese konflikte.

Van al drie bedes het die uitleg van die derde bede die bestendigste gebly. Die deurlopende gedagte is die vrywillige doen van God se wil en die werk van die Heilige Gees in die harte van mense.<sup>1018</sup> Scholl is van mening dat Calvyn in sy uitleg daarom ietwat vassteek in die dogmatiese. Die sin van Calvyn se uitleg moet eerder gesoek word in die verband met die geheel van sy teologie. Calvyn lê die bede uit teen die agtergrond van die voorsienigheid van God. In Calvyn se ‘voorsienigheidsleer’ is daar twee lyne. Eerstens dink Calvyn vanuit die skepping en sien God as soewereine Heer.<sup>1019</sup> God neem besluite in sy ewige Raad, wat die ganse skepping raak. Hierdie voorsienigheid van God volgens sy Raadsbesluite is ‘n geloofswerklikheid.<sup>1020</sup> Hierdie ‘wil’ van God kom veral ter sprake waar geloof aanvegting beleef. Dit handel om die verborge wil van God.<sup>1021</sup> Calvyn kyk ook vanuit ‘n ander hoek na die wil van God, vanuit die eskatologie. Anders gestel, die voorsienigheidsgeloof het ook ‘n eskatologiese dimensie. Volgens hierdie geloofswaarheid is die wil van God gerig op die uiteindelijke verlossing van die mens. Is daar ‘n teenstrydigheid in God se wil, vra Calvyn. Calvyn meen dat die probleem wat ons met God se wil ondervind, nie by God lê nie, maar by ons as mense se ongelowigheid. Soos Calvyn dit stel: ‘*Want al sou die Satan en die mense stormagtig teen Hom uitwoed, weet Hy nogtans in sy onbegryplike raadsplan hoe om hulle aanslae nie alleen af te keer nie maar dit so te orden dat Hy deur hulle doen wat Hy besluit het.*’<sup>1022</sup> Hierdie ‘ander wil’ van God, sy geopenbaarde wil, is gerig op die heil van die mens. Die derde bede word gebid vanuit die spanning tussen God se geopenbaarde wil en dit wat die bidder in die werklikheid beleef. Die bidder bid in die derde bede om die in werking tree van God se geopenbaarde wil as eskatologiese gebeure: ‘*dat God eers dan op die wêreld sal regeer wanneer almal hulle aan sy wil onderwerp.*’<sup>1023</sup> Hierdie wil van God bedoel nie alleen ‘onderwerping’ en ‘gerig’ nie, maar ook genade deur die gerig heen. In God se wil gaan dit juis om die tot stand bring van die ruimte van ware vryheid, die toestand wat sal heers met die aanbreek van die nuwe skepping. Calvyn verklaar die woorde ‘in die hemel’ dan ook met verwysing na die engele wat vryelik die wil van

---

<sup>1018</sup> ‘Wir kehren in die Gegenwart zurück, die ebenfalls wie das vergangene Ereignis der Bereich des Willen Gottes ist; ... [D]iese Geschöpf, das im Vergleich mit ihm so klein, schwach und bedroht ist, so anfällig für Fehlritte, weil es durch die Sünde verseucht, verloren, vernichtet ist. Aber die Wille Gottes ist, sein Geschöpf zu halten, zu retten und sein Werk durch die Offenbarung seines Königreiches zu vollenden ... [D]eine Wille ....[D]as ist eine Erfüllung, die nicht die Unrige sein kann ... [I]hm gehören Plan und Ausführung, ihm auch die Zeit, das, was ist, wie auch das, was sein wird, der ganze Inhalt der Zeit. Also befinden wir uns ein drittesmal einem Gegenstand des Gebets gegenüber: Gott wollte ruhen, sich mit uns und mit dieser Welt zu beschäftigen, ...’ (Barth 1965:72)

<sup>1019</sup> Sien *Inst.* I, 16-18. Calvyn dink hier aan die koninklike handelinge van God in sy wêreld regering.

<sup>1020</sup> Wie hierdie gedagtes deurtrek na ‘n teologie van die skeppingsorde sien die eintlike saak mis. Hierdie wil is ‘n verborge wil. ‘Want al sou die satan en die mense stormagtig teen Hom uitwoed, weet Hy nogtans in sy onbegryplike raadsplan hoe om hulle aanslae nie alleen af te keer nie maar dit so te orden dat Hy deur hulle doen wat Hy besluit het.’ (*Inst.*, III, 20, 43: 1142)

<sup>1021</sup> ‘Verder handel dit nie hier om sy verborge wil waardeur Hy alles beheer en vir sy doel bestem nie. ... Maar hier word op ‘n ander wil van God gedui.’ (ibid)

<sup>1022</sup> ibid.

<sup>1023</sup> Ibid.

God doen. Meer antropologiese gesien, weereens eskatologies gerig, is dit ‘n bede om ‘n nuwe hart.’<sup>1024</sup>

Calvyn se uitleg neem verder ‘n verrassend etiese wending. Die derde bede is ook die bede om heiliging. ‘n Breë stroom ‘heiligingsgebede’ van Calvyn lê hierdie bede verder uit. ‘n Groot deel van Calvyn se gebede is bede om heiliging en om die leiding van die Heilige Gees.<sup>1025</sup> God se voorsienigheid as *promissio* gee aanleiding tot hierdie bede om heiliging. Uit die hoop, gerig op die eskatologie, spruit voort die gebed om heiliging. Dis ‘n bede om die krag en vryheid om God se wil te doen.’<sup>1026</sup>

Die latere uitleg van 1559 bring geen nuwe wending. Die beweging in bedes een en twee van die dogmatiese na die etiese loop ook deur na die uitleg van die derde bede. Die derde bede is die bede om die werk van die Heilige Gees in ons.<sup>1027</sup> Calvyn se etiek word beskerm teen ‘n kasuïstiek deur middel van sy eskatologiese beklemtoning. Daarom sluit die derde bede aan by die tweede: ‘*dat God eers dan op die wêreld sal regeer wanneer almal hulle aan sy wil onderwerp.*’<sup>1028</sup>

Calvyn se gebede begin altyd by homself en sy eie gemeente. Hierdie bede is bedoel as die gebed van gewone gelowiges, hier en nou. Mis ons die vreugde? Vreugde straal reeds uit die woorde waarmee Calvyn die eerste helfte van sy ‘Ons Vader’ uitleg afsluit: ‘*en ons waarlik ten volle daaraan oor te gee.*’<sup>1029</sup>

---

<sup>1024</sup> *Institusie* van 1536 siteer Eseg. 36. En die kategismus van 1542: ‘Gee ons nie deur so te bid toe aan ons eie wil nie? Ongetwyfeld, maar die doel daarvan is nie alleen dat Hy al die begeertes wat strydig is met sy wil tot niet moet maak nie, maar dat Hy ook nuwe gesindhede en nuwe harte in ons mag vorm sodat ons uit onself geen wil mag hê nie, maar dat sy Gees die leiding in ons gebed mag neem sodat dit vir God volkome welbehaaglik mag wees.’ die Geneefse kategismus vraag 274 (*Kat* :49) Scholl wys daarop dat Calvyn hier by Romeine 8 sou kon aansluit deur die pneumatologie met die lewende Christus te vul en te verklaar. Calvyn lê die derde bede egter meer sistematies uit vanuit die derde artikel. (Scholl 1968:166)

<sup>1025</sup> ‘Allmächtiger Gott, Du hast uns durch dein Evangelium erleuchtet. Da gib doch, dass wir uns nun immer durch dieses Licht leiten lassen und so geleitet werden, dass sich alle unsere Begierden legen. Gib, dass die Kraft deines Geistes besiege, was in uns an sündigen Eifer steckt, so dass wir nicht in unsern verkehrten Begierden erglühen sondern sie vielmehr alle zähmen und täglich in neuer Glut mehr und mehr nach dir verlangen. Gib auch, dass niemals die Lauheit des Fleisches uns beherrsche, sondern dass wir ständig auf dem Weg des Glaubens voranschreiten, bis wir endlich zu jener seligen Ruhe gelangen, zu der du uns einladest, und die uns bereitet ist durch das Blut deines eingeborenen Sohnes, unseres Herrn Jesus Christus. Amen.’ Gebed n.a.v. Hos. 7:1-12. (Scholl 1968:288)

<sup>1026</sup> ‘It is a prayer, that God may remove all the obstinacy of men, which rises in unceasing rebellion against him, and may render them gentle and submissive, that they may not wish or desire any thing but what pleases him, and meets his approbation. But it may be objected: Ought we to ask from God what, he declares, will never exist to the end of the world? I reply: When we pray that the earth may become obedient to the will of God, it is not necessary that we should look particularly at every individual. It is enough for us to declare, by such a prayer as this, that we hate and regret whatever we perceive to be contrary to the will of God, and long for its utter destruction, not only that it may be the rule of all our affections, but that we may yield ourselves without reserve, and with all cheerfulness, to its fulfilment.’ (*Com. Mat.* 6:10)

<sup>1027</sup> Die Heidelbergse Kategismus kom in vraag 124 tot ‘n praktiese toepassing as verwys word na die beroepsbeoefening.

<sup>1028</sup> *Inst*, III, 20, 43.

<sup>1029</sup> ‘Hoewel al hierdie dinge egter nietemin op die bestemde tyd moet gebeur, ten spyte van ons gedagtes, ons wense en ons gebede, moet ons nogtans daarvoor bid en vra. En dit is ook vir ons van groot belang om so te getuig en te



**Die brood bede**

In die tweede deel van sy ‘Ons Vader’ uitleg, sluit Calvyn weer aan by die uitleg van 1536. Die uitleg verloop parallel met die twee tafels van die wet. Volgens die logika van die geloof, staan God se saak nooit los van die mens se saak nie. Die grote God van die uitverkiesing is tegelyk ‘n baie menslike God.<sup>1030</sup> God word reg geëer wanneer die mens ook met sy eie alledaagse behoeftes na Hom toe kom.<sup>1031</sup> Dis vanselfsprekend dat ons ons saak volledig na God toe sal bring.<sup>1032</sup> Daarmee word ‘n sentrale gedagte van die broodbede onderstreep. Ofskoon die ‘Ons Vader’ ook die gebed van die Heilige Gees genoem kan word, handel dit oor konkreet aardse behoeftes, sonder enige vergeesteliking. Hierdie uitleg stem ooreen met Calvyn se standpunt oor die nagmaal, asook die standpunt wat hy inneem teenoor die Spiritualiste.<sup>1033</sup> Die uitleg van die 4de bede demonstreer dat geloof elke faset van die lewe raak; ook die klein menslike behoeftes van spys en drank; ook die klein alledaagse dinge kan ‘n skool van geloof wees.<sup>1034</sup> Calvyn stel

bely dat ons diensknegte en kinders van God is en ons, sover dit in ons vermoë is, vir hierdie eer te beywer wat ons aan Hom as Here en Vader verskuldig is, en ons waarlik en ten volle daaraan oor te gee.’ (*Inst*, III, 20, 43: 1143) m.a.w. wie so bid deel in die vreugde van broers en susters van Jesus Christus te wees; wie nie so bid nie deel in die vreugde nie. Maurer wys op die vreugde element in Calvyn se gemeente bediening. Calvyn stel in 1543 gemeente sang in as deel van die liturgie. Hy verwys na die opstel van ‘*La Forme des Prieres et Chantz Ecclesiastiques*’ vir die kerk in Genève. (Torrance 1955:96) ‘Calvin himself makes clear that the singing is important in divine services since it is given as a gift from God to His people. “The Lord creates a people for Himself who sing and celebrate the praise of His goodness when He delivers and restores the hopes of those who were afflicted braised and in despair.”’ (Maurer 1959:215)

<sup>1030</sup> Barth merk hier ‘n verandering op. Hy sien dit reeds in die woorde: ‘*Gib uns!*’ In den drei ersten Bitten sind wir, die Betenden, in einer Art Gespräch mit dem himmlischen Vater. Unser Gebet ist wie ein Seufzer. Wir sind verblüfft von der Größe dessen, was uns beschäftigt: der Name, das Reich, der Wille Gottes selber. Wir seufzen und beten in einem gewissen Abstand, auf eine gleichsam indirekte Weise: dass doch Dein Name, Dein Reich, Dein Wille ... Mit den drei letzten Bitten gehen wir zu der eigentlich so genannten *Bitte* über ... [B]emerkt die Kühnheit, ich möchte fast sagen die Verwegenheit dieses Anrufs!’ (79) Vanwaar hierdie vrymoedigheid? ‘Antwort: Wir sind die Einzigen, denen es erlaubt, ja sogar geboten ist, in den ersten drei Bitten uns mit den Anliegen Gottes, mit der Heiligung seines Namens, dem Kommen seines Reiches und der Erfüllung seines Willens zu beschäftigen ... [G]ott hat uns angenommen als Mitarbeiter, ... [E]r hat aus seiner Sache unsere Sache gemacht.’ (Barth 1965:79-80)

<sup>1031</sup> So begroend *Institusie* III, 20, 44, die tweedeling van die ‘Ons Vader’ na aanleiding van Romeine 14:7 ev.

<sup>1032</sup> ‘Wir sagen: Unser Vater, da sind wir, so wie Du uns findest, so wie wir sind, und anscheinend in dem Zustand, da Du uns begegnen willst. Da sind wir, vorbeschäftigt mit deiner Sache, ... entflammt von dem brennenden Wunsch, Deinen Namen geheiligt zu sehen. Es gibt für uns keine andere Aufgabe; das ist unsere Sorge. Es kommt für uns nicht in Frage, uns selber zu helfen. Alle Beschäftigung solcher Art könnte nur Untreue, Ungesetzlichkeit, Ungehorsam sein. Dir also stellen wir unsere Existenz anheim, Dir, der uns eingeladen und uns geboten hat zu beten für Deine Sache zu leben. Hier sind wir. An dir ist es nun, Dich mit unserer menschlichen Sache zu beschäftigen.’ (Barth 1965:80) Hierdie drie bedes kan net verstaan word in samehang met die: ‘Dienstverpflichtung der Kinder Gottes, der Brüder und Schwestern Jesu Christi, herkommt.’ (op cit 81) Die voorveronderstelling vir die laaste drie bedes is volgens Barth die vryheid wat die eerste drie bedes beheers. Beide Luther en Calvyn beklemtoon voortdurend: ‘Gott hat uns schon erhört; darum haben wir die Freiheit zu beten; darum bekommen wir auch das *Gebet* zu beten. Man kann keine Bitte des Vaterunsers auf eine andere Art verstehen.’ (op cit 82)

<sup>1033</sup> Teenoor die vergeesteliking van Erasmus in sy ‘Ons Vader’ uitleg van 1521. (Niesel 1957:99)

<sup>1034</sup> ‘Want ons allerbeste Vader ag dit nie benede Hom om ook ons liggaam in sy trou en beskerming te neem om ons geloof ook in hierdie klein dingetjies te oefen wanneer ons alles – selfs ‘n krummeltjie brood en ‘n druppeltjie water – van Hom verwag nie.’ (*Inst*, III, 20, 44: 1143)

dit so dat ‘n mens in die klein alledaagse dinge ‘n gevangene van sorg kan wees; vir Calvyn is dit geen klein oorwinning wanneer ‘n mens ook hierin ongelooft oorwin nie.<sup>1035</sup>

Waar Calvyn dus die ‘materialisme’ van die broodbede onderstreep, sluit hy aan by Luther se beroemde uitleg in sy klein kategismus. Calvyn deel nie heeltemal in Luther se vrolike wêreldsheid nie. Calvyn voeg by, ons bid nie alleen om brood nie, maar vir alles wat nodig is vir die lewe.<sup>1036</sup> Soos hy standpunt inneem teenoor Luther se siening van die nagmaal, so stel Calvyn ook in sy uitleg van die broodbede ‘n begrensing. Dit gaan in hierdie bede om dit wat die mens *werklik* nodig het; so lê Calvyn die woord ‘daaglik’ uit. ‘n Sanksionering van die bestaande orde, soos dit moontlik afgelei kan word uit Luther se uitleg, is by Calvyn nie moontlik nie.<sup>1037</sup> Die bidder bid nie alleen om bewaring van honger nie; hy bid vir alles wat nodig is vir ‘n lewe voor God.<sup>1038</sup> Daarin is die 4de bede ‘n bede om God se seën. Hierdeur kom iets van Calvyn se werklikheidsbeskouing na vore. Kragtens God se voorsiening het ons wat ons nodig het, dit is egter niks anders as dooie materie, as God se seën nie voortdurend daarop rus nie. Calvyn sien agter die materiële altyd God en sy versorging aan die werk. Ook in die onderhouding van die lewe, bly Calvyn altyd bewus van die lewegewende werksaamheid van die Heilige Gees.<sup>1039</sup> Die bede om daaglikse brood is dus ook ‘n bede om die lewegewende werking van die Heilige Gees.<sup>1040</sup>

Teenoor die Griekse vergeesteliking en geringskat van die materiële, het Calvyn ‘n Bybelse waardering van die materiële waardeur ons hoop gevestig word op die hemelse; die brood herinner ons aan die Gewer van alles.<sup>1041</sup> Wanneer Calvyn die broodbede verder toepas op

<sup>1035</sup> ‘Dit is dus glad nie ‘n geringe geloofs oefening om die dinge van God te verwag wat ons andersins so bekommerd maak nie, en ons het goed gevorder wanneer ons hierdie ongelowigheid wat oor die algemeen in alle mense se murg vas gewortel sit, te laat vaar nie.’ (op cit 1144)

<sup>1036</sup> ‘But here it has a still more extensive meaning: for we ask not only that the hand of God may supply us with food, but that we may receive all that is necessary for the present life.’ (Com. Mat. 6:11)

<sup>1037</sup> Uit die kategismus van 1542, vraag 276: ‘wat beteken die vierde bede, naamlik “daaglikse brood” vir jou? Dit is alles wat Hy doen om ons lewe hier te onderhou, nie alleen deur ons te voed en te klee nie, maar ook deur aan ons al die ander hulpmiddels te verskaf waardeur ons uitwendige lewensbehoefes onderskraag word sodat ons ons brood in rus en vrede kan eet in soverre as wat die Here weet dat dit tot ons voordeel is.’ (Kat 49-50)

<sup>1038</sup> ‘Mense wat trouens nie met hulle daaglikse brood tevrede is nie maar met ongebreidelde hebsug na eindelose besittings hunker, of mense wat sat van hulle oorvloed en onbesorg oor hulle opgehoopte rykdom is en God nietemin met hierdie bede aanroep, doen niks anders as om die spot te dryf nie. Want eersgenoemdes bid vir iets wat hulle nie wil kry nie; ja, vir iets wat vir hulle grootliks afstootlik is, naamlik slegs daaglikse brood, en so ver hulle kan, steek hulle hulle hebsugtigheid vir God weg terwyl ‘n opregte gebed die hele gemoed en alles wat daarin skuil, voor Hom moet uitstort. Die tweede groep vra inderdaad iets wat hulle glad nie verwag nie, naamlik iets waarvan hulle meen dat hulle dit reeds het.’ (Inst, III, 20, 24: 1145) Hierdie paragraaf kom in elke uitgawe van die *Institusie* voor.

<sup>1039</sup> Oor die werk van die Heilige Gees om die chaos te keer en om die lewe te onderhou. ‘Die festigheid der Struktur des Kosmos hat ihre Wirklichkeit im Willen des Schöpfergottes; aber sie verwirklicht sich durch die Wirksamkeit des kräftigen Gottesgeistes, der der Geist des Schöpfers und des ewigen Wortes ist,...’ (Krusche 1957:18)

<sup>1040</sup> ‘omdat ons vir seker moet weet dat al ons goed geen waarde het behalwe in soverre die Here sy seën daaroor uitgiet en dit met voortdurende toename vrugbaar maak ...’ (Inst, III, 20, 44: 1145)

<sup>1041</sup> ‘Since God condescends to nourish our bodies, there can be no doubt whatever, that he is far more careful of our spiritual life.’ (Com. Mat 6:11) Barth verwys na die woord ‘brood’ ‘Dieses Wort hat dort auf einmal einen viel einfacheren, natürlicher und materiellen Sinn und gleichzeitig einen tieferen und erhabeneren Sinn als wir Denken.

menslike arbeid, word die ganse menslike bestaan afhanklik gestel aan God se seën. In aansluiting by Calvyn se nagmaalsbeskouing vind ons in die broodbede 'n materiële kant wat heen wys na God as die Gewer.

Na aanleiding hiervan kan gevra word of Calvyn wel die broodbede ernstig opneem? Maak Calvyn genoegsaam erns met die ganse aardse werklikheid? Ons kan die verskil tussen Luther en Calvyn as volg verduidelik: waar Luther 'n sterk Ou Testamentiese beklemtoning aan die bede gee, kry ons by Calvyn 'n meer Nuwe Testamentiese klem. Tog gaan die Ou Testamentiese klem nie heeltemal by Calvyn verby nie.<sup>1042</sup> Die belang van die gewoon aardse lewe blyk duidelik uit sy gebede.<sup>1043</sup>

Die bede om ons eie menslike behoeftes staan nooit los van ons broers en susters nie; ons eie versorging staan ook nooit los van die opbou van die gemeente.<sup>1044</sup> Hiervolgens sou ons die afleiding kon maak dat Calvyn se uitleg van die 4de bede 'n sosiale verantwoordelikheid vanuit die gemeente kon insluit; dus ook die mede broer, menslikheid en medemenslikheid kom in sig.

### **Vergewe ons ons skulde**

Calvyn beklemtoon die belang van die 5de bede. Hyself stel die 5de bede voorop in sy eie gebede.<sup>1045</sup> Die 5de en 6de bedes gaan saam; die twee bedes wat sy beskouing van regverdiging

Dieses Natürliche und dieses Erhabene sind innig verbunden ... [I]n der Bibel ist jede Mahlzeit, die bescheidenste wie die festlichste, eine geheiligte Sache, denn sie ist die Verheißung eines Festmahls, eines ewigen Freudenmahls.' (Barth 1965:85)

<sup>1042</sup> 'That Christ speaks here of bodily food may easily be inferred: first, because otherwise the prayer would be defective and incomplete. We are enjoined, in many passages, to throw all our cares into the bosom of God, and he graciously promises, that "he will withhold from us no good thing," (Ps 84:11). In a perfect rule of prayer, therefore, some direction must be laid down as to the innumerable wants of the present life.' (Com. Mat. 6:11)

<sup>1043</sup> Verwys na die gebede by die Kategismus die omvang van die voor God gebragde menslike bestaan. O S, II, 144 ev; Ook die politieke nood – sien die gebed by Dan. 1:4-8 en 9-16.

<sup>1044</sup> '... dat Christene se gebede openbaar moet wees en op die openbare stigting van die kerk en die bevordering van die gemeenskap van die gelowiges gemik moet wees.' (Inst, III, 20, 47: 1151)

<sup>1045</sup> 'We ought always, therefore, to begin with the forgiveness of sins: for the first hope of being heard by God beams upon us, when we obtain his favor; and there is no way in which he is "pacified toward us," (Ez 16:63), but by freely pardoning our sins.' (Com. Mat. 6:12) 'Was wir sind und tun, entspricht keineswegs dem, was uns gegeben ist. Wir sind Kinder und wir verstehen nicht ihn anzuerkennen. Calvin sagt: jeder, der sich weigert, zu bekennen, dass wir Gott beleidigen wie Schuldner, die nicht bezahlen, der schließt sich von der Christenheit aus ... [U]nd ich denke, je älter man wird, desto mehr zieht man die Bilanz, dass es von unserer Seite keine Hoffnung gibt.' (Barth 1965:92) Ons vra opnuut wie gee ons die reg om God se medearbeiders te wees? 'man muss wohl verstehen, was die Vergebung Gottes ist. Es handelt sich da nicht um eine ungewisse Hoffnung, um ein Ideal, das man sucht oder sich einbildet. Es ist ein Tatsache. Ehe ich darum bitte, hat Gott schon seine Vergebung gewährt. Wer das nicht wüsste, würde vergeblich beten. Die Vergebung ist schon geschenkt; das ist die Wirklichkeit, von der wir leben.' (op cit 97) 'Wir werden uns dann so sehen, wie wir Dir gegenüber sind. Du hast alle diese Schulden getilgt, Du hast zuvor einen neuen Menschen geschaffen ... [U]nsere Schulden sind künftig Deine Angelegenheit, nicht die Unsrige. Du verbietest uns, Rückwärts zu blicken, Du verbietest uns, dass wir uns niedergedrückt und gleichsam angekettert an unsere Vergangenheit fühlen, an das, was wir heute sind und tun und sogar an das was wir morgen sein und tun werden ... [A]ber wir müssen wohl verstehen, dass es uns nicht möglich ist, ernsthaft so zu Gott zu sprechen, oder seine Vergebung zu erlangen, ohne dass wir bitten: *Vergib uns unsere Sünden!*' (op cit 98-100)

en heiliging onderstreep; God wat ons in genade om Christus ontwil met Hom versoen en die Heilige Gees gee wat die geregtigheid van die wet in ons harte te skryf.<sup>1046</sup>

Vanaf 1536 tot 1559 lê Calvyn hierdie bedes veral uit teenoor die gedagte van werkheiligheid by die Rooms-Katolieke kerk. Elke bede beklemtoon volgens Calvyn ons eie swakheid en God se groot goedheid. Ook as tweede geslag, is die Reformasie 'n boete beweging. Gebed steek egter nie vas by die boete nie; ook dit mag nie 'n sisteem van verdienste word nie. Die bede om sonde vergewing het 'n kritiese funksie, dit verleen aan gebed sy eksistensiële karakter.<sup>1047</sup>

Calvyn se uitleg van die 5de bede bly sedert 1536 onveranderd. Hy beweeg op 'n gemeenskaplik reformatoriese terrein. Vanaf *Institusie* 1555 tot 1559 kom daar egter 'n verdieping en uitbreiding wanneer die tema van gebed behandel word binne die raamwerk van die werk van die Heilige Gees. Binne hierdie verbande word gebed beskryf as daad van verootmoediging en heiliging.<sup>1048</sup> Die betekenis van hierdie bede word verder duidelik wanneer Calvyn dit afgrens teenoor die gedagte van perfeksionisme en ook teenoor die sekerheid gevind in 'n Roomse sisteem en die sekerheid van die individu in homself. Juis deur die uitwerk van heiliging in gebed, neem Calvyn stelling in teenoor die linkervleuel van die reformasie; in die plek van die onsekerheid wat die Rooms-Katolieke stelsel bied, mag nie 'n argelose houding kom nie. So 'n houding staan in teenstelling met God se barmhartigheid. Daarom staan gebed en gebod nie teenoor mekaar nie, maar is twee kante van die een werk van die Heilige Gees in ons. Vandaar word die vraag na die heiliging en die etiek gestel. Vanuit hierdie bede, val die lig van die Woord reeds op die etiek.

In sy uitleg van die opvolg sin '*soos ons ook ons skuldenaars vergewe*', wys Calvyn enige voorwaarde af.<sup>1049</sup> Calvyn se uitleg moet in lyn met sy verstaan van regverdiging en heiliging gesien word; vir Calvyn staan hierdie begrippe nie los van mekaar nie. Die regverdiging in Christus bring die gelowige in beweging. Die sesde bede is daarom die bede van 'n pelgrim reeds op weg. In die bysin, '*soos ons ons skuldenaars vergewe*,' word die houding van 'n pelgrim uitgedruk. Hierdie houding pas by ware gebed. Dis terselfdertyd die gebed van die Heilige Gees; die gebed van Jesus Christus aan die kruis.

---

<sup>1046</sup> '... die beiden vornehmsten Stücke des göttlichen Bundes, ... dass er uns die Versöhnung mit ihm aus Gnade anbietet, indem er uns unsere Sünden nicht zurechnet, und dann den Heiligen Geist verheißt, der die Gerechtigkeit des Gesetzes in die fleischen Tafeln unseres Herzens schreibt.' (ibid)

<sup>1047</sup> Sien sy gebede voor die prediking.

<sup>1048</sup> Sien *Inst*, III, 20, 45.

<sup>1049</sup> 'Die Here wou met hierdie woorde tewens die swakheid van ons geloof onderskraag, want Hy het dit as 'n teken bygevoeg om ons daarmee te versterk dat Hy ons sondes net so sekere sal vergewe as wat ons daarvan verseker is dat ander deur ons vergewe word, as ons gemoed naamlik van alle haat, afguns en wraak bevry en gesuiwer is.' (*Inst*, III, 20, 45: 1148)

In sy uitleg van die bede eindig Calvyn met die vraag na kindskap.<sup>1050</sup> In sy antwoord kom die gedagtes van Romeine 8 weer na vore. In die woorde ‘soos ons ons skuldenaars vergewe’ skyn reeds iets deur van die eskatologiese werklikheid.

Dit bring ons by die uitleg van die laaste bede wat volgens Calvyn aansluit by ‘n belofte: ‘*Ek wil my wet op julle hart skrywe.*’<sup>1051</sup>

### **Die laaste bede en die slot**

Sonder om af te sien van die verlossingswerk van Jesus Christus en sy oorwinning oor die bose, verstaan Calvyn die 6de bede vanuit die werk van die Heilige Gees en vandaar verkry die uitleg van die bede sy unieke klem op die heiliging.<sup>1052</sup> Die etiek speel dus ‘n belangrike rol. Waar die derde bede die geheel van God se saak in die oog het, gaan dit in die sesde bede om God se saak, gesien vanuit ‘n menslike hoek. Die konteks van die bede is die situasie van die gemeente in sy stryd teen die bose. Vanuit hierdie situasie verkry hierdie bede ‘n dringendheid, wat in al Calvyn se gebede na vore kom. Dit gaan om ‘n vyand in die lewe van elke dag; die sonde en die satan.<sup>1053</sup> Die boodskap van die bede is dat die praktiese lewe van ‘n Christen alleen bemeester kan word onder leiding van die Heilige Gees.<sup>1054</sup>

Al is daar sprake van stryd, moet altyd in gedagte gehou word dat die sesde bede steeds die bede van kinders van God is, wat as lede van Christus bid. Deur die Gees bid Christus in ons en ons bid as lede van sy liggaam. Met ander woorde: Hy stry die stryd saam met ons in gebed; Hy oorwin, nie ons in eie krag nie.<sup>1055</sup>

Calvyn anker sy uitleg aan die belofte dat God sy Gees in ons harte gee.<sup>1056</sup> So verbind die sesde bede al die bedes van die ‘Ons Vader’ aan die heiliging as grond tema van Calvyn se etiek.<sup>1057</sup>

<sup>1050</sup> Sien *Inst.*, III, 20, 45.

<sup>1051</sup> *Inst.*, III, 20, 46 en 45!

<sup>1052</sup> Duidelik blyk Calvyn se trinitariese uitleg. Waar in die 4de bede die bewaring van God die Vader voorop staan; staan in die 5de bede die werk van Christus voorop en in die 6de bede die werk van die Heilige Gees. (Scholl 1968:176 n 151) Barth oor die versoeking van die 6de bede: ‘Hier ist die rede von der großen Versuchung. Es handelt sich nicht nur um das Übel, sondern um das Böse (und den Bösen) (Barth 1965:102) ‘Man täuscht sich, wenn man schreit: Erlöse uns von allem, was für uns eine Gefahr oder ein Grund zu kommen sein könnte ... [E]s gibt ein unerträgliches, unausstehliches Übel, das nicht im Wettbewerb mit dem Guten ist. Diese Bedrohung existiert; sie macht ihre Gegenwart kund ... [D]as Geschöpf ist ohne Verteidigung gegenüber dieser Bedrohung. Gott ist ihr überlegen, aber nicht das Geschöpf.’ (op cit 105)

<sup>1053</sup> ‘... es gibt doch eine Wirklichkeit, über die wir modernen Christen allzu leicht hinweggehen.’ (op cit 106)

<sup>1054</sup> In Calvyn se uitleg sedert 1536-1559 word die versoekings gemeld en ingedeel; versoekings na regs en na links (*Inst.*, III, 20, 46)

<sup>1055</sup> Met die Kategismus van 1542 vraag 291: ‘Wanneer ons deur sy Gees geregeer en met so ‘n verlange en begeerte na geregtigheid besiel word dat ons die sonde, ons vlees en die satan kan oorwin en met so ‘n afkeur in die sonde vervul word dat dit ons, van die wêreld afgesonder, suiwer in reinheid kan hou omdat ons oorwinning gebou is op die krag van die Gees.’ (*Kat* : 52) Die Latyn: *in spiritus virtute victoria nostra consistit.* (Scholl 1968:177 haal aan O S, II, 126.)

<sup>1056</sup> ‘Soos ons gesê het, stem die sesde bede ooreen met die belofte in verband met die wet wat God in ons harte ingegrif het.’ (*Inst.*, III, 20, 46: 1148)

<sup>1057</sup> Herinner aan die opskrif van boek III.

Die versoeking waarvan gepraat word, wat in vele gestaltes na vore kom, sien Calvyn as gedaantes van die een groot versoeking van die bese.

Twee sake word in sy uitleg beklemtoon. Daar word 'n verband gelê tussen die bese, die Satan en die sonde en die belangrikste die eskatologiese blik op die heiliging. *'Hierdie bede omvat egter meer as wat dit met die eerste oogopslag voorgee. As die Gees van God immers ons krag is om teen die Satan te stry, sal ons nie kan oorwin voordat ons met die Gees vervul en al die swakheid van ons vlees ons afgestroop het nie.* Die sesde bede is die bede om voortgaande heiliging, om vordering op die pelgrimspad.<sup>1058</sup>

In sy uitleg van 1559 bring Calvyn hierdie gedagtes ook in verband met die vraag of God die mens in versoeking lei. Hierdie vraag raak Calvyn se uitverkiesings- en voorsieningsleer asook die vraag na die oorsprong van die bese.<sup>1059</sup> Vanuit die logika van die geloof antwoord Calvyn: God is God, Hy is in staat om selfs die bese as werktuig gebruik. Hy kan nie in versoeking bring nie, Hy kan wel die versoeking tot ons beswil gebruik. Hy gee sy Gees wat die bese kan en wil weerstaan. Wie egter vanweë versoekings tot 'n val kom, kan nie God daarvoor beskuldig nie.<sup>1060</sup> Hiermee word die kragtige spanninge binne Calvyn se teologie duidelik.<sup>1061</sup> Gebed speel 'n belangrike rol in die saamleef met hierdie spanning. Soos twee pole van 'n battery energie verskaf, so kom God se wil en die mens se wil in gebed bymekaar en verskaf die energie vir heiligmaking.

In sy oorspronklike uitleg tref Calvyn onderskeid tussen versoekinge na links en regs, dit is versoekings in teëspoed en voorspoed. In die 6de bede word gebid dat God alles tot ons beswil sal laat dien, sodat ons God nie in ons geluk sal vergeet nie, ook nie in ongeluk sal versaak nie.<sup>1062</sup> Vervolgens toon Calvyn die sin van versoekings aan; God kan selfs versoeking gebruik in sy plan. In versoekings moet die gelowige altyd twee hande sien; die hand van God wat ons

---

<sup>1058</sup> 'Allmächtiger Gott! Du erscheint uns heute nicht im Rätsel und Abbild, wie einst den heiligen Vätern, sondern du bist uns voll sichtbar geworden in deinen Sohn. Da gibt doch, dass wir gänzlich hingerissen werden, dein Bild zu schauen, das uns in ihm aufleuchtet, ja, dass wir uns mehr und mehr in es verwandeln, bis wir endlich, gereinigt von allem Schmutz unseres Fleisches, gleichförmig werden mit der reinen und vollkommenen Heiligkeit, die in Christus ist, wie ja auch die Fülle aller Güter in ihm wohnt; und gibt, dass wir so endlich zur Gemeinschaft jenes Ruhmes gelangen, welchen unser Herr durch seine Auferstehung uns erworben hat. Amen.' Die gebed by Hosea 12:5-7. (Scholl 1968:302)

<sup>1059</sup> 'It is certainly true, that "every man is tempted," as the Apostle James says, (Jas 1:14) "by his own lust:" yet, as God not only gives us up to the will of Satan, to kindle the flame of lust, but employs him as the agent of his wrath, when he chooses to drive men headlong to destruction, he may be also said, in a way peculiar to himself, to lead them into temptation... And yet we will not therefore say, that God is the author of evil: because, by giving men over to a reprobate mind," (Ro 1:28), he does not exercise a confused tyranny, but executes his just, though secret judgments.' (Com. Mat. 6:13)

<sup>1060</sup> Sien *Inst.* III, 20, 46 se slot.

<sup>1061</sup> Die voorlesing van Dan 5:1-5 behandel die hoogmoed van Beltsasar en voer aan dat alles na Gods bestemming geskied 'der die Verworfenen nach seinem *gerechten* Spruch dem herangereiften Gericht ausliefert.' Die spanning word in die gebed wat daarop volg verwoord. (Scholl, 1968:180 n 167)

<sup>1062</sup> '... dat dit wat aan beide kante aan ons voorgehou word, vir ons ten goede mag verander. Dit beteken dat ons nie in voorspoed opgeblase of in teenspoed neerslagtig moet wees nie.' (*Inst* III, 20, 46, 1149)

sterk en die hand van die satan wat wil vernietig. Calvyn weet dat ons as mense nie in eie krag voor die versoekings kan staande bly nie.<sup>1063</sup> Calvyn sluit af met die woorde: *‘in spiritus ... virtute victoria nostra consistit.’*<sup>1064</sup> Die volgende gedeelte kom in elke weergawe van die *Institusie* voor:

*Hier moet ons ook terdeë daarop let dat dit nie binne ons kragte is om met so ‘n kragtige vegter as die duiwel kragte te meet en sy geweld en aanslae te verduur nie. Anders sou ons verniet of spottenderwys van God iets gevra het wat onself het. ... Laat ander maar soveel as hulle wil, vertrou op die eie vermoë en kragte van hulle vrye oordeel wat hulle, soos dit vir hulle lyk, uit hulleself het. Vir ons sou dit voldoende wees om in God se krag alleen staande te bly en sterk te wees.*<sup>1065</sup>

Calvyn besef die slot van die ‘Ons Vader’ kom nie in die oorspronklike teks voor nie, tog meen hy die slot hoort daar. Dit beklemtoon die diepste grond van alle gebed: God self.<sup>1066</sup> Die Kategismus van 1542 bring ‘n verdere gedagte by. Die slot van die ‘Ons Vader’ is in die vorm van ‘n doksologie, as herinnering dat ons al ons gebed met lofprysing sal afsluit.<sup>1067</sup>

Daarmee gaan die inhoud van ware gebed saam met die logika van die geloof, soos Calvyn dit uitdruk as Godskennis en selfkennis. Ware gebed is die gebed van Jesus Christus; die gebed om die saak van God asook die saak van die mens kom in beweging deur sy Gees. Die pneumatologie speel in Calvyn se ‘Ons Vader’ uitleg ‘n onmisbare rol.

---

<sup>1063</sup> ‘From the time of Adam’s expulsion from paradise every man is born with this question, which satan has put in Adam’s heart. That is the first question of all flesh: “Has God really said?” By this question all flesh comes to fall. The seduction of Adam brings all flesh to death and condemnation.’ Bonhoeffer, D 1963. *Temptation*. tr. Downham, K. London: SCM Press, 16.

<sup>1064</sup> Sien die voorlesingsgebed by Da. 12:1-4. O S, II, 126.

<sup>1065</sup> *Inst.* III, 20, 46 : 1150.

<sup>1066</sup> ‘Dit is naamlik dat die koninkryk en die mag en die heerlikheid tot in ewigheid aan Hom behoort. Dit is die vaste en kalm berusting vir ons geloof. Want as ons ons gebede na aanleiding van ons eie aansien aan God moes opdra, wie sou dan kon waag om selfs voor Hom te fluister?’ (*Inst.* III, 20, 47: 1152)

<sup>1067</sup> ‘Hier word ons weer vermaan dat ons gebede eerder op die mag en die goedertierenheid van God moet steun as op ons eie selfvertroue. Daarbenewens word ons geleer om ons gebede met lofbetuiging aan God af te sluit.’ Vraag 295 van die Geneefse Kategismus. (*Kat* : 53) Barth koppel hierdie doksologie veral aan die 6de bede; ‘Erlöse uns von dem Bösen. In der Tat, das Reich und die Kraft und die Herrlichkeit gehören Gott, nicht dem Teufel, nicht der Sünde oder dem Tod oder der Hölle. (Barth 1965:113) Sien ook HK vra 128.

## 11 'N GEREFORMEERDE LEER VAN RAHNER EN CALVYN

'n Gereformeerde leer die volgende van Rahner: Gebed as algemeen menslike verskynsel vra die vraag na die logika van die geloof; 'n logika wat groter is as die verstand; 'n logika wat die hart van die mens raak. Rahner wys daarop dat in ons algemeen menslike ervaring 'n logika voorkom waarvolgens rasionaliteit en ervaring nie geskei is nie. Ook geloof en die ervaring van menswees is nie te skei is nie. Die ervaring van die Geheimenis, van God wat ons verstand te bowe gaan, staan nooit los van die ervaring van menswees nie. Rahner meen dat ervaring vandag die sterkste argument vir die geloof kan wees. Hierdie ervaring definieer hy op 'n positiewe wyse as die aanvaarding van eie menswees. Die logika van die geloof staan nie los van die aanvaarding van eie menswees in liefde en genade nie. Die mens kan hierdie waarheid selfondersoekend ontdek. Die vraag wat ons egter na aanleiding van Rahner se voorstel stel, is: Is 'n teologiese stelling alleen waar in soverre die mens dit ervaar of is 'n teologiese stelling waar omdat dit vir die geloof waar is? Is 'n teologiese stelling waar in soverre dit die mens tot selfaanvaarding bring? Dit lyk asof ons vanuit die gereformeerde tradisie met twee onversoerbare stellings te doen het: selfaanvaarding en geloof in God.

Die oogmerk van hierdie studie is juis om aan te toon dat hierdie twee aspekte nie vanuit die menslike subjek met mekaar versoen kan word nie. Vanuit die menslike subjek eindig enige poging tot versoening uiteindelik in die mistiek.

Rahner se voorstel wys ons reeds in die rigting waarin versoening moontlik is, naamlik gebed. Vir ware gebed is dit egter nodig dat ons die logika van die geloof leer anders eindig gebed as selfgesprek. Die logika van die geloof is vir die Reformatore ontsluit in die herontdekking van die duidelikheid van die Skrif. Eers in die ervaring van God se goedheid kom die mens waarlik tot aanvaarding van homself. Hierdie ervaring word moontlik gemaak deur die Woord en die Gees. Ons kan praat van 'n goddelike spanpoging. Hierdie ervaring staan nie los van die geloof nie. Hier is dus nie sprake van een of ander mistieke eenwording tussen God en mens nie.

Daar is dus 'n definitiewe onderskeid tussen Rahner en Calvin se voorstelle. Kolffhaus wys in sy werk *'Christus gemeinschaft bei Johannes Calvin'* op die feit dat uitdrukkings wat by die mistici voorkom nie vreemd is aan Calvin nie. Calvin beklemtoon ook die werk van die Gees. Hy beklemtoon egter die 'Heilige Gees' as Gees van Christus.<sup>1068</sup>

---

<sup>1068</sup> 'Vereinigung mit Christus, Eingepflanzt- oder Einverleibtsein in ihn, Sein in Christus, mit ihm zu einem Körper zusammenwachsen, unio mystica, Abtötung, Zunichte-gemachtwerden, Selbstverleugnung, Christusgenießen: alle Ausdrücke, die uns aus der Geschichte der Mystik aller Zeiten wohl bekannt sind, und manche andere begegnen uns auf Schritt und Tritt bei Calvin.' (Kolffhaus, 1939:125)



Die Heilige Gees openbaar nie nuwe waarhede nie. Die Heilige Gees onderskryf en bevestig die Leer van Christus. Dit wat as grondtrek by die mistiek na vore kom as ‘*eine Unmittelbarkeit zu Gott*’ is by Calvyn afwesig.<sup>1069</sup>

Geen ervaring van die genade staan los van Christus nie. Alleen om Christus ontwil is God ons genadig. Alleen deur gemeenskap met Christus leer ons God waarlik ken. Hierdie gemeenskap met Christus is geen mistieke eenwording of opheffing van die menslike persoon nie. Hierdie gemeenskap word tot stand gebring deur die Heilige Gees wat in vryheid deur die evangelie die geloof in ons werk.<sup>1070</sup>

Die kennis van die geheimenis van God is dus nie iets wat die mens vanuit homself, al is dit deur ‘n oorskryding van die grense van die logika, soos by Rahner, moeitewol kan bereik nie. Ons het verwys na die ontwikkelinge rondom die ‘misterie’ begrip in die vroeë kerk. Die misterie begrip kan nie vanuit ‘n algemene sinsleer verstaan word, losgemaak van sy Bybelse verbande, nie.

Die gemeenskap met Christus beteken nie die ervaring van allerlei geestelike genietinge nie, maar verbondenheid met Christus bewerk deur die Heilige Gees.

Die mistieke begrippe wat dus by Calvyn voorkom het ‘n heel ander inhoud en draagwydte. Dit staan nooit los van die gawe van die geloof en die werk van die Heilige Gees nie. Die ervaring waarvan Calvyn praat is van ‘n ander oorsprong: die hoor van die Woord van God. Die wysheid van die Woord versak al ons menslike wysheid.<sup>1071</sup>

Ons geloof wag nie op buitengewone ingewings van die ‘Gees’ nie; ons geloof kan niks anders doen as om Christus te aanskou nie. Ons geloof het genoeg aan die rykdom van die Woord van God waarin ons die wil van God duidelik vind. Ons probleem is nie ‘n gemis aan openbaringe nie, maar ons traagheid om te bid. Wat Calvyn skei van die mistiek is sy onvoorwaardelike onderwerping aan die Woord en ‘n lewe uit die Woord.

Waar die mistici God se geheimenis wil ervaar en so die afgrond tussen God en mens oorbrug, waarsku Calvyn hierteen. Calvyn wys ons op die genoegsaamheid van die Woord; die Woord wat die Reformasie herontdek in die duidelikheid van die Skrif; in sigself dooie letters, maar lewend gemaak deur die saak waarvan die letters getuig, Jesus Christus. As instrument van die Heilige Gees is die Skrif God se lewende Woord. Dit gaan dus nie om ‘n selfbematigende

---

<sup>1069</sup> Hy beskryf die grondtrekke van die mistiek as volg: ‘... das Bemühen des Menschen um unmittelbare Gemeinschaft mit Gott, um ein Versinken in die Gottheit mit seiner Lust und seinem Schmerz, um das “Entwerden” des Menschen durch Meditation, Askese, Gebet oder irgendein anderes Mittel, um das Aufgenommensein in Gott, um ein Genießen der Heilsfülle in Momenten tiefsten Eingehens in Gott, sei es in oder ohne Zusammenhang mit Ekstase oder Visionen oder mit sonst einer Form des Außersichseins.’ (op cit 126)

<sup>1070</sup> ‘... über dem ganzen Weg steht geschrieben: Alles dies wirkt der Heilige Geist, der in seiner Freiheit durch das Evangelium den Glauben in uns erweckt.’ (op cit 127)

<sup>1071</sup> ‘Wie sein Freund und Lehrer M. Butzer betonte Calvin im Gegensatz zu dem “inneren Wort” der Mystiker und Schwärmer die entscheidende Bedeutung der Heiligen Schrift für unser Glauben und Leben. Statt herabzusteigen in die eigenen Seelentiefen, “muss der Glaube seine Wurzeln tief in Gottes Wort hineingesenkt haben.”’ Verwys na C O. 48, 317 (op cit 128)

ervaring van God se heerlikheid nie, maar om ‘n gehoorsame luister na die Woord; om ‘n voortgaande erkenning van Jesus Christus wat ons deel gemaak het van sy liggaam en dag vir dag sy gawes in ons vermeerder.<sup>1072</sup> Christelike ervaring beteken niks as dit nie gegrond is in die kennis van die geloof in Jesus Christus nie.

Ook Calvyn kan van die ‘geniet’ van God praat. Hierdie ‘geniet’ is vir Calvyn anders as die ‘geniet’ van die mistiek, die ‘geniet’ van God in Christus. Dit beteken dat ons nie in direkte aanskouing voor God kan staan nie, maar alleen as gehoorsame kinders voor ‘n Vader. Ons maak nie van ons kant hierdie gemeenskap met God moontlik, buite Christus om as die Weg wat God self oopgemaak het, nie.<sup>1073</sup> Elke tree bly ons aangewese op Christus; op die belofte van die vergifnis van ons sondes.<sup>1074</sup>

Die gedagte van ‘ons gemeenskap met Christus’ stel grense aan ons sondige menswees. Hierdie grense vra juis dat ons ons heilsekerheid by Christus soek en nie verdwaal in ‘n labirint van eie ervarings nie.

Dit maak nie van Calvyn ‘n vryblywende toeskouer nie, hy bly ervaringsmatig betrokke in die geloof. Tog kan Calvyn nie God se Raad meet aan eie gedagtes en spekulasies nie.<sup>1075</sup> In die gemeenskap met Christus het die geloof nie ‘n behoefte aan verdere openbarings en ervarings nie; die geloof het alles wat nodig is vir tyd en ewigheid.

‘n Goeie voorbeeld van hoe Calvyn met mistieke begrippe omgaan is die begrip ‘selfverloëning’. Soos Bernard van Clairvaux leer Calvyn ook selfverloëning; tog kry selfverloëning ‘n ander wending wanneer Calvyn beklemtoon dat selfverloëning niks bereik sonder die geloof nie. Die gemeenskap met Christus deur die geloof is vir Calvyn die enigste en sekere weg tot die hart van God.<sup>1076</sup>

Die vroomheid van Bernard van Clairvaux het twee fokuspeunte: die kerk en die ervaring van vrome siele. Calvyn was dit met Bernard van Clairvaux eens oor die eerste punt, die tweede het hy vermy. In die middelpunt was nie die vrome met sy ervarings nie, maar Christus en die lewe wat die gelowiges van Hom ontvang.<sup>1077</sup>

---

<sup>1072</sup> ‘Der Schlüssel des Himmelreichs ist die gnädige Annahme Gottes, von der wir aus dem Wort wissen.’ C O. 45, 349. (op cit 130)

<sup>1073</sup> *Deus se nobis fruentum in Christo dedit.* C O. 45, 69.

<sup>1074</sup> ‘... nachdem der Geist Gottes uns dem Leib seines Sohnes eingepflanzt habe, müsste wir alles zum Heil Notwendige suchen in der Gnade unseres Herrn Jesus Christus.’ Calvyn se preek uit Gal. 2:15-16. (C O. 50, 425-570)

<sup>1075</sup> ‘Wir können Gott nur hören, wenn wir uns seinem Befehl unterwerfen.’ (C O. 31, 766)

<sup>1076</sup> ‘Der Herr ist nahe ... wenn die Stimme des Evangeliums ertönt.’ Jes 55:6. (C O. 37, 288)

<sup>1077</sup> Sien Calvyn se opmerking aan Sadoletto waarna ons reeds verwys het. Wat Calvyn van homself sê is niks anders as die belydenis op sy sterfbed 28 April 1546. ‘Alles, was ich getan, ist im Grunde nichts wert, und ich bin eine erbärmlichen Kreatur. Nur das darf ich von mir sagen, dass ich jederzeit das Gute wollte, dass meine Fehler mir immer mißfallen haben, dass die Wurzel der Gottesfurcht wahrhaftig in meinen Herzen war. In meiner Lehre war ich treu und sorgsam, auch bei meinen Schriften hat mir Gott Gnade gegeben, ernst und gewissenhaft zu Werke zu

Calvyn se heilservaring ken maar een grond: die gesproke en vleesgeworde Woord van God waardeur ons aan God verbonde is en waardeur ons steeds aangespoor word om God te seek.

Daaruit ontspring 'n Godsverhouding wat onafhanklik is van die stemminge van die ervaring.

Tog staan Calvyn nie vreemd aan die dieptes van menslike ervaring nie.<sup>1078</sup>

Dat Christus in ons woon beteken vir Calvyn dat ons aan sy Woord gebonde is, om nie buite sy Woord om ander openbarings te seek nie.

In ooreenstemming hiermee gebruik Calvyn ook die begrip 'ervaring'. Waar die mistici op hulle ervarings as iets besonders naas die Skrif wys, sien Calvyn die ervaring 'n troue wagter wat met opgehefte vinger wys op die werklikheidserns van die Woord. Die ervaring bevestig die betroubaarheid van die Woord. Die Woord staan nooit los van die geloof nie. Calvyn gebruik die beeld van die moeder om die verhouding tussen Woord en geloof uit te druk. Die Woord leer ons die logika van die geloof: die geloof onderskryf wat God sê; dit is vas oortuig dat sal gebeur wat God belowe. Dis die Woord waardeur God Homself aan ons verbind het wat in ons gedagtes moet bly. Calvyn lê ook soos die ander Reformatore klem op die gepredikte Woord. Geloofervaring staan nooit los van die aanvaarding van God se Woord soos verkondig deur mense nie. Calvyn verwys ook dikwels na die 'rus van die geloof'. Hiermee bedoel hy nie 'n mistieke toestand van vrede nie, maar 'rus' in die Woord van God. In elke lewenstryd hou die Woord ons staande. Die doel van die evangelie is juis die rustige stille geloof, gebou op die Woord en bevestig deur die tekens van die sakramente.

Die belangrikste verskilpunt tussen Calvyn en die mistiek is die gebrek aan 'n teologie van die kruis. In die plek van die objektiewe historiese gebeure van die kruis, tree by die mistiek die intensiteit van die ervaring as die kriterium vir die uniek Christelike.

Die soeke van die mistiek is na die volkome Godskennis wat nie gebonde is aan die Skrif nie. Dit beteken dat die *Deificatio* en christologiese uitsprake sonder meer in antropologiese uitsprake omgesit word. By Calvyn egter is die leer van die *Institio* nie antropologie of leer van die vrome mens nie, maar leer oor Christus en sy werk.

Die leer van die gemeenskap met Christus is tegelyk die leer van die kerk. Die mistiek staan skepties teenoor kerklike instellings en 'n duidelike geloofsleer; stel in die plek van die

gehen, so dass ich nicht eine einzige Stelle der Schrift mit Wissen verdrehte oder unrichtig auslegte.' (Kolfhaus 1939:134)

<sup>1078</sup> Kenmerkend van die beslissende plek van die Woord bo allerlei ervarings is Calvyn se preek oor Job 4:12-29. 'Wenn wir die Schrift haben, ist es sicher, dass uns nichts gebricht, da wir im Licht des Evangeliums die völlige Weisheit haben, wie der Apostel Paulus beweist. Wer also noch gereizt wird von der begier nach irgendwelchen Gesichte, zeigt damit, dass er von der Heiligen Schrift noch nichts verstanden hat. Gott hat sich uns geoffenbart in den Propheten und in seinem Sohn, hier ist die Grenze, und weil viele diese Grenze überschreiten wollen, ist es zu der schrecklichen Verwirrung des Papsttums gekommen.' (C O. 48, 523)

duidelikheid van die Skrif die individuele bewussyn as enigste maatstaf.<sup>1079</sup> Geen mistikus sou sê wat Calvin oor die kerk sê nie: *‘Keine Entschuldigung hat der, der mutwillig die äußere Gemeinschaft der Kirche verlässt, wo das Wort Gottes gepredigt wird und die Sakramente verwaltet werden.’*<sup>1080</sup> Vir Calvin is die ‘wat’ of inhoud van die godsdiens nie minder belangrik as die ‘hoe’ of die beleving nie. Vanuit die gemeenskap met Christus, kan die gelowige nie anders as om altyd beter te hoor wat die Woord sê. Vir die mistiek is die Skrif slegs ‘n heenwysing na ‘n saak en as die saak verkry is, verloor die Skrif sy funksie. Volgens Calvin kan die Christen geen tree gee sonder die Lig van die Skrif nie. Deur die Woord wat die Heilige Gees in die gelowige laat wortel skiet, oorwin hy in elke aanvegting, want die belofte verseker hom van die liefde van God.

Dat die ‘hoe’ van die ‘beleving’ ook vir Calvin belangrik is, spruit eweneens voort uit die Christusgemeenskap. Calvin meen waar die ‘hoe’ nie as belangrik geag word nie, ons te make kry met ‘n koue intellektualisme. Die ‘leer’ wil indring in die hart en wandel van die mens. Dis tog die ‘leer’ van Hom wat in ons woon. Calvin verwys dikwels na die ‘lewend word’ deur Christus.<sup>1081</sup> Die ware heilsekerheid moet diep in die gelowige se hart gebêre word. Die Christus gemeenskap verhinder dat ons naas die Woord van ons Hoof ‘n innerlike lig te soek; dit verhinder ook dat ons tevrede is met ‘n koue intellektualisme en moralisme.<sup>1082</sup>

Koue rasionalisme asook mistisisme word deur Calvin afgewys. Wie alleen historiese ervaringskennis het, ken nog nie die evangelie nie. So iemand moet kennis maak met die leer van die geloof wat die verlossingswerk van Christus toeganklik maak. Die ‘leer’ spruit nie voort uit een of ander logiese denkproses nie; die Heilige Gees skryf die Woord wat aan ons geskenk is in ons harte. So is dit nie genoeg om te lees en te hoor en te dink nie, God self moet die gelowige deur die verborge werking van sy Gees verlig. Die *cognitio Christi* is sodanig dat die gelowige deel kry aan die Christus se opstandingskrag soos blyk uit die uitleg van Filippense 3:10. Die Christelike geloof kan daarom nooit tevrede wees met ‘n rasonele instemming nie; die Christelike geloof is ‘n geloof wat die mens se hart raak. Hierdie geloof kom na vore in lewe, warmte en innigheid.

Die belofte van God moet ons ken, meer nog dit moet in ons hart verseël word. Hoe? Deur gebed; deur God aan te roep, die God wat doen wat Hy belowe. Daarom noem ons gebed die oefening van die geloof; die aanvaarding van God se goedheid.

---

<sup>1079</sup> Verwys na Calvin se optrede teen Castellio van Basel. (op cit 139) Castellio sien die kerk as ‘n Ryk van die Gees, gedra deur ‘n begeesterde gemeenskap van heiliges. Calvin sien die kerk as die liggaam van Christus, wat die Heilige Gees opbou en regeer deur die Woord van God.

<sup>1080</sup> Kolfhaus haal aan O. S. V., 23. (op cir 140)

<sup>1081</sup> verwys na 1 Th 5:10.

<sup>1082</sup> Calvin beskryf die geloof in die Geneefse kategismus van 1537 as: ‘festes und sicheres Vertrauen des Herzens, durch das wir uns allein an die Barmherzigkeit Gottes halten.’ (C O. 22, 47) (op cit 143)

Ons verwys na Calvin se beskrywing in *Institusie* III, 20, 2:

*‘Deur die weldaad van gebed bereik ons dit dus om na daardie rykdomme deur te gaan wat by die hemelse Vader vir ons weggebêre is. Daar is tewens ‘n sekere verkeer van mense met God waardeur gelowiges wat tot die heiligdom van die hemel toegetree het, Hom persoonlik in verband met sy beloftes kan aanroep sodat, as die nood dit vereis, hulle self kan ervaar dat dit wat hulle geglo het, nie sonder grond was nie, hoewel Hy dit toe slegs in woorde aan hulle meegedeel het. Gevolglik kan ons sien dat geen belofte aan ons voorgehou word om van die Here te verwag sonder dat ons ook gebied word om dit in ons gebede van Hom te vra nie. Dit is daarom waar dat ons met ons gebede die skatte uitdelf wat die evangelie van die Here vir ons aangedui het en wat ons geloof al aanskou het. Met woorde kan ons nie genoegsaam verduidelik hoe noodsaaklik gebedsoefening is en op hoeveel maniere dit voordeel inhou nie. Die hemelse Vader verklaar inderdaad nie sonder rede dat die enigste hulpmiddel vir ons saligheid in die aanroeping van sy Naam geleë is nie. Daardeur roep ons die nabyheid in van sowel sy voorsienigheid, waardeur Hy oor die versorging van ons belange waak, asook van sy krag, waardeur Hy ons in ons swakheid onderhou wanneer ons amper beswyk, en ook van sy goedertierenheid, waardeur Hy mense wat jammerlik met sondes oorlaai is, in genade aanneem. Kortom: daardeur roep ons Hom self ten volle aan om Hom as ‘n nabye God aan ons te betoon. Hieruit ontstaan vir ons gewetens buitengewone gerusstelling en rustigheid. Want wanneer ons die nood wat ons druk, voor die Here gelê het, vind ons daarin oorvloedig gerusstelling, omdat niks van ons kwaad vir Hom verborge is nie en ons vas daarvan oortuig is dat Hy net die beste vir ons wil doen en dat Hy ons belange ten beste behartig.’<sup>1083</sup>*

As die belangrikste van ons diens aan God, is gebed eintlik God se diens aan ons. Daardeur kry die gelowige deel aan al die gawes wat God ons in Christus skenk.<sup>1084</sup>

Calvin se gebede word nie alleen gekenmerk deur ‘n erns nie, maar ook deur sterk emosie. Hy kan sê: *‘Wir müssen beten mit wahrer Sehnsucht, die uns gleichsam über uns selbst hinausträgt.’*<sup>1085</sup> Ook hierdie verborge innerlike verkeer met God staan onder die leiding van die Woord wat die gebed bewerk en waarin die gebed verbonde bly: *‘Ich habe Mut zum gebet, wenn ich mich stütze auf das Wort.’*<sup>1086</sup> In die verborge omgang met God tree Christus na vore as Middelaar. Dit blyk uit die Woord gebondenheid van Calvin se gebede. In Calvin se gebede is daar geen oordrewenheid of opdringerigheid nie. Die hoofkenmerk van sy gebede is die

<sup>1083</sup> *Inst.* III, 20, 3, 1079; sien ook Calvin se verklaring van Ps 22:2.

<sup>1084</sup> ‘In Predigten bestimmt er das Gebet etwa als *‘le principal article du service de Dieu.’* Aber auch da gilt es sofort zu erkennen, dass der Dienst Gottes der Dienst am Menschen ist.’ Sien ook Calvin se kommentaar op Jes 63:16. Scholl verwys na sy preek oor Luk 1:5-10, C O. 46. 13 ev. (Scholl 1968: 25)

<sup>1085</sup> C O. 32, 512. (Kolfhaus 1939:144)

<sup>1086</sup> C O. 32, 520. Warum fehlt uns der Mut zu beten? (op cit 144)

verbondenheid aan die inhoud van die Skrif.<sup>1087</sup> Voor die oog van die bidder stel hy altyd die God wat naby is. ‘*Der Arme Gottes umschließen uns, wir sind mit ihnen bewaffnet, und zugleich der Gott, der in der Höhe wohnt, den wir nur in Demut anbeten können, vor dem wir nichts sind und der über allem ist.*’<sup>1088</sup> Alleen God kan die helende brug in die lewe van die mens wees; die mens wat as gebrokene en begenadigde tot God mag roep. Hierdie ingesteldheid gee aan Calvyn se gebede ‘n nugterheid en saaklikheid.

Gebed as oefening van die geloof is gemeenskap met Christus. Dit behels deelhê aan die liggaam van Christus en lewe vanuit die Hoof. Dit beteken tegelyk ‘n lewe gerig op die Hoof. Die fokus is nie op eie wonderlike geloofservaringe nie, maar op Christus, die onveranderlike Bron van die geloof. In die geloofsgerigtheid op Christus vind daar nie ‘n mistieke eenheid plaas tussen subjek en objek nie. Ook die gelowige in gemeenskap met Christus bly mens met ‘n leë hand, wat in geloof verlossing verwag. Die gemeenskap van die gelowige met Christus bly ‘n gemeenskap van geloof van begin tot einde. In gemeenskap met Christus kan die gelowige nie anders wees as hoorder van die Woord; as gehoorsame doener en bidder nie.

Gebed word so deelname aan die amp van Christus as Profeet, Koning en Priester. Die praktiese diens van gebede kan eers reg verstaan word vanuit die drievoudige amp van Jesus Christus. Van hieruit kry veral die voorbedding ‘n belangrike plek in Calvyn se gebede.

Hoe beslissend die Christologiese aspek van die diens van die gebede ook al is, gaan dit vir Calvyn om die spesiale diens van die Heilige Gees. Oral in Calvyn se geskryfte vind ons die begrip ‘getuienis van die Heilige Gees’. Die begrip *testimonium Spiritus Sancti* word dikwels in verband gebring met die ‘verligting van die verstand’. Sonder die getuienis van die Heilige Gees kan die leer van die evangelie nie verstaan word nie. Calvyn beklemtoon dan dat hierdie verstaan ‘n verstaan met die hart is; dit bring ook nie bloot sekere bewussynsinhoude tuis nie; dit verander die mens se lewe.<sup>1089</sup> Calvyn bring dit in verband met die heiliging; dit doen die Heilige Gees deur die waarheid van die Skrif in ons harte te verseël.

Eintlik gaan Calvyn se gebedsleer eers oop vanuit sy pneumatologie. Daarom behandel hy sy gebedsdeel ook in die derde deel van die *Institusie*. Vanuit sy eksegeese van Romeine 8 staan gebed en die werk van die Heilige Gees ten nouste saam. Die gebed word so voorgestel as die *Urtat* van die etiek; die eerste tree op die pad van dissipelskap.

Anders as wat Rahner sê oor die Christen van die toekoms wat ‘n mistikus sal wees, sal die Christendom alleen voortbestaan daar waar ‘n lewende gemeenskap met Christus beoefen word.

---

<sup>1087</sup> verwys na Dahm, W Johannes Calvin, Gebete. (op cit 145)

<sup>1088</sup> C O. 29, 198 ev. (ibid)

<sup>1089</sup> Kolfhaus 1939:145-146.

‘n Gereformeerde kan dus by Calvyn leer: Die logika van die geloof het alles te make met ‘n herwaardering van die eenvoudige, duidelike boodskap van die Skrif. Die logika van die geloof hoef ons nie deur ‘n moeisame weg van selfondersoek te ontdek nie; God openbaar Homself in sy Woord. Die hoorders hoort by die Woord. In die Woord ontdek die mens dat hy deur God aanvaar is, daarom mag hy met reg homself aanvaar. In God se aanvaarding word hy verlos van selfgerigtheid.

Ons moet die logika van die geloof aanleer in ‘n proses van luister na die Woord; luister binne ons eie konteks na mekaar as broers en susters in die gemeente; maar veral luister na God se stem; luister totdat ons die fluistering van die Gees hoor.

Gereformeerdes leer ‘n herwaardering van gebed. ‘n Gereformeerde Christen kan ook getuig van ‘n ervaring: die ervaring van God se goedheid; die ervaring van God se genade. Hoe kom ons tot hierdie ervaring? Nie langs die weg van een of ander mistieke ervaring nie, alleen deur ‘n eenvoudige gebed. Die vraag wat Calvyn aan gereformeerdes stel is watter plek neem gebed in ons teologie, ons kerk, ons lewens in?

Die slotsom waartoe gekom word is:

- dat ‘n teologiese stelling op grond van geloof alleenlik in God se openbaring in Jesus Christus volgens die Skrif, genoegsaam is; genoegsaam om die mens tot ware selfkennis te bring, tot ware selfaanvaarding en tot ware gebed. Die logika van die geloof kan nie afgelei word van menslike rasionaliteit en ervaring nie. Die logika van die geloof leer ons uit die Skrif onder leiding van die Outeur, die Heilige Gees.<sup>1090</sup>

- Gebed is wesenlik deel van die logika van die geloof.<sup>1091</sup> Om die ervaringskant van ‘n gereformeerde teologie na vore te bring moet gefokus word op gebed. Gebed is die ervaring van wie God regtig is. Gebed is die beoefening van die logika van die geloof. Anders gestel: Gebed is die beoefening van my nuwe identiteit in Christus.

Ek sluit af met die volgende aanhalings:

Ebeling:

*‘Was heißt hier aber Gehörtwerden? Doch wohl: Angenommen-Sein. Dann läßt sich das Gebet als Übergabe verstehen, in der sich der Beter mit dem ganzen Kontext seiner Umwelt – darum das Gewicht der Fürbitte! – Gott ausliefert. Er begibt sich mit seiner Situation in*

---

<sup>1090</sup> In sy brief aan Sadolet, neem Calvyn basies standpunt in na twee kante. ‘We are assailed by two sects, which seem to differ most widely from each other. For what similitude is there in appearance between the pope and the Anabaptists? And yet, that you may see that Satan never transforms himself so cunningly as not in some measure to betray himself, the principal weapon with which they assail us is the same. For when they boast extravagantly of the Spirit, they inevitably tend to sink and bury the Word of God, and to make room for their own falsehoods.’ (Calvin 1954: 230)

<sup>1091</sup> Calvyn se opmerking in sy brief aan Sadolet: ‘I have also no difficulty in conceding to you that there is nothing more perilous to our salvation than a distorted and perverse worship of God.’ (Calvin 1954:229)

*seine Grundsituation. Damit kommt er erst wahrhaft in seine Situation 'hinein' – das Beten entdeckt vielfach erst, wo und wie man sich eigentlich befindet.*<sup>1092</sup>

En Schäfer:

*'Das Gebet muß immer wieder, wenn es wahr sein soll, vom egoistischen Wunsch ausgehen. Aber es bleibt nicht dabei stehen. Im Ringen mit der das Erbetene verweigernden Übermacht öffnet sich eine Erfahrung, die Kierkegaard so beschreibt: Der Beter zieht aus in den Streit und siegt damit, daß Gott siegt. – Unserem Willen erscheint Gott als gegnerischer Wille. Und das Gebet ist der Ort, an dem sich unsere Kraft hinaufsteigert zur Ergebung. Ergebung ist zu unterscheiden von der alles fahren lassenden Resignation und von der gegen das schicksal stumpf gewordenen Unerschütterlichkeit. Ergebung ist die Kraft, dem zerstörisch erscheinenden übermächtigen Willen in die eigene Lebendigkeit aufzunehmen.'*<sup>1093</sup>

Calvyn se gebed na aanleiding van sy voorlesing uit Esegïel 20:40-44:

*'Omdat wij een gegronde hoop hebben, zijn wij reeds den voorhof onzer eeuwige erfenis binnengetreden. Wij weten, dat ons een plaats in den hemel bereid is, daar Christus, ons Hoofd, als Eersteling onzer verlossing, dáár is. Geef ons dan, o almachtige God, dat wij steeds weer ons benaarstigen op het pad van Uw heilige roeping, totdat wij eindelijk het doel bereiken in gindsche heerlijkheid, waarvan Gij ons het begin reeds hier op aarde te genieten geeft, door Christus, onzen Heer. Amen'*<sup>1094</sup>

---

<sup>1092</sup> Ebeling, G 1975, 426-7.

<sup>1093</sup> Schäfer 1968:127.

<sup>1094</sup> Calvijn, J 1940. *Gebeden van Calvijn*. vert A. G. Barkey Wolf. Den Haag: D. A. Daamen n.v.